DIE FENOMEEN COCA-COLA

# vrye weekblad


30 SEPTEMBER - 13 OKTOBER
R5,00

ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE



# DIE VELE TONGE VAN AFRIKAANS

*Kô ôs sabela 'rie taal soes 'ie people*


Die TV is op die koffie. Die
alarmstelsel slaap rustig. Die
swembad het g'n saak met
skoonmaak. Skoenrieme
breek. Jeans krimp. Knope
spring op die onmoontlikste
tye van jou hemp af. En as sy
net wou bel sou jy nie jou
antwoordmasjien hoef gaar
te luister nie. Ja-nee, jy kan
maar sê ek waardeer die
dinge in die lewe wat werk.

# Die lewe kan net lekkerder wees met die nuwe Corolla.

Jy kan enige van die nuwe Corollas op enige stuk pad vat en self voel hoe lekker die lewe regtig kan wees.

Skop af met die ratse 130. Hy't 'n enjin wat daarvan hou as jy voet in die hoek sit, en hy sal vir jou 'n lewendige vertoning gee wat gekoppel is aan merkwaardige brandstofdoeltreffendheid.

Volgende aan die beurt is die multi-klep 160i met elektroniese brandstofinspuiting. Hy's net so tuis in spitsverkeer as op die lang pad en hy sal sorg dat jy nooit in enige situasie onkant betrap word nie.

En dan is daar die nuwe Corolla 180i. Sy dubbelbonokas-enjin is 'n regte grootmeneer met versnelling wat jou na jou asem sal laat snak en sorg dat stadsverkeer, steiltes en sleep lag-lag kafgedraf kan word. Maar selfs met al die krag is 'n rit in die 180i verrassend glad en stil.

Maar ons het nie al die aantrekkingskrag van die nuwe Corolla onder die enjinkap weggesteek nie. Die kajuit is propvol van die weelde en gerief wat jy verwag, terwyl die bakwerk nou spog met strelende, aërodinamiese lyne.

Maak jouself tuis in iets waarop jy regtig kan vertrou en vind uit hoe lekker die lewe regtig kan wees.

Alles loop reg, altyd reg

TOYOTA

C O R O L L A




COROLLA REEKS: 130, 160i GL, 160i GL OUTO, 160i GLE, 180i GL, 180i GLE, 180i GSE, 180i GSE OUTO, 180i GSX. TOLVRY INFOLYN: 0800 139111

# GEE U BESTUURSGELEENTHEDE 'n HUPSTOOT MET UNISA SE FUNDAMENTELE BESTUURSPROGRAM (FBP)

REGISTREER VOOR 27 NOVEMBER.

Unisa se Nagraadse Skool vir Bedryfsleiding (SBL) se Fundamentele Bestuursprogram oorbrug die gaping in bestaande bestuurontwikkelingsprogramme. Dit verbreed die kennisgrondslag van junior bestuurders en kleinsakeondernemers regoor die spektrum van handel en nywerheid deur die klem te plaas op vereiste vaardighede.


**Die nuutgefokusde FBP rus deelnemers toe met bestuursgerigte insig wat hulle help om alle funksies van bestuur op toetreevlak doeltreffend te hanteer.** Dit bied ook meer omvattende begrip van bestuursbeginsels en -praktyk en lê sodoende 'n grondslag vir toekomstige vordering op die korporatiewe leer. Die FBP verskil van tradisionele benaderings deurdat dit bestuursontwikkeling in 'n pragmatiese, resultaatgedrewe lig beskou. Klem word op die ontwikkeling van vaardighede en persoonlike ontwikkeling geplaas – die gevolg van intensiewe navorsing wat by 22 vooraanstaande Suid-Afrikaanse ondernemings gedoen is. Programteorie word aangevul deur 'n praktiese benadering tot bestuur.

Ingesluit by die program is 'n gespesialiseerde Personeelbestuurskeuserigting vir deelnemers wat belangstel in 'n loopbaan in menslike hulpbronbestuur.

Die FBP begin op 1 Februarie en duur 9 maande.


Vir u FBP programbrosjure met volledige besonderhede, skryf asseblief aan:

Die Mededirekteur: FBP
SBL Unisa
Posbus 392
Pretoria 0001
Of skakel Deanna Vogét
by 012-322-6777
(Faks 012-320-0421)




SBL
NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

LEIERSKAP IN DIE PRAKTYK




**11** Hoewel die presiese omstandighede van Matthew Goniwe en sy drie kollegas se moord in Junie 1985 nie aan die lig gekom het nie, het die lang Goniwe-saak baie lig gewerp op die prosedures in, en die onmin onder die verskillende veiligheidsdienste wat by die saak betrek is



**13** Afrikaans is deur baie migrasies regdeur die land geslyp en geskaaf tot 'n hele klomp kleurryke streektale, waarvan Kaaps straks nou die sterkste na vore tree. Subkulture soos gangstertaal, diskotaal, dorpstaal het ook nuwe, onkonvensionele, bloed by die taal gevoeg

**28** Méér mense op dié planeet weet van Coca-Cola as wat van maanreise, die atoombom of Aids weet. Min simbole het die wêreld tot die spreekwoordelike groot dorp gebind soos Coke. En, so glo Coke - en die wêreld - daar sál altyd Coke wees




vrye weekblad

30 SEPTEMBER 1993

TWEEDE REEKS Nº 8

**BRIEWE VAN ONS LESERS** 52

**KORTBEGRIP** 6

**POLITIEK**

BROERS DROS IN HONDERDTALLE 9
GENERAALS EN KAMERADE 10
"WIT ZOELOE" SÊ VOLKSTAAT OF OORLOG 12

**AKTUEEL**

VOLKSGENESERS EN BOTANISTE SPAN SAAM 22
LANDMYNE: WAPENS WAT VREDE NIE KEN NIE 25
WIE SAL VANDAG OORLEEF? 26
DONKERHOEK HYS SY (ONWETTIGE) MAS 27
SLENTER OF SLAG MET GELD 31

**OMGEWING**

ST LUCIA: WIE SE GROND EINTLIK? 23

**BOEKE**

VAN DIE DUIWEL TOT BY NATANIËL 43
SAKEBOEKE 44
JAGGER BLY LEEF 45
PHAMBILI FLOREER OP POLITIEK 46

**KUNS EN VERMAAK**

DIBANGO-KOORS LOOP HOOG 24
CATHERINE DENEUVE SE TALENT 32
TINA TURNER SE WAARHEID 33
KUNS KÁN KWYN IN SA 38
DANS, JA, MAAR PASOP VIR SPRING 39
TEATER: DIE VIERDE MUUR VAL 42

**RUBRIEKE**

VLIEG IN DIE SALF 8
POP 35
KLASSIEK 37
FILMRESENSIES 40
FYNPROE 47
WYNPROE 48
ONTDEK 'N EETPLEK 48
KLIPOOG OOR TV 50
BROLLOKS 51

**SPORT**

DIE GROOTGAT-FAKTOR 49

**LAASTE SÊ:**

TONY LEON OOR DP-LEIERSKAP 54

# mense en dinge

**CATCH 22:** Danie du Toit, mnr Telkom, ontken dat hy die ANC steun, al steun hy wel die ANC se teenkanting teen die regering se toewysing van sellulêre foondienste. Seg hy aan *Sake-Beeld:* "By Telkom het ons gedink dit sou wonderlik gewees het as ons die enigste verskaffer kon wees. Sou u, as joernalis, nie net so goed gevoel het nie as *Beeld* die enigste dagkoerant was wat toegelaat word nie?" Maar Telkom verloor tog sy monopolistiese droom en word deel van die private konsortium wat die uiters lonende kontrak kry.

**MET APOLOGIE:** Apla sal "genoop" wees om Umkhonto we Sizwe-lede van 'n voornemende Nasionale Vredesmag op dieselfde manier te skiet soos hulle met lede van die wit veiligheidsmagte "moet" doen. "Dis ongelukkig, maar dis onvermydelik," verduidelik Aplaleier Sabelo Phama aan Sunday Nation.

**WELVERDIENDE RUS:** Die voortslepende Goniwe-verhoor is wéér uitgestel. Regter Zietsman gaan met langverlof - tot 7 Februarie.

**SAK SAREL:** Dit mag wel *klink* of die regering R100 miljard per jaar aan die sg tuislande skenk, soos *VWB* Max Coleman in die vorige uitgawe aangehaal het: dit was net R14 miljard, waarvan R3 miljard aan KwaZulu gegee is.

**DÁÁR'S PITTE:** Porno, politiek en pop floreer in Engeland: lady Margaret Thatcher is die rykste politikus met R327 miljoen; Paul Raymond die rykste pornograaf met R7 800 miljoen en Paul McCartney die rykste popster met R2 482 miljoen.


**MODDERBED:** Die volledige skelet van die oudste dinosourus, Euskelosourus, is by Ladybrand gevind. Dis 210 miljoen jaar oud - glo goed bewaar deur Ladybrand se modder.

**ONVEREERDE PROFEET:** Uittredende uitgewer Koos Human meen dis 'n onreg dat André P Brink nooit vereer is met die groot Afrikaanse letterkundige pryse nie (lees Hertzogprys). Joan Hambidge vra tereg: wil Brink uit daardie garde vereer word? Tog meen baie dat Human se swanesang as uitgewer van Brink se jongste roman, *Inteendeel*, en gelykertyd *On the Contrary* nog die Hertzog gaan losslaan.

**SAPPIG:** Ol' Blue Eyes Frank Sinatra en Julio Iglesias sing/neurie/sanik/grom saam "The Summer Wind" op Sinatra se nuwe (sic!) plaat. Hulle noem dit nostalgie- of seniliteit, en glo dit gaan soos soetkoek verkoop - of moet ons dit vir soetkoek sluk?

**AAPSTREKE:** Rubriekskryfster Suzette Mafuna is so sat van die plaaslike swart beheptheid met als Amerikaans dat sy waarsku: "...most Americans know how to buy souls... any smart African is supposed to know that whenever an American says you're cute, it's time to get worried and suspicious because he's probably linking you with his 'cute' chimpanzee."

**GEE DIE REG, OF...:** Nog 'n boikot teen die verkiesing kom uit die Rural Women's Forum wat deur hul stedelike susters van die Women's Coalition "verraai" is deur 'n versoek aan die Onderhandelingsraad dat plattelandse vroue vir twee jaar eers nie onder die Handves van Menseregte beskerm word nie - totdat die stamwette eers deeglik hersien is. Menseregte, of boikot, sê dié (baie groot) groep.




*Sowetan*

# koerante sê

**SOWETAN, 13 SEPTEMBER:** When President FW de Klerk announced that he had sent troops and 30 crack detectives to the area (East Rand) and offered rewards of up to R380 000, we believed that the Government was at last taking the violence seriously. The results so far don't confirm this.

**BEELD, 17 SEPTEMBER:** Die jongste debakel rondom die toekenning van 'n tweede lisensie vir 'n sellulêre telefoondiens laat heelwat vrae oor die optrede van die ANC ontstaan.
Die gewoonte wat dié organisasie het om tot op die laaste te wag met sy besware en dan eise te stel, is nie net irriterend nie; dit getuig ook van 'n amateuragtige benadering van die ekonomie en 'n arrogansie wat die gevaarligte laat flikker.

**THE STAR, 21 SEPTEMBER:** A large number of students at the University of the North has neglected or refused to pay fees, with the result that the university - one of South Africa's "historically black universities" - faces a potentially crippling crisis. This situation is replicated at all of the predominantly black universities.

**BUSINESS DAY, 22 SEPTEMBER:** In its sudden embrace of all the things it once opposed on principle, like democracy, federalism, the rule of law and civil rights, the National Party should not be allowed to forget accountability. That means that government and in particular its Ministers, are accountable to Parliament for their actions.

**SOWETAN, 22 SEPTEMBER:** The latest report of the Auditor-General on State spending makes for disturbing reading. As in previous reports, the Auditor-General is unable to make a public finding on the appropriation of funds for the clandestine activities of the South African Defence Force.

**SUNDAY NATION, 26 SEPTEMBER:** While we welcome the passing of the Bill (Transitional Executive Bill) it would be folly to believe that it will change our situation overnight. This is because, for a start, the ambit of the Bill is very limited. In fact, limited to preparing ground for the elections.

**SUNDAY TIMES, 26 SEPTEMBER:** South Africa has had too many "moments of history" in its recent past for the nation to stand still and contemplate, let alone celebrate, the events of the week. Yet they were seminal. ANC leader Nelson Mandela ended sanctions in a few words at the United Nations, thus dispatching the ghoul his own organisation had summoned to pressure the government.

vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
JOEY FLEETWOOD

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NARIKE LINTVELT

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is **(011) 837-7017** en die faksnommer **837-3567.** Die Pretoria-kantoor se nommer is **(012) 83-4879** en die faksnommer is **83-2181**

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.

# so sê hulle

*"Ek kan my niks meer embarrassing voorstel as om in 'n ad van Die Kerkbode te verskyn nie."*
**NATANIËL** nadat sy Hooggeregshof-aansoek misluk het om *Die Kerkbode* te verbied om 'n foto waarop hy verskyn in advertensies te gebruik

*"Iets het my dit laat doen - ek kon net nie ophou nie."*
**JACOBUS GELDENHUYS,** die Norwood-verkragter, wat laasweek vyf keer ter dood veroordeel is

*"I respect him. He is smart... I still see him as a man of integrity."*
**NELSON MANDELA,** president van die ANC, oor Staatspresident FW de Klerk

*"Die KP het nie net sy eie saak onberekenbare skade berokken nie, maar net soos sy optrede vroeër vanjaar met die bestorming van die World Trade Centre, het hy 'n karikatuur van regse Afrikaners gemaak."*
**MARTHINUS VAN SCHALKWYK,** NP-woordvoerder oor die KP se onttrekking aan die parlement ná wetgewing oor die instelling van die Uitvoerende Oorgangsraad aanvaar is

*"Die regering se gevaarlike naïwiteit is besig om te grens aan onkunde."*
**GENL-MAJ TIENIE GROENEWALD,** lid van die AVF se direktoraat, oor die aanvaarding van wetgewing oor die Uitvoerende Oorgangsraad


*"Daar het nou genoeg mense gesterf. Ek leer my eie seun dat hy nie meer die Israeli's moet haat nie."*
**ALI HALIMEH,** die PBO se ambassadeur in Harare

*"Roelf, jy is 'n veragtelike verraaier!"*
**JAN HOON** van die KP aan Roelf Meyer toe die Uitvoerende Oorgangsraad in die parlement bespreek is

*"Dit is opvallend dat die Polisie dit bevestig wanneer hulle iemand met 'n ANC-lidmaatskapkaart in hegtenis neem. Hoekom doen hulle dit nie wanneer hulle iemand van die NP in hegtenis neem nie?"*
**RONNIE MAMOEPA** van die ANC oor beweringe dat kokaïne-smokkelaars wat gevang is, ANC-lidmaatskapkaarte gehad het

*"Ek weet Michael sal dol wees op my nuwe rolprent wanneer dit klaar is."*
**BROOKE SHIELDS** op die vraag wat sy dink van die bewerings rondom haar vriend Michael Jackson


*"Wanneer is jy nou regtig 'n mens van karakter of 'n mens van integriteit? Wanneer jy doen wat mense dink wat reg is - of omdat jy in jou siel oortuig is jy doen die regte ding?"*
**DR PIET KOORNHOF, voormalige kabinetslid en ambassadeur wat nou vaderskap van Marcelle Adams se baba aanvaar het.**




**Grogan in die *Sunday Times*.**

# het jy geweet?

Die opgetekende geskiedenis begin in die Tigris-Eufraatvallei in Mesopotamië, waar die Sumeriërs ná 4000 vC met beeldskrif op kleitablette begin rekord hou het van hul doen en late. 'n Spykerskrif (saamgestel uit wigvormige tekens) met 'n volledige sillabiese alfabet is teen omstreeks 3000 vC ontwikkel. Verskeie buurvolke het dié alfabet oorgeneem en aangepas by hul eie tale. Die fonetiese alfabet wat die Fenesiërs teen sowat 1600 vC ontwikkel het, is die voorloper van alle alfabette in Europa, die Midde-Ooste, Suidoos-Asië, Ethiopië en Korea.




***Sowetan***

*"Pietie se ma het gesê sy sal hom doodmaak as hy weer by die swartetjies se huise gaan speel. Toe gaan speel Pietie weer daar en toe maak sy ma hom dood... net soos ek enigiemand sal doodmaak wat hierdie radiostasie gaan probeer sluit."*
'n Onbekende man oor Radio Pretoria

*"Die Here verhoor ons gebede dat ons radiodiens nie toegemaak word nie. Een mens en God vorm klaar 'n meerderheid."*
**DS HENNIE VAN DER MERWE,** wie se faksboodskap voorgelees is op Radio Pretoria

*"Hy is 'n goeie sakeman en hy kry 'n geweldige spul publisiteit uit hierdie ding."*
**MINISTER GEORGE BARTLETT** oor Pick 'n Pay-baas Raymond Ackerman

# VLIEG IN DIE SALF



MAX DU PREEZ

# Die goue randjie aan die einde van die tonnel

STAAN môre-oggend vroeër as gewoonlik op, loop flink om die blok en ervaar die lente - en gaan sit dan eerlik en vra jouself: gaan dit regtig so sleg in Suid-Afrika as wat jy dink?

Ek dink nie so nie. Om die waarheid te sê, ek dink dit gaan glad nie te vrot nie, dankie. Hier is my getuienis.

Die onderhandelinge vir 'n demokratiese bestel het pas sy eerste konkrete produk gelewer: die Uitvoerende Oorgangsraad, die eerste swart seggenskap in nasionale sake. En dit in net drie jaar se onderhandelinge tussen partye wat vier jaar gelede mekaar as die boosheid self gesien het en mekaar met geweld wou uitwis.

En ten spyte daarvan dat die twee hoofpartye, die regerende Nasionale Party en die ANC, reeds in 'n soort verkiesingstryd gewikkel is, is daar 'n basiese goeie verhouding tussen die hooffigure soos Cyril Ramaphosa, Thabo Mbeki, Roelf Meyer en Dawie de Villiers. Net laasweek het die twee hoofleiers, Nelson Mandela en FW de Klerk, hartlik in Washington bladgeskud en het Mandela van De Klerk gesê: "I respect him. He is smart... I still see him as a man of integrity."

Daar is weliswaar mense in die NP-kabinet wat steeds 'n diepe paranoia jeens die ANC koester - mense soos Hernus Kriel. Maar toe Kriel laasweek met 'n skerp aanval op Mandela kom, is hy breed veroordeel - selfs deur die dagblad Beeld en Die Kerkbode.

Daar was 'n vlaag van internasionale welwillendheid ná Mandela se VN-versoek dat sanksies nou opgehef en in Suid-Afrika belê moet word. Dit kan die ekonomie net goed doen - 'n ekonomie wat glad nie so nagdonker is as wat sommige wil voorgee nie. En die inflasiekoers bly onder 10 persent.

Die regse Antjie Somers blyk nou nie veel meer as dit te wees nie: 'n Antjie Somers. Die "burgeroorlog" wat moes uitbreek, was toe niks meer as die KP se koshuis-kaskenades in die Parlement nie, en Radio Pretoria het 'n aanduiding gegee dat 'n klomp patetiese, verlore ou siele in die hart van die regses sit met geen aantrekkingskrag vir jonger, moderne mense nie.

Maar belangriker: Die Ferdi Hartzenbergs, Eugene TerreBlanche's en Mossie van den Bergs is duidelik op die kantlyn terwyl Constand Viljoen die sentrale figuur word. Sy baanbrekende gesprekke met die ANC is 'n teken dat hy 'n heelwat meer realistiese en verantwoordelike leier is wat as generaal wéét wat die koste van oorlog kan wees.

Geweld bly 'n bron van neerslagtigheid vir ons almal. Maar die jongste vlaag geweldpleging het weer gewys dit is nie "spontane" geweld nie. Oor die laaste drie jaar is daar 'n duidelike patroon dat geweld skerp eskaleer wanneer daar 'n belangrike politieke deurbraak is, en dit het nou weer gebeur. Dit is dus georkestreerde geweld, wat beteken dit is makliker om tot 'n einde te bring.

Tot onlangs het die meeste politici en politieke kenners geglo die vlakke van geweld in Suid-Afrika is te hoog om 'n verkiesing te kan hou.

Dié denke is stadig besig om te verander. Daar is 'n nuwe aanvaarding dat Suid-Afrika nie gou heeltemal sonder geweld gaan wees nie, so grondwetlike vordering moet gemaak word al is daar steeds konflik. Die regering en die ANC is nou vasbeslote om die Oorgangsraad in te stel, wat ook al die vlak van geweld.

Daar is 'n nuwe besef dat Suid-Afrika 'n hoë toleransievlak vir geweld het. Weens 'n lang geskiedenis van geweld is dit al amper deel van die kultuur. Bloedige slagtings in die townships is vir die meeste mense wat nie regstreeks daarby betrokke is nie, nie veel meer as tonele op TV nie.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat die geweld, hoe verskriklik dit ook al is, net in 'n paar dele van die land voorkom en meestal daar geïsoleer bly: die townships oos van Johannesburg en dele van plattelandse Natal rondom Pietermaritzburg.

As die vlak van geweld na selfs net effens laer as huidige vlakke verlaag kan word, kan 'n verkiesing selfs gehou word sonder 'n te groot gevaar dat die uitslag deur groot dele van die bevolking verwerp word en tot 'n werklike burgeroorlog lei, soos in Angola gebeur het.

Maar, soos Angola bewys het, dié risiko is baie hoog. Die eerste prys is steeds om minstens Buthelezi se Inkatha in die onderhandelingsproses in te bring en vreedsaam aan die verkiesing te laat deelneem. As Buthelezi by die onderhandelings betrek is, sal dit waarskynlik beteken dat die wit regses se tande ook grotendeels getrek is, want op die oomblik skuil die regses baie agter die sogenaamde "Zoeloes wat net soos ons voel".

DIE ENIGSTE MANIER waarop Buthelezi bereid gaan wees om 'n kompromis aan te gaan, is as die tussentydse grondwet wat nou in onderhandeling beding word, heelwat sterker klem op streeksoutonomie gaan lê met sterker waarborge vóór die verkiesing.

De Klerk het reeds privaat aan Buthelezi 'n onderneming gegee dat dit is wat hy nou by die ANC gaan soek. Die probleem is net dat die ANC tot dusver verreweg die meeste toegewings in die onderhandelinge moes maak en min of meer by sy bottomline uitgekom het. Veel meer toegewings kan die ANC 'n groot deel van sy ondersteunerskorps kos - en dit sal 'n ramp vir die ANC én die onderhandelingsproses wees.

Daarom is daar 'n ander strategie wat besig is om veld te wen: onderhandel die tussentydse grondwet tot by die ANC se bottomline, en hou dan 'n landwye referendum daaroor as Inkatha en die regses nog nie wil saamspeel nie. Dit is redelik veilig om te aanvaar dat die oorgrote meerderheid landsburgers vir die voorgestelde grondwet sal stem, en as dit eers demokraties bewys is dat Inkatha en die Afrikaner Volksfront net sowat 10 persent steun het vir hul teenstand teen grondwetlike vordering, sal dit baie van die wind uit hul burgeroorlog-seile neem.

Die punt is: daar ís opsies wat gevolg kan word.

Daar gaan beslis nog 'n paar rangeerprobleme wees, selfs 'n paar stompe op die spoor, maar soos dit nou lyk, stoom die lokomotief van die geskiedenis met vaart voort.

'n Bietjie meer positiewe denke en geesdrif kan net verder momentum gee. ■

# die stuiptrekkings...

## Die eens magtige Afrikaner Broederbond is vandag 'n organisasie met geldprobleme en vlaag op vlaag bedankings, skryf **HENNIE SERFONTEIN**



VERLEDE Saterdag het die geheime Afrikaner Broederbond (AB) hul lang verwagte Bondsraad - in wese hul nasionale kongres - gehou om finale en beslissende besluite oor die organisasie se toekoms te neem.

Dat die Bondsraad met twee maande vervroeg is van November na September, wys hoe kritiek die interne krisis is waarin die AB die laaste agt maande deur die onthullings van *Vrye Weekblad* en ander gebeure gedompel is.

Trouens, die Bondsvergadering is reeds met 'n jaar vervroeg, want dit word net elke twee jaar gehou - en daar was al een in 1992.

Die talle bedankings, skielike vermindering in inkomste en al hoe meer verwarring en verskille in AB-geledere oor of en hoe die organisasie moet voortbestaan, het die AB-leierskap verplig om die Bondsraad baie vroeër byeen te roep.

Daar word selfs van "paniek" in AB-geledere gepraat, sê verskeie AB-lede die laaste tyd in gesprekke met *VWB*.

Die een groot onverwagse probleem is dat die AB met 'n "kontantvloei"-probleem te doen het weens die bedankings. Die AB moes al tot 700 bedankings in een maand prosesseer, verneem *VWB*. Vroeër vanjaar was die totale lidmaatskap net oor die 20 000 waarvan 17 500 aktiewe lede was.

Daar is ook 'n aantal lede in sekere streke wat nie bedank nie, maar eenvoudig weier om verder hul jaargelde of maandelikse aftrekkings te betaal.

Enersyds het hulle probleme met hul voortgesette lidmaatskap omdat hulle vrees dat hulle in hul werksfere as akademici, professionele en sakelui of staatsamptenare erg benadeel kan word as die ANC by bewindsoorname hul lidmaatskap van die geheime AB ontdek.

Andersyds is dit vir hulle 'n verleentheid om sommer uit die AB te bedank - hulle is bang dat dit kan later deur die Afrikaner-establishment teen hulle gehou word en dat dit in sekere mate ook hul werk en sosiale lewens kan affekteer.

Deur nie lidmaatskapgelde te betaal nie, wil hulle hul misnoeë met die AB se voortbestaan as geheime organisasie uitspreek, en druk plaas op die UR om die AB in 'n ope normale kultuurorganisasie om te skep.

Die AB-leierskap meen weens al die verwikkelinge blykbaar dit is finansieel onmoontlik om in dieselfde omvattende wyse as in die verlede te bly werk. Daar is 'n hoofkantoor in Die Eike in Aucklandpark, Johannesburg, met 'n personeel van ses organisasie-beamptes en 20 vroue vir die administratiewe werk onder leiding van Naudé Botha, vanjaar al 30 jaar lank die hoofsekretaris.

Blykbaar is die AB se fondse nie onuitputbaar nie. En die sterk Christiaan de Wet-Fonds, wat al dekades lank bestaan, kan nie vir gewone lopende uitgawes gebruik word nie.

Trouens, *VWB* verneem dat in die indringende debatte onder lede van die selle (afdelings), streke en gebiede daar lank gepraat is wat van die De Wet-Fonds moet word as die AB heeltemal sou ontbind - soos in sekere kringe die laaste tyd al hoe meer op aangedring word.

Sommige glo die fonds moet gebruik word vir ontwikkelingsprojekte onder "agtergeblewe" groepe. Maar meestal is die gedagte dat dit ter bevordering van "ware" Afrikanerkultuurbelange aangewend moet word, en nie vir politieke aksies waarmee die AB die meeste van die tyd in sy 75-jarige bestaan te doen gehad het.

VERSKEIE AB-DOKUMENTE van vroeër vanjaar wys dat die AB-leierskap feitlik oornag besluit het om die Bondsraad met twee maande te vervroeg.

In omsendbriewe aan selle en streke in April word 'n tydskedule uitgespel waaraan voldoen moes word voordat 'n Bondsraad kon plaasvind. Daarvolgens is daar 'n proses van interaksie tussen selle, streke en gebiede. Die gebiedsrade sou dan teen einde Augustus hul modelle aan die UR voorlê.

In Oktober sou die UR dit verwerk en die finale voorstel eers weer terugstuur aan al die selle. Die selle moes dan aan hul afgevaardigde 'n mandaat gee hoe om op te tree by die Bondsraad.

Uit die omsendbriewe van Mei is dit duidelik dat die UR blitsnel hul planne verander en die tyd dramaties verkort het.

Dit blyk ook dat lede tydens byeenkomste in Mei ingelig is oor die reëlings vir die buitengewone Bondsraad. Maar geen datum of plek word gegee nie - baie duidelik om die lekkasies, wat nog ondersoek word, te voorkom. Maar tog is erken dit sou in die PWV-gebied plaasvind.

Absolute geheimhouding is gehandhaaf. Net die afgevaardigdes van selle sou regstreeks deur die Hoofkantoor van die datum en omgewing in kennis gestel word. Meer as 90 persent van die lede het dus nie geweet van die besonderhede van die reëlings nie - 'n aanduiding van onderlinge wantroue.

Die byeenkoms was die grootste Bondsraad in die geskiedenis. Want elkeen van die 1 300 selle kon een afgevaardigde stuur - waar dit in die verlede net een vir elke drie selle was. Daarby kom nog verteenwoordigers van die streke en gebiede.

Volgens een dokument was die besparing van reis- en verblyfkoste duidelik 'n baie belangrike saak.

Die Hoofkantoor betaal aan streke 'n reiskostesubsidie. Maar dit word lede op die hart gedruk dat hulle sover moontlik moet saamry om koste te beperk, dat hulle by ander lede in die PWV-gebied moet tuisgaan en hotelkoste moet vermy en dat hulle vroeg vliegtuigbesprekings moet doen sodat hulle op 'n verminderde tarief kan aanspraak maak.

Volgens 'n konsepgrondwet wat in April aan die lede uitgestuur is, word die naam na "Die Afrikanerbond" verander. Die kwalifikasie van "blanke" val weg en niks word oor geslag gesê nie.


Soos vroeër vanjaar in *VWB* berig is, was die uitslag van die referendum, waarin elke lid individueel sy mening moes uitspreek, baie sterk ten gunste daarvan dat die geheimhouding moet voortduur - 79 persent het gesê die AB moet as 'n "vertroulike organisasie" voortbestaan. Sowat 96 persent stem saam dat die AB-missie die bevordering van Afrikaner-belange bly. 88 persent sê "geheimhouding" van keuring en lidmaatskap moet gehandhaaf word. 84 persent sê dat 'n individuele lid mag sy lidmaatskap bekend maak in bepaalde omstandighede. 83 persent sê "die vertroulikheid" van werksaamhede moet gehandhaaf word.

Meer as 90 persent was ten gunste daarvan dat "uitgesoekte dokumente" van die AB soms bekend gemaak kan word, en dat segsmanne aangestel moet word om die AB in die openbaar te verteenwoordig. En 76 persent het gesê lidmaatskap moet tot mans beperk word.

Inderdaad 'n organisasie in 'n oorlewingskrisis. Maar voor kritici van die AB begrafnis hou, moet hulle te onthou: selfs 'n sterwende perd kan nog 'n paar laaste skoppe gee.. ■



Constand Viljoen, toe hy nog soldaat was



Thabo Mbeki, super-diplomaat

# die generaals en die kamerade

## Solank die regses met die ANC praat, kan die onmoontlike gebeur

deur hennie serfontein

DAT die ANC en die Afrikaner Volksfront steeds met mekaar prááт, is die belangrikste aspek van die geheime, indringende gesprekke die laaste ses weke tussen dié twee partye.

Solank hulle bly praat, kan die onmoontlike gebeur - hulle kan dalk tot 'n pragmatiese vergelyk kom oor 'n soort eie streek met 'n wit meerderheid.

Só word dié samesprekinge - wat vriend en vyand onkant gevang het - aan *Vrye Weekblad* beskryf deur mense wat daarby betrokke is.

Dié verwikkeling is een van die belangrikste politieke gebeure sedert die onderhandelingsproses ná 2 Februarie 1990 ontplooi het.

En terwyl die KP soos harlekyne in die Parlement tekere gaan, het Constand Viljoen hom nou gevestig as die sentrale figuur in die konserwatiewe wit politiek en die enigste regse leier met visie wat daadwerklik vir sy mense wil beding.

Nelson Mandela het onlangs gesê as dit nie vir Viljoen was nie, was Suid-Afrika dalk al baie nader aan 'n burgeroorlog.

Die ANC se begeerte om met regse Afrikaners te praat om hul vrese te besweer, loop soos 'n goue draad deur hul onderhandelingstrategie die laaste 42 maande.

Joe Modise, die hoof van MK, het tydens die Grootte Schuur-beraad in Mei 1990 aan *Vrye Weekblad* gesê: "Ons moet so gou moontlik met die regses begin praat, want hulle is 'n belangrike magsblok. Dit help niks dat ons en die regering ooreenkomste sluit nie - en daar buite is 'n miljoen mense, bang en kwaad, en baie tot die tande toe bewapen."

Onmiddellik ná die Grootte Schuur-ontmoeting was daar 'n gesprek tussen Carel Boshoff van die Afrikaner Vryheidstigting en Thabo Mbeki, Jacob Zuma en Aziz Pahad van die ANC. Dit is opgevolg met verskeie ontmoetings met ultraregse splintergroepe soos die Boere Weerstandsbeweging (BWB).

MAAR DIE KONSERWATIEWE Party (KP), die AVF se grootste komponent, het meer as drie jaar lank botweg geweier om amptelik enigiets met die ANC te doen te hê.

Maar die groot deurbraak vir die ANC in regse geledere het ironies gekom ná die AVF se stigting in April toe Constand Viljoen na vore getree het as die leiersfiguur, bygestaan deur drie voormalige weermag- en polisie-generaals.

Insiggewend gesels net Viljoen, Tienie Groenewald en Coen Visser amptelik namens die AVF met die ANC. In die AVF-delegasies in die bilaterale onderhandelinge met die regering is daar altyd ook KP-LP's en AWB-lede saam met Viljoen.

Die gesprekke met die ANC skep duidelik interne probleme vir die KP en die breë regse alliansie. Opmerklik praat die generaals nie saam met KP-leiers in hul jongste wilde uitsprake oor 'n "heilige oorlog" wat hulle gaan ontketen nie. Viljoen het meermale beklemtoon: hy veg om vrede te bewerkstellig.

Dit lyk egter of baie KP-ondersteuners al hoe meer besef samesprekinge met die ANC is onvermydelik en al manier om werklik 'n toekoms vir bevreesde regse Afrikaners te beding. In 'n onlangse gesprek met ANC-leiers was twee KP-LP's teenwoordig - Piet Gouws (Parys) en Dries Bruwer (Lydenburg). Albei is bekend vir hul vuurvreteruitsprake as voorsitters onderskeidelik van die Vrystaatse en die Transvaalse Landbou-unie.

Dit is egter nie duidelik of die ontmoeting deel was van die amptelike gesprek tussen die generaals en die ANC nie.

Bespiegelings dat 'n finale ooreenkoms tussen die ANC en die AVF bereik is oor 'n "semi-outonome" volkstaat in ruil vir regse deelname aan die verkiesing, is baie ver van die waarheid. Nelson Mandela het dit in 'n spesiale verklaring van Washington duidelik gestel die ANC sal nooit 'n volkstaat met 'n etniese basis aanvaar soos wat die regses dit interpreteer nie.

Trouens, *Vrye Weekblad* verstaan die gesprekke het twee weke gelede amper in 'n dooiepunt geëindig oor die regses se absolute aandrang op 'n feitlik onafhanklike Afrikanerstaat. Maar die dooiepunt is ontlont en in verdere gesprekke is stadig vordering gemaak, hoewel hulle nog ver van 'n vergelyk is.

Een deelnemer sê: "Mense wat mekaar nog nooit ontmoet het nie en bitter beveg het, kan nie sommer ná 'n paar ontmoetings ooreenkomste bereik nie. Eers moet 'n persoonlike respek en vertroue in mekaar ontwikkel. Dit is wat inderdaad die laaste ses weke gebeur het."

Die ANC-standpunt is al in die verlede aan die AVF en ander uitgespel: as julle die beginsel van federasie aanvaar, sal die ANC agteroor leun om jul eise vir 'n Afrikaanse volkstaat - maar op 'n nie-rassige basis - binne daardie federale bestel te akkommodeer.

Die term "semi-outonoom" word deur die twee partye gebruik om die status van so 'n gebied te beskryf. Die onderhandelaars glo dit skep die grondslag waarop die absolute standpunte van albei kante met mekaar versoen kan word.

By die eerste gesprek was die drie generaals en aan ANC-kant Nelson Mandela, Joe Modise (die hoof van MK) en Joe Nhlanla (die veiligheidshoof). In die volgende vier ontmoetings is die ANC deur Thabo Mbeki en Jacob Zuma verteenwoordig.


Die regering het niks te doen met die gesprekke tussen die regses en die ANC nie en weet min van wat aangaan. Die generaals het dit as 'n voorvereiste gestel dat die regering vooraf niks van die gesprekke mag weet nie. Hulle sê hulle het alle vertroue in die regering verloor en is nou bereid om as laaste uitweg direk met die ANC te praat.

"Spesiale reëlings is getref om te sorg dat selfs NI niks kan uitvind nie," sê een deelnemer. ■

# nou's die krokodil se oë al sigbaar

deur franz krüger

## ...maar gaan die eenvoudige vraag 'n eenvoudige antwoord kry?





Matthew Goniwe



Genl Joffel van der Westhuizen

WIE het Matthew Goniwe vermoor?

Dis 'n eenvoudige vraag - maar dit het die Hooggeregshof in Port Elizabeth vir die grootste deel van die jaar besig gehou. Van die grootste kanonne in die regsprofessie was betrokke, berge getuienis is aangehoor, sensasionele aansprake is gemaak.

Maar toe die hof laasweek die laaste getuie aangehoor en verdaag het, was dit onduidelik of 'n eenvoudige antwoord uit die massa inligting na vore sal kan kom.

In die weke en maande wat die saak aan die gang is, was daar baie min getuienis oor wat dié nag van 27 Junie 1985 gebeur het toe Goniwe en sy drie kollegas in die veld buite Port Elizabeth grusaam vermink is.

Daar was geen direkte getuienis oor wie die gewere, messe en kanne petrol hanteer het om Goniwe, Sparrow Mkhonto, Fort Calata en Sicelo Mhlauli dood te maak nie. Wat wel na vore gekom het, is van die sterkste getuienis nóg oor die betrokkenheid van die hoogste offisiere in die staat se veiligheidsnetwerk by moord en ander gemene speletjies.

Die getuienis moet nog deur die regter-president van die Oos-Kaap, Neville Zietsman, oorweeg word.

Reg van die begin af was dit duidelik dat die versperring van "onverloënbaarheid", wat nog altyd die groot visse van die klein vissies geskei het, oorgesteek is. Die seinboodskap wat gevra het vir Goniwe se "permanente verwydering uit die gemeenskap", was nie liggewigte se werk nie. Dis opgestel op bevel van brig Joffel van der Westhuizen, destyds bevelvoerende offisier van die Kommandement Oostelike Provinsie, nou luitenant-generaal en hoof van Militêre Intelligensie.

Die sein - wat deur *New Nation* gepubliseer is en daartoe gelei het dat die ondersoek heropen is - was gerig aan maj-genl Johannes Frederik Janse van Rensburg, 'n gesekondeerde offisier en hoof van die Afdeling Strategie in die sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad (SVR) - die liggaam wat PW Botha se strategie van Totale Aanslag gerig het. Dit het 'n telefoongesprek tussen die twee mans op rekord gestel.

Geen poging is aangewend om die egtheid van die boodskap te ontken nie. Die betrokke offisiere het eerder probeer argumenteer dat "permanent verwyder" nie beteken wat dit oënskynlik beteken nie. Albei het geargumenteer dit verwys na die langtermyn-aanhouding van die aktiviste.

Hulle is weerspreek deur kol Lourens du Plessis, die man wat die sein in opdrag van Van der Westhuizen opgestel het. Hy het 'n sensasie veroorsaak toe hy skeie met die SAW gebreek en verklaar het dat hierdie 'n doodsbevel was. Anton Mostert, senior advokaat vir die SAW, het berekende pogings aangewend om Du Plessis te diskrediteer, onder andere deur te suggereer dat Du Plessis R15 000 van die ANC ontvang het om die boodskap te lek. Du Plessis het dit ontken.

Du Plessis het ook die opskrifte gehaal deur die Operasie Katzen-dokumente vry te stel. Dit was 'n plan, opgestel deur Van der Westhuizen, wat gevra het vir die omverwerping van die Ciskei-regime van Lennox Sebe, en sy "eliminasie", asook die skepping van 'n "Groter Xhosaland" om die ANC te neutraliseer. Die dokumente het egter nie enige verdere rol in die Goniwe-ondersoek gespeel nie.

Maar die getuienis het selfs mense hoër-op in die hiërargie as Van Der Westhuizen en Van Rensburg betrek.'n Stel notules is ingehandig waarin 'n bespreking van geheime operasies tussen die voormalige SAW-hoof, genl Jannie Geldenhuys, en kol Joe Verster, hoof van die Burgerlike Samewerkingsburo, opgeteken is.

Die egtheid en akkuraatheid van die notules van April 1987 is in die hof deur genl Joep Joubert van Spesiale Magte bevestig. Hy het die vergadering bygewoon en het dit bestempel as 'n tipiese bespreking om BSB-optrede te beplan.

Die notules meld dat Geldenhuys die "uitskakeling van spesifieke teikens" bespreek, en die behoefte dat 'n kanaal geskep word vir die hantering van sulke sake. Die notules sê Geldenhuys sien sulke optrede nie as moord nie, maar as "'n aanval op individuele (vyandelike) teikens" met nie-standaard wapens op 'n onkonvensionele manier, sodat onskuldige mense nie seerkry nie.

Van der Westhuizen was een van verskeie ►

veiligheidsoffisiere wat toegegee het dat net die veiligheidsmagte die vermoë gehad het om Goniwe te vermoor. Hy het saamgestem dat die omstandighede rondom Goniwe se dood binne die definisie van 'n "koverte operasie" val, en dat die veiligheidsmagte, as 'n kwessie van "beginsel", nie die moontlikheid uitsluit dat insypelaars of aktiviste "doodgemaak" moet word nie.

Van der Westhuizen het saamgestem dat om toestemming te verkry om die "wapen van eliminasie" te gebruik, 'n strategiese besluit op die hoogste vlak geneem moet word. En indien so 'n operasie beplan word, dit 'n besluit deur die Sekretariaat van die SVR sal verg.

Hy het egter daarop aangedring dat daar nie 'n besluit was om Goniwe dood te maak nie. Met ander woorde: ons kon dit doen, ons sou dit doen, maar ons het dit nie gedoen nie.

Om die hitte van die SAW weg te keer, het Mostert besluit om die gevegsfront na die polisie te verskuif. Hy het die polisie reguit daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die moord. Die konflik tussen die polisie en die weermag het gesorg vir al die "dramatiese ommeswaaie" in koerantverslae.

Die konflik het daartoe gelei dat George Bizos, wat die gesinne van die Cradock-vier verteenwoordig het, hom in die gemaklike posisie van 'n staatsaanklaer kon bevind terwyl die twee beskuldigdes met mekaar baklei.


MOSTERT HET UITVOERIGE getuienis gelei oor 'n motor-bom wat in Desember 1989 ontplof het en waarin drie polisiemanne en 'n informant dood is. Hy het die plofstofdeskundige van die polisie, maj Deon Nieuwoudt, daarvan beskuldig dat hy die bom geplant en sy kollegas gedood het om die Goniwe-moord te verdoesel. Dit was glo nadat twee van die polisiemanne gedreig het om inligting oor die insident uit te blaker. Nieuwoudt het dit ontken.

Die merkwaardige Goniwe-ondersoek het ook fassinerende kykies gebied op ander onopgeloste insidente in die Oos-Kaap. Die 1989 motorbom is maar een hiervan.

'n Ander voorval waarna Mostert verwys het, was die ontdekking van twee vasgebinde en verbrande lyke naby Blouwaterbaai in 1985 - dieselfde gebied buite Port Elizabeth waar Goniwe se lyk net twee weke later gevind is. Hy het gesê die lyke kon moontlik twee van die "Pebco-drie" wees - Sipho Hashe, Champion Galela en Qaqawli Godolozi, leiers van 'n Civic-organisasie van Port Elizabeth - wat daardie jaar vermis geraak het.

Selfs die Biko-saak het opgeduik. Die voormalige veiligheidshoof van Port Elizabeth, Harold Snyman, is gevra of hy die span gelei het wat die swart bewussynleier, Steve Biko, voor sy dood in polisie-aanhouding in 1977 ondervra het. Snyman het geweier om te antwoord op grond daarvan dat hy homself kon inkrimineer.

Du Plessis het ook getuig dat die SAW 'n frontorganisasie in Port Elizabeth, Eduguide CC, gefinansier het en dat eerw Ebenezer Maqina 'n betaalde agent van die veiligheidspolisie was. Maqina het homself in die middel-tagtigerjare voorgestel as 'n plaaslike leier van die Azanian



Peoples' Organisation (Azapo), en was destyds midde-in die bloedige konflik met die United Democratic Front (UDF) op Uitenhage.

MAAR OP DIE ou end moet die ondersoek nog die eenvoudige vraag oorweeg: Wie het Matthew Goniwe doodgemaak?

Die getuienis wat die gebeure met Goniwe se verdwyning die beste nageteken het, was dié van die afgetrede veiligheidsersant, Fred Koni - die enigste swartman om in die ondersoek te getuig.

Hy was destyds verantwoordelik vir die dophou van briewe, telefoongesprekke en die transkribering van gesprekke wat deur 'n meeluisterapparaat in Goniwe se huis, bekend as 'n "tamatie", opgetel is. Hy het getuig dat kolonel (toe nog majoor) Eric Winter, 'n voormalige lid van Koevoet en destyds bevelvoerende offisier van die veiligheidspolisie op Cradock, die kantoor op 27 Junie 1985 saam met twee kollegas verlaat en eers die volgende dag teruggekeer het.

Op 28 Junie was Winter so angstig oor wat op die transkripsie van Goniwe se huis gebeur het, dat hy elke tien tot 15 minute navraag gedoen het. Koni het gesê die veiligheidspolisie het Goniwe onder permanente waarneming geplaas, en hy is altyd agtervolg as hy die dorp verlaat het. Met ander woorde, die polisie móés geweet het wie die vier aktiviste vermoor het. Kol Winter het in sy getuienis 'n merkwaardige onvermoë getoon om sy bewegings op dié twee kritieke dae te onthou.

Die ondersoek word in Februarie hervat, wanneer argumente deur die verskillende partye aangehoor sal word.

DIE BREË RIGLYNE wat die verskillende partye gaan inneem, is al duidelik. Die SAW sal sê dat die seinboodskap nie beteken wat dit oënskynlik beteken nie, en dat hulle dit nie gedoen het nie. Die polisie sal sê dat daar geen bewyse is dat hulle dit gedoen het nie, en dat die weermag dit in elk geval net so maklik as die polisie sou kon doen.

Die gesinne se regsgeleerdes sal moontlik argumenteer dat die moorde 'n militêre opdrag was, dat die polisie dit uitgevoer het, en dat die hele operasie op die hoogste vlak goedgekeur en deur die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel gekoördineer is.

En dan sal regter Zietsman moet besluit. Intussen het die weduwees van die vier mans al hul eie gevolgtrekkings gemaak. Hulle het hofprosedures begin om die staat vir R1,6 miljoen skadevergoeding te dagvaar. - Ecna ■


# Wyshede van die Wit Zoeloe

JOHN ASPINALL noem homself graag die Wit Zoeloe. Hy is 'n prominente Britse miljoenêr, goeie vriend en raadgewer van hoofman Mangosuthu Buthelezi, 'n finansier van Inkatha en ook 'n groot eiendomsbesitter in Suid-Afrika. Dié uittreksels uit 'n meningsartikel wat hy onlangs in die *Britse Telegraph* geskryf het, gee 'n idee van hoe Buthelezi se buitelandse vriende dink:

Forget the humbug, forget the piety: there will be no "New South Africa". What was known as South Africa was an artificial construct held together by white power. In the post-imperial, post-apartheid world the break-up of this so-called union was always inevitable. What we have witnessed in former Yugoslavia is a foretaste of things to come in South Africa - unless its leaders change course while there is still time. Indeed the carnage in South Africa is likely to be far worse than in Yugoslavia, for Yugoslavia has far more homogeneity than South Africa...

South Africa is on the edge of a catastrophe. The only way to defuse the situation is to give the Afrikaners their Volkstaat and the Zulus and their English-speaking allies their own country in Natal. The Western Cape must also forge its own destiny. The coupling of the white and Cape coloured races is in the process of taking place. President Mangope should soon slide off with most of Bophuthatswana consolidated into a new state. Gazankulu and Kangwane should either amalgamate with their neighbours Mozambique and Swaziland or join a Northern Nguni and Sotho federation with Lebowa. A Greater Xhosaland could include East London, and no doubt Nelson Mandela would be its first president.
In the multi-racial complex of the central Transvaal the problems would be manifold but not insoluble. What Canberra is to Sydney, Washington to New York, Brasilia to Rio de Janeiro, so could Pretoria be to Johannesburg.

The world has placed too much faith in De Klerk. A few years ago, and for much the same reason, it placed too much faith in Gorbachev... Today, De Klerk, another good and decent man, is expected to bring together disparate nations in a new, united South Africa. The odds against his doing this are long indeed. What he can do, though, is to rescue his reputation by changing course and scrapping the talks. He should abandon the election and frame a confederal constitution without delay. The alternative is civil war.



# Elke tong het sy Afrikaans

Afrikaans is g'n 'n kanseltaal of 'n landdrostaal of 'n suurgat-oom-met-grys-skoene-en-'n-staatsdiens-snor se taal nie. Ook nie 'n taal met kakieklere en kamaste nie. Afrikaans is 'n warmbloedige en veranderende taal met vele klanke en gesigte. Op die volgende bladsye kyk ons na die herkoms van dié bastertaal en na al die verskillende tonge wat haar (hom?) praat

# selfs die wet kon afrikaans nie onderkry nie



Afrikaans is niemand se besit om te vereer of te verwerp nie. Hy slaan sy eie, onstuitbare koers in, word gevoed uit al die tale wat in die land gepraat word, skryf **MARTIE MEIRING**



AFRIKAANS het al baie sterfbeddens geken. En gelukkig ook baie herlewings.

Nou wil die taalnasionaliste die taal opnuut in sy doodsnikke in diagnoseer indien hy nie amptelike status in 'n nuwe grondwet en bedeling kry nie.

Die taalliberaliste sien weer net blakende gesondheid vorentoe - mits hy nié gedwonge amptelike status kry nie!

Afrikaans, geliefd, gehaat, die grootste politieke speelbal in ons kultuurlewe, sal wel vorentoe moet leef sonder die ou salwende beskerming van die staat - toe skole, leerplanne, die teater, die akademie met sy spelreëls en woordelyste, die staatsdiens, die gans openbare vertoon van die taal ondersteun, gesubsidieer en bevorder is. Toe die Kerk net op Afrikaans net vir witmense wou preek.

Toe taalsuiwerheid jou heilige plig was, toe jy, soos ek op twaalf jaar, na 'n ander winkel gegaan het as die kafeebaas nie jou niekerbols vir jou op Afrikaans verkoop het nie.

Dis immers die taal van 'n Van Wyk Louw, 'n Elisabeth Eybers, die taal wat 'n ingrypende bydrae tot die Dietse letterkunde gelewer het.

Dis toe ook dieselfde taal wat so verstikkend (wit) eksklusief geword het dat hy 'n revolusie veroorsaak het.

Ander faktore het óók tot 16 Junie 1976 gelei, maar onteenseglik het die weerstand teen Afrikaans as verpligte onderrigtaal in swart skole die ope haat ontketen. Ironies het die skrywer Jan Rabie al die vorige jaar by die Afrikaanse Skrywersberaad op Broederstroom gepleit: "Afrikaans word aangekla as vasgekeerde boelietaal: laat ons juis nou skryf om Afrikaans alles te laat uitsê, oopsing, volledig van terroris tot vryheidsvegter."

VRYHEIDSVEGTER SOU DIE taal nie gou word nie. Dr Andries Treurnicht, destydse adjunkminister van swart onderwys, het op 16 Junie 1976 - in die tande van 'n dreigende ontploffing - verklaar: In die blanke gebied van Suid-Afrika, waar die regering die geboue verskaf, die subsidies gee en die onderwysers betaal, is dit sekerlik ons reg om te bepaal wat die taalbedeling moet wees.

In sy bekroonde boek *Tuiste in eie taal* het prof Jaap Steyn geskryf: "... twee mislukte opstande - die Rebellie van 1914 en die staking van 1922 - (het) deur die daaropvolgende versterking van Afrikanernasionalisme bygedra tot die vordering van Afrikaans. Dis te hope dat die mislukte Soweto-opstand nie ewe veel bydra tot die agteruitgang van die taal nie."

Dit was ydele hoop - die taal hét gely. Die Afrikaanse boek in besonder. Uitgewerye het 'n geweldige insinking na 1976 beleef wat eers veertien jaar later sou verbeter. In dié veertien jaar het die taalburokrate wel weer wekroepe uitgestuur om die taal te red, om hom toeganklik te maak, om hom te laat leef!

TALE HET TONGE nodig. En dis hoe Afrikaans na 1976 "gered" is - nie deur wit tonge nie, maar bruin, lewendige tonge: op die stoepe, in die garages, die strate en in vervalle geboutjies van die Kaapse Vlakte. Toneelopvoerings, digwerk, eindelose klein publikasies en energieke voorlesings het 'n soort Afrikaans letterlik laat leef - Vlakte-Afrikaans, of Kaaps, of alternatiewe Afrikaans - 'n protestaal.

Dít was eintlik die wonder van Afrikaans.

Om hierdie prestasie te onderstreep het die Universiteit van Wes-Kaapland vroeg in die jare tagtig al die grootste Afrikaanse departement in die land gehad.

Die vryer Afrikaans is sommer besig om ook 'n vryer kyk op die ontstaan van Afrikaans te bring.

Drie taalkundiges, proff Christo van Rensburg van die Universiteit van Pretoria en Tony Links van UWK en Achmat Davids, publiseer later vanjaar *Die storie van Afrikaans in Afrika* waarin die drie oorspronge van die verskillende soorte Afrikaans geïdentifiseer word; nie meer 'n simplistiese verduideliking van 'n taal wat uit Nederlands en in weerwil van Engels gegroei het nie.

**'As daar ooit 'n mensereg kon bestaan het, dan was dit om deur jou moedertaal bemagtig te word.'**

- PROF CHRISTO VAN RENSBURG in 'n onderhoud oor die miskenning van die inheemse tale in Suid-Afrika.

Slawe-Afrikaans is die oudste soort Afrikaans - en ook die eerste om as taalsoort te presteer. Die slawe, dikwels politieke bannelinge en ook mense van intellektuele gehalte, het met hul oorspronklike Maleisies met Oosterse Portugees daarby onder die invloed van Nederlands en die Portugees van slawe uit Afrika 'n taalsoort ontwikkel wat mettertyd goed genoeg sou wees om in vertaling van die Koran gebruik te word - dit nog voor die Paarlse taalstryders met hul aksies vir Afrikaans begin het.

'n Tweede taalsoort was dié wat die Vryburgers met hul meestal geradbraakte Kaapse Afrikaans verder geneem na die ooste en so het vanaf Swellendam 'n taalgebruik ontwikkel waaruit Oosgrens-Afrikaans ontstaan het en ook die nou nog gelese Klaas Waarzegger-rubrieke in Meurant se koerantjie van destyds. Die Trekkers het dié taal Noorde toe geneem.

Khoi-Afrikaans het ontstaan uit die pidgin van die veehandel tussen Khoi en Kaapse amptenare en toe die pokke-epidemie die Khoi binneland toe laat vlug het, het hulle 'n taalsoort saamgeneem

## kristenmense




Adam Small het die Kleurlingpatois geskryf, gepubliseer en 'n nuwe Afrikaans ontsluit wat die protes sterk uitgebring het:

## basters

Satan lei ons ammal ommie bos,
ons is ammal ma halfnaatjies vannie Gies;
een klomp wil God én Witman dienstig wies
en anner Kristenmense stuur die tokkelos.
*(Sê Sjibbolet - 1963)*

# demokratisering van taal...



Prof Johan Lenake: **Die taal leef in die townships.** Foto: Sally Shorkend

PROF JOHAN LENAKE, gebore Vrystater, wonder op 64 jaar nog hoekom Afrikaners opsluit met swartmense in 'n vereenvoudigde, onkorrekte taal praat: Jy sien daai Mies, daai ene sy loop by die pad... ens.

Lenake, wat Afrikatale aan Unisa doseer, sien 'n verdere kreolisering, eintlik "demokratisering" van die taal in gewone straatgebruik en dat terme in inheemse tale al hoe meer in Afrikaans gebruik sal word.

In die townships word 'n Afrikaans gepraat deurspek met inheemse woorde. Baie van die woorde stem ooreen met die skollietaal wat in Transvaalse kleurlinggebiede gepraat word. Maar die woordorde van Afrikaans in die townships bly die reste van 'n vereenvoudigde en verkeerde Afrikaans wat witmense oorspronklik met swartmense gepraat het. Vandaar: "So ek kom daar by die winkel, so die baas hy sê die mieliemeel hy is vol miet. Die jonger mense het al 'n slang ontwikkel: Ka lyk ek sien hom wat hy kom - Dit lyk asof ek hom sal sien wanneer hy kom.

Maar in die townships het verskeie Afrikaanse woorde ook al deeglik ingeburger geraak in inheemse tale. Die woord "dankie" word dwarsoor die land in al die inheemse tale gebruik.

wat later as Oranjerivier-Afrikaans bekend sou word - en ook die taal sou wees wat oor die grootste gebied van die land gepraat sou word. Hieruit en ook uit die inheemse Khoekhoens (mense van mense), het Griekwa-Afrikaans, Richtersveld, Rehoboth-Baster (met Nama-invloede) ontwikkel. Prof Van Rensburg wys op die rykdom en vaardigheid van die Griekwas wat groot veeboere was, soveel so dat legendes ontstaan het van die groot troppe beeste waarvan die einde nie eens gesien kon word as die trop aangeloop kom nie.

Ongelukkig egter, aldus die navorsing van Van Rensburg, het die Griekwas die groot oortreding begaan deur diamantdraende grond te besit en die groot ongeluk gehad dat hulle geen wapens gehad het nie. Gevolglik het hul die prooi van die diamantgierigaards geword en is hulle verdryf in 'n veel groter migrasie as die Groot Trek - toe hulle na die ooste moes wyk en in daardie gebiede onder die invloed van Zoeloes en Xhosas ook hul taal grotendeels prysgegee het.

Die rustelose migrasies, waardeur Oosgrens-, Kaapse en Oranjerivier-Afrikaans mekaar ontmoet het, het veral 'n skat van plekname nagelaat: die Khoekhoen-woorde (van die oorspronklike Khoigroepe) het bv woorde soos boegoe, dagga, soe (vir warm), sie (vir koud), abba, nam-nam, Prieska (verlore bokooi) Gamka (leeu) Dykwa (renoster) en baie ander nagelaat. Moderne taalkundiges meen daar was veel groter beïnvloeding van Khoekhoense tale as wat algemeen erken word.

In die streke en in afsondering het die verskillende soorte Afrikaans hul eie rykdom in kontreikultuur ontwikkel. Maar die radio, die tydskrifte en groter kommunikasiegeleenthede het gemaak dat baie kontreiwoorde en uitdrukkings sterf.

Die ou Boswerkertaal van Knysna leef hoofsaaklik nou in herinnering, en dis net wanneer hul om kampvure met hul eie genante sit dat jy nog 'n sangerige Sandvêldse Afrikaans sal hoor. Of soos Gert Nieuwoudt van Garies self vertel: "In daardie streek waar die mense woon wat ek nou nie by name sal noem nie, hou hulle hul dinge bymekaar, want soos hulle sê, vat jy jou niggie of jou neef, man, dan wee'jy wat jy het. Nou sal ek nie instaan vir wat al hierdie inteling doen nie, miskien langerige tande en so aan, maar dit hou die taal darem behoue!"

Weermag-taal wat Johan van Pletzen met sy Kleinjan-boeke gewild gemaak het, sterf nou vinnig uit met die afskaffing van diensplig. Inmiddels ontstaan taalsoorte wat die tegnologie toeganklik maak, wat rondom sportsoorte ontwikkel, wat in tronke op straat onder bendes, selfs onder polisiemanne leef en dan vir ander mense onverstaanbaar word. ■

## manakwalanners

NAMAKWALAND. Dis ook Sandveldstreek hierdie - waar mense nog na Sandvjelds verwys as 'n goeie, behoue streek.

Gert Nieuwoudt van Garies meen die mense praat nog hul "eie" taal onder mekaar want waaarvoor sil hulle nou voor ander mense so gaat staat praat net vir hulle om te lag?

**Hoekom is die Namakwalanders so verergoor die TV-reeks Manakwalanners?**


Want dis mos nou nie hoe ons mense deusdae praat nie! En vir wat vir annner mens as Manakwalanners nou so wil kom praat? Dit sou mos nou reg gewees het as hulle in die TV geê het dis 1928, want so het die mense destyds gepraat, ja. Maar nou wil hulle gaan maak dis 1959 - dis mos nou lawwigheid.

## waarvanaf sal my hulp nou kom?

Griekwa-Afrikaans is op sy tyd wyd gepraat, maar het nou grootliks verdwyn, hoewel die ou mense in die Noordweste nog so bid:

### Griekwa-gebed
### *Op Psalm 121*

Ek slat my twee oge op;
my kyk vang die verste kop
waarvanaf sal my hulp nou kom?
My hulp is vannie Jirre, van Hom.
Hy't nou jimmel en Prieska gekom maak.
Sonner lat jou voet klippers raak,
Is Hy skoene agterrie skaap
Sontyd is Hy hoed op jou kop.
Innie nag hou gevaarlikheid dop
Hy's mos nou da om jou op te pas
Jou siel hou Hy tussen ribbes vas
Gan jy nou in of gan jy nou yt,
Hy's oor jou vir ewig an vir altyd. ►



## om mens ta wies as lekker...

DIE Woordeboek van die Afrikaans Taal (WAT) teken nie net Standaardafrikaans op nie, maar probeer die ganse omvang van die Afrikaanse spreekwyses opteken. Dr Dirk Swanepoel van WAT het Rehoboth-Baster Afrikaans jaloers op sy eie sêgoed gevind.

Maar hy het wel ook gevind dat die jonger mense eerder "blanke" Afrikaans wil praat as ouer Bastertaal.

Maar in die ouer geslag word die taal met sy geweldige uitspraak-variëteite druk gebruik. Vir die woord "probeer" is sewentien verskillende uitsprake opgeteken; vir "vreemdeling" 14 verskillende uitsprake en vir "nege" vyf uitsprake.

Maar so het 'n ou tantetjie onlangs met Swanepoel gesels: "Hellie het soos kleppe gaset." Oorgezet synde: "Die dooie skape het soos klippe rondgelê."

"Hoe voel jy om mens te wees?" vra Swanepoel die standaard inleidende gespreksvraag.

"Om mens ta wies as lekker," sê die tante. Klaar.

"En hoe is die politiek?" vra Swanepoel - eintlik 'n verbode vraag in 'n navorsingsgesprek.

"Nie, dat wil ek nie sien nie."

"Maar hulle sê baie dinge gebeur nou," por Swanepoel.

"Nie, dat wil ek ôk nie hôr nie!"

## krotaal

Boerneef praat Krotaal. Dit was Boerneef se manier om wit lesers insae te gee in die ryk manier van praat van die bruinmense van die Karoo. Hy het die Sederberge, met sy Dirk Ligter-legendes toeganklik gemaak vir wit lesers.

Van Klapmuts tot Kalvinie
is 'n helse ent swaer Tinie
maar wie skrik dan vir kou pampoen
inwaaier in die waatlemoen
maak en breek laddie stof so staan'
Van Tronsberg tot in Namakwalaan
sweet afvee en straal galop
magtig maar so 'n disselboom klop
gee pad daar jou ou krimpsiek kwagga
die sinling sê jy stink na dagga.

*(En Tafelberg praat Krotaal,*
Nasionale Boekhandel, 1968)

# die cape flats het geland!



Sommige mense in die Kaap meen jy't nie 'klas' as jy Afrikaans praat nie. Maar dan kry jy ook weer groepe - soos die nommer-gangs - wat so heilig is op hul Afrikaans dat hulle jou sal doodmaak as jy daarmee probeer lol. **BEVERLEY MITCHELL** luister na die Kaap se Afrikaans

## kô spoeg soe bietjie vissies...

KYK as jy nou tussen die Kaapse "kleurlinge" grootgeword het, en jy het Afrikaans gepraat dan was jy sommer óf lowclass, óf 'n BJ (boerjong), óf 'n local. En moenie praat as jy nié styl hare, 'n ligte vel, skerp neus, fyn lippies en sommer ook grou oë gehad het nie - nee, here help vir henna, dan was jou bynaam nou sommer "kaffer", selfs binne jou eie familiekring. Die regering het geweet wat hulle doen. Dêngle die wortel voor Gam se neus, "Jy's amper wit, praat net so 'n bietjie vir Engeland," en siedaar, jy sal sien hoe kyk hulle neer op hulle swart broers en susters. Maar Gam het nie net op swartmense neergekyk nie, hulle het op mekaar begin neerkyk. Middelklas-mense was geneig om Engels te praat, en werkersklas-mense het Afrikaans in die dialek gepraat. Die Engelssprekende mense het amper nooit met die Afrikaanssprekende mense gemeng nie. En ék kan uit ervaring praat.

Ek het grootgeword in 'n huis waar die koningin se portret aan die muur gehang het, en waar net Engels gepraat is. My ma het ons verbied om met kinders te speel wat net Afrikaans gepraat het. Dit was 'n bietjie moeilik want ek het in Kraaifontein grootgeword - dáár het die meeste mense Afrikaans gepraat. Omdat ons nou "vir England" gepraat het, was ons die prooi vir katterige kinders.

Ek onthou nog toe ek winkel toe gestap het, hoe 'n meisie, Reintjie, en haar kalante, my vlegsels getrek en my wange geknyp het. Hulle het geskree: "Hie' kommie Hightie Tighties. Sy praat mos vi' England. Kô spoeg soe bietjie vissies vir Reintjie." En as ek nie wou saamspeel nie, het hulle my deeglik geneuk. "Djy wil mos vi' jou wit hou, né, ôs sal vi' jou wys."

Ek het maar net op my tande vasgebyt, my lang vlegsels teruggegooi, en hulle hardegat, reguit in die gesig gekyk en gesê: "If you don't let me be, I'll horizontalise you from your perpendicularity." Dit het hulle nog méér kwaad gemaak, en miskien was ek 'n sucker for punishment, maar ek het dit altyd gedoen. Dit was my manier om hulle terug te kry.

My ma het dit goed bedoel. Sy wou hê haar kinders moes eendag iets van hulself maak (en om Engels te praat was die beste manier). Ons was ook vir elocution gestuur om te leer praat soos die witmense. Jy weet, om soos iemand met 'n warm patat in die mond te praat.

Ek onthou nog hoe ons dit tot die maksimum gebruik het. Op 'n Saterdagoggend het ons somtyds met my ma in Parow gaan inkopies doen. Dáár was die mense verkramp. Djy

### hoe sabela djy dan, my broe?


Daar is 'n tipe chauvinisme wat saamgaan met die praat van slang. In die Kaap is die ouens, die main outies, die homesas, die homeboys, wat die slang praat, wat kan chais of chaisana die taal, baie vol van hulself. Hulle sal sê: "Os issie outies wat wys is, ôs kan sabela, ôs issie amaclevahs. Die slimmetjies".

Hulle kyk neer op ander ouens wat ook slang praat, maar nie húlle slang nie - veral mense wat van ander streke kom. Daai ouens is moegoes, kroetse, ntwaatas, spaais, bladsakke, mompatta (momparra), mummich. Byvoorbeeld, as 'n ou van die Jo'burg in die Kaap kom en praat van "meta goof", dan is hy een van die moegoes.

(sabela - praat; outies/homesas - die manne van die plek; chais/chaisana - slang praat; meta goof - dit gaan goed)

# as jy wil oorlewe...

"NANKUPELA SKANKAS!" (Hak af!) is 'n bloedlustige war cry wat bendes gebruik net voordat 'n gangfight uitbreek.



Maak 'n pyp my broe - uit *Fairyland.*

Die taal van die gangster het 'n baie sterk invloed op die dialek in die Kaap. Baie jong kinders in die ghetto, al loop hulle nog in babadoeke, probeer die slang na-aap. Want hulle weet as hulle dít kan praat, dan is hulle kanse vir oorlewing makliker. Daar is amper 'n soort meelopery wat die meeste jong seuns dwing om die taal te leer. Dié wat nie die lingo wil leer nie sal maar altyd as buitestaanders gesien word. Hulle sal ook 'n teiken vir bendes word. Die taal is wreed, dit het onstaan in die tronke waar 'n bloedige stelsel van bendes met nommers as name begin is. Dit is hierin vasgevang. Dit is moeilik om die taal te verstaan as jy nie die stelsel ken nie.

Baie van die woorde kom uit swart tale. Dis omdat die nommer-bendes en hul taal deel van 'n gevangeniskultuur geword het - dáár, in die tronk, is dit van geen belang watter kleur jou vel is nie. Jy is net 'n nommer, nie 'n "kaffer" of "hotnot" nie. Hulle moet as gemeenskap saamleef. Bruin neem van swart en swart neem van bruin. Dít is hoe die taal onstaan het.

Maar 'n mens moet ook nie voorgee jy kan die taal praat nie, veral as jy nie deel van 'n bende is nie. Dit kan jou dood veroorsaak. Gangsters is baie heilig op hulle taal. Dis 'n taal wat gebruik word om mense mee bang te maak.


was 'n Hotnot en djy moes jou soes een gedra. Ek en my susters het dit geniet om die Afrikaners te flous. Ons sou in 'n winkel instap en die hoogste moontlike Standard English praat. Hulle het nooit geweet wat hulle getref het nie. Ons het ons kats gelag as hulle begin rondspring het, treating us like royalty. Dié mense het wraggies geglo ons was van die buiteland.

Dus, die eerste keer dat ek Afrikaans geleer het, was op skool. Dis seker waarom baie mense dink ek sit aan as ek die taal praat. Vandag kan ek terugkyk en besef dat ek 'n belangrike kultuur in my kinderjare misgeloop het.

Op skool het ons ook ons eie apartheid gehad. Die Engelse kinders het nooit gedaal om met die Afrikaanse kinders te speel of te praat nie. Onderwysers het hierdie siening bevorder. Hulle het meer van die Engelse as van die Afrikaanse kinders gemaak. Die Engelssprekende kinders se ouers het mos geld gehad. Baie Afrikaansprekende kinders was vertel dat niks van hulle sou word nie. Hulle kon net mik om in 'n fabriek te gaan werk. Hulle was dom, net goed genoeg vir manual labour. Dié van ons wat nou Engels gepraat het, sou die prokureurs, dokters, onderwysers en skrywers of joernaliste word.

Tot vandag toe, as ek met mense op die straat praat, moet ek meestal vra dat hulle vertaal. Ek begin vinnig leer. Ek voel nie meer soos 'n outsider nie. Maar baie "kleurlinge" praat ook nie dié soort Afrikaans met witmense nie. Hulle sal "beskaafde" Afrikaans praat, want hulle dink dat witmense hulle net sal respekteer as hulle so praat. Dus voel hulle dat die dialek minderwaardig is. Daar is nie 'n trots op die manier waarop hulle praat nie. "Djy's mossie 'n intellectual nie, djy's somme net 'n local, 'n moegoe wattie vissies kan spoeg 'ie."

Daar is geen rede waarom hulle so moet voel nie. Die dialek wat op die Kaapse Vlakte gepraat word, is een van die dialekte in die land wat die sterkste groei. Dit gaan nog eendag 'n taal word. 'n Taal om op trots te voel. ■



# só wieties die outies

Tronk-Afrikaans is seker die verste van Standaardafrikaans. Hier is 'n voorbeeld:


Die mang, die plek van trane, die vierhoeke. As djy kom byrie point, hulle sal loep en soek by jou, die skelms innie mang. As djy nie vir jou stêkgevriet hou nie, sal hulle jou somme net da verdala. Hulle sal vi' jou vra wat het djy virrie outies saamgebring? As djy nie kan staan vi' jou ding 'ie, sal hulle vi' jou swakmaak, jou rib sal fly. Djy sal moet kan vaskyk. Hulle sal jou vra of djy wys is vannie boeke. Of jy gwala merrie nomberskap, of djy 'n Frans is van sekwaan, en of djy vol is van wat klap soe innie djaar.

"Watte boek study djy, my broe'? Kyk djy son-op of son-af? Is djy 'n sês of 'n ag? Is djy 'n ou van pumalanga of jonilanga? Is djy bona'umsas, of krap djy in die djêmpot? Laat djy 'n anneman jou agter die kop kyk? Is djy 'n wyfie?"

As 'it soe is, is djy 'n ag. Djy's 'n vuil ding. Ma' as djy vaskyk tienie roubles offie dollars (die blink ding, die ching) dan is djy 'n sês.

Ma' djy moet dala soes jou nommer jou wys. 'n Sês sal staan vi' sy ding, 'n nongi sak vi' sy ding, hy lê.

(point - tronk; verdala - donner/neuk; swakmaak - seermaak; vaskyk - vasstaan soos 'n man; wys is vannie boeke - weet jy hoe die stelsels van nommer-bendes in die tronk werk; gwala jy met die nomberskap - is jy 'n lid van een van die nommer-bendes; Frans - 'n nuweling in die tronk; sekwaan - buite die tronk; vol van wat klap soe innie djaar - is jy bewus van wat gaan aan in die tronk; watte boek study djy - aan watter bende behoort jy; son-op - 26 bende; son-af - 28 bende; pumalanga - 26; jonilanga - 28; bona'umsas - nommer 6; wyfie - vrou; dala - dit kan doen; nongi - 28)



# os is hêppie hie' byrie sie...

## 'Os praat soe, ôs is soe gemaak en soe laat staan!' sê Soli Philander

## straattaal

AL vrees mense die gangsters en hul taal, het dit nietemin deel van die alledaagse lingua franca van die straat geword. Maar dit is nie verbasend nie as mens in ag neem dat die meeste mense in die werkersklas-ghetto's van die Kaapse Vlakte familielede het wat óf in die tronk is, óf 'n bendelid is. Dié mense leef tussenin die gewone gemeenskap en die gemeenskap moes maar leer om met hulle in hulle taal te kommunikeer. 'n Gangster praat nooit 'n ander taal nie, net sy eie.

### om 'n cherrie innie ghetto te boul...

Ek wil vi' jou wys dat ek mnja van jou, en ek is wys dat djy grên van my, om te sê, allie tyd notch ek vi' jou style en jou smile, maar ek kannie kry van die way wat djy kan gaan met moegoes en my ski-benk 'ie. Om te sê, ek yak 'ie in duur lappies 'ie, en ek dra nie 'n raap oppie hand 'ie, ma' soes nou kan ek gaan met jou gedagtes en jou wysmaak van wat my annestes my wieties soedat djy oek kan volraak hoe laat is 'it. Anners gat djy jou laat maak.

Wan ek raak 'ie vol van tjappies en nomberskap en dala, en kala nie, wan ek kyk 'ie vas tien die boeke van die hoeke nie. Om te sê, ek kyk my ding hie' op sekwaan, hie' wá die lig van Langa op my rug skyn. Hie' kyk ek my ding 'korrieng slavery days, 'korrieng goba, 'korrieng span, 'korrieng soelat, en jouself swakmaak virrie lanies. Is djy wys? Raak wys of kap muis.

Wan' hie' moet djy oek sometimes kan gaan met 'n skelm, as djy span, en die sarang wys virrie lanie djy's luis. Dan vat djy sy gedagtes weg met 'n skelm en djy gooi verby.

(boul - om 'n vrou te benader; mnja - hou van jou; notch - kyk; ski-benk - in die steek laat; yak - dra; lappies - klere; raap - horlosie; annestes - ander wese; wieties - praat; volraak - bewus raak; kala - huil; wan ek kyk 'ie vas tien die boeke van die hoeke nie - ek is nie geinteresseerd in die tronk en bende nie; sekwaan - hier buite; goba -werk; soelat - werk vir 'n witmens; lanies - wit baas; kap muis - bly stil; sarang - die voorman of die witvoetjie; luis - lui)

VOLGENS Soli Philander het almal sy eie taal in die Kaap. Die skollie, die merchant, die sjebien, hoekstanners, daggarokers, buttonrokers, wynkoppe, hawkers, skoollaaities, sokkerouens, kerkmense, (Apostolics praat different van NG) huisvrouens, ambagsmanne, ens. Maar almal kan mekaar verstaan, al verskil dit.

"Die hawker is 'n digter want alles wat hy sê is rympies - 'kyk hoe dy die vy, 'n peer virrie heer'. Die Afrikaans in die Kaap is ook baie practical. Almal gebruik woorde wat net hulle kan verstaan. Wat eie aan hulle is," sê hy.

"Ek gebruik Afrikaans soos dit in die Kaapse Vlakte gepraat is veral in my opvoerings, dis meer interesting, dis snaaks, it's more true to the rhythm. Die taal wat in die Kaap gepraat word is 'n hodgepodge - 'n mengsel van alles - slamse, Malays, you name it, we've got it. Borrowed words from other languages.

" 'n Mens kan ook nie die gebare miskyk nie, dis moeilik om dit te separate van die taal. Die Kaapse 'kleurlinge' het die taal baie aktief gemaak - fisies. Hulle dans amper as hulle praat. Skoons die ou mense maak so. Hulle sing as hulle praat. Daar's 'n movement met elke phrase of woord. Die Kaapse mense lag ook baie hard, daar's ook 'n gesing wat met dit gaan. Dis 'n gatmaak lag. Die rede waarom 'kleurlinge' 'n inferiority kompleks het, is omdat hulle nooit goed genoeg was om óf wit óf swart te wees nie. Dit gaan gepaard met die hele ding van lig velle, styl hare, blou oë, ens.

"Maar die 'kleurlinge' het 'n African quality gegee aan die taal. Hulle het die Afrikaanse taal geafricanise, dit 'n taal van kommunikasie gemaak. Die boere kannie die taal praat nie. 'Kleurlinge' praat die taal hardop soos swartmense die



swart taal praat. 'Hê djy my broe', wat klap soe innie zoo?' Die Afrikaners praat Afrikaans soos Europeans 'n taal praat. Binnemond, kil en stadig. As die boere hard praat dan klink hulle baie aggressief en kortaf.


"Dit was daai taal wat die boere praat wat ons vir jare in slavery gehou het, en 'kleurlinge' wil niks daarmee te doen hê nie. Dis die taal wat ons vir jare laat minderwaardig voel. Hoe kan ons dit nou met ope arms verwelkom, ons het ons eie taal gemaak, en dis die taal wat ons praat, en sal aanhou praat. Ons praat soe, ôs is soe gemaak en soe laat staan!" ■

## die moffie-taal

Die Kaapse gays het ook 'n taal van hul eie. Dis 'n taal wat niemand behalwe hulle en hulle vriende kan verstaan nie. Hier volg 'n voorbeeld:

"Nancy difference. Die hele land is milly vinilli. Daai Clora is baie reeva. Maar het djy daai beula Ivy gesien, hy gat mos nou met daai Wendybag. Kô kala soe 'n bietjie hie', sien djy daai Natalie da, hy gail te baie vi' my liking met Priscilla Presley en Jennifer Justice. Ek trus homie. Ek het hoekal gehester dat hy 'n Big 5 is. Ma nou hoekom is djy soe milly, is djy op 'n diet."

(Nancy - geen; Reeva - rof; Clora - kleuring; Ivy - Indieër; Wendy - wit; Natalie - swart; beula - mooi; Priscilla Presley - die boere (polisie); Jennifer Justice (wet); Kala - kyk; Hester - hoor; gail - praat; milly - maer; milly vinilli - nagemaak; Big 5 - 'n piemper (iemand wat stories oordra)



Roderick Japhta: Hy het laat waai met Cape Flats.
Foto: Sally Shorkend

# RODERICK JAPHTA:
## die lone ranger by CCV

HY'T grootgeword in 'n ou sinkhuisie in Tiervlei in die Kaap, van daar af getrek na Mitchell's Plain, "waarie mense ou velepte tiesakkies oppie lyn gehangit".

Japhta se gevoel is: kleurlingmense práát Afrikaans. Einde van storie. "Ek het met Afrikaans as eerste taal grootgeword. Van my ma se skoot af. Mense is geneig om dit soms te vergeet, almal sê mos dis die taal van die onderdrukker."

Hy hou van die taal, sê Japhta, veral die dialek wat op die Cape Flats gepraat word, en sal dit aanhou praat. In sy werk by CCV moet hy "beskaafde" Afrikaans praat. Een aand het hulle die Kaapse uitsending verloor, en toe die Kaap terugkom op die lug, is hy gevra om om verskoning te vra. Hy't nie tyd gehad om iets voor te berei nie, en kon dus nie die autocue gebruik nie.

En sommer so op 'n whim kyk hy reguit na die kamera en sê: "Jassis Cape Toun, da's djulle nou né, djulle was dan nematjies weg toe soek ek vi' djulle, nou's djulle wee t'rug. Waa't djulle dan gegat?"

Die mense by CCV was bekommerd: "Roderick, jy't 'n groot kans gewaag. Ons hoop nie daar gaan negatiewe gevolge wees nie." Maar nadat soveel mense ingebel het om te sê hoe wonderlik dit was, toe vra hulle hom om so nou en dan die dialek by te gooi as hy Afrikaans op CCV praat.

Japhta vertel ook hoe hy die dialek met wit Afrikaners by die SAUK praat en dat hulle hom dan glad nie verstaan nie. Eendag sê hy vir 'n kollega: "Ek gat jou nematjies check né, watte djampas moet ek da by jou uitstiek?"

Die vrou het hom net verward aangekyk en hy moes vertaal.

"Dis 'n totale verskillende taal van die een wat Eugene Terre'Blanche praat. Dis so 'n jammerte dat dit met die onderdrukker verbonde is. Ek het 'n groot probleem daarmee want mense vra my altyd (veral hier in Johannesburg) hoekom ek die taal praat. Ek word dít nooit in die Kaap gevra nie. Dis miskien omdat dit dáár oral gepraat word - hier is Afrikaans baie meer afgesonderd, veral tussen die kleurlinge.

"Ook is die onderdrukkende konnotasies baie meer opvallend hier. As jy hier in sekere geselskapskringe Afrikaans praat, noem hulle jou sommer 'n 'boerboetie'. Ek is nou moeg en sat om vir mense te verduidelik dat dit die taal is waarmee ek grootgeword het, die taal waarin ek opgevoed is, die taal wat ek praat as ek huis toe gaan," sê Japhta.

Dis ook fassinerend hoe die dialek van streek tot streek verander, sê hy. "Somtyds verstaan mens nie mooi wat mense in PE of Jo'burg praat nie. In die Kaap sê ons: 'Hoezit nou my broe?'; in PE sê hulle: 'Hoezit cow?' (soos in kou). Mense praat met 'n totale verskillende ritme. In PE: 'Waa ga jy nou cow?' of 'Waa garie brie?' In die Kaap: 'Wá tjaila die broe?' Die Kaap sê hé, PE sê hê. Djy's 'n broe' in die Kaap, 'n bra in die Jo'burg. As jy nou gaan waai dan sê die ouens in die Kaap, 'Ek gat so 'n bietjie verby swai'. Dis amper asof dit 'n verskillende taal geword het, maar dis ook wat dit só interessant maak". ■

## kaapse sêgoed...

DIE Kaapse dialek verander daagliks. Dit verander ook van plek tot plek. Mense in Mitchell's Plain gebruik ander woorde as mense in Bonteheuwel, Bonteheuwel verskil van Manenberg, ens. As 'n mens vir 'n ruk weggaan, verloor jy die lingo. Toe ek laas in die Kaap was het die ouens na hul meisie verwys as "cherrie, gibus, kind, nanas, ousie". Vandag is sy jou "jigarismie". Wat volg is 'n lys Kaapse sêgoed, maar hulle betekenisse kan al verander het.

Ek het vir jou gegwarra - ek het jou lekker stink vertel.
Jou ma se linke tet skiet bullets - as jy iemand wil beledig.
Nou bloei jou hol/naat dáoor - as jy iemand rêrig kwaad wil maak.
djy, djy moet jou laat kyk van sewe skeel kamele - as jy nie hou van iets wat iemand vir jou sê nie.
Djy's 'n ghoffel - óf lelik, óf lui.
My man het gat seep koep - Hy't weggeloop. Hy kom nie weer terug nie.
Wat skop jou blik? - Hoe laat is dit?
Hoe kô djy dan uit? - Wat is verkeerd met jou.
My ma staan oppie dak - My ma maak geraas.
Djy spoeg vissies - Jy praat Engels.
Sê vir jou ma die vissies is terug - dis alweer gelukkige tye.
bagasa/tua - pistool/geweer
Is djy gebritish - Het jy 'n pistool op jou?
skiet - mes
lam passive - sit terug en rus
lam legal - jy het jou baas se toestemming om te rus
zak, ching, umchailo, De Klerk, blink ding - geld
gwai - sigarette
Djy's nog hups - Jy's nog jonk vir jou ouderdom.



Ronald Moses: 'Ek droom in Afrikaans.'
Foto: Sally Shorkend



Van die Kaap tot in Transvaal hoor jy Afrikaans - maar op elke plek sê jy jou sê op jou eie manier. **VIRGINIA KEPPLER** luister na die tonge van haar tuisdorp, Eersterust, buite Pretoria

# elke streek het sy eie standaard

## 'Wat is 'n taal sonder nuwighede?'

RONALD MOSES van die Hoërskool Eersterust no 1 is al 28 jaar 'n Afrikaanse onderwyser. Hy het Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Suid-Afrika gestudeer. Hy sê: "Ons praat myns insiens nie 100 persent suiwer Afrikaans nie, veral as dit kom by natuurlike omgang. As mens nou praat van Standaardafrikaans dan dink ek elke streek het sy eie standaard. Die mense in die noorde praat verskillend en so ook al die ander plekke se mense.

"Mense praat van my mô en my pô, hulle praat van wiet djy, en ek gaan daar boe. Nou wie is ek om te sê dié groep praat reg en die ander groep praat verkeerd. Dit is hulle standaard, hulle streekstaal. Mense sal net volgens die boek praat en skryf as hulle genoodsaak word soos by die skool of werk.


"Ek kan nie sê die kinders in Eersterust se standaard van Afrikaans as hulle praat is hoër as ander plekke en mense se standaarde nie. Die kinders praat wel suiwer in die klas, maar as hulle daar buite is, is dit heeltemal anders. Dan is Afrikaans nie meer vir hulle 'n taal nie, maar net 'n kommunikasiemedium. Al wat ek nou opgelet het, is dat die uitslae van die interne eksamen vanjaar baie laer is as drie jaar gelede en ek dink dis omdat hulle meer bewus geword het van slentertaal.

**"Mense praat van my mô en my pô, hulle praat van wiet djy, en ek gaan daar boe."**

"Ek hoor en lees gedurig oor die stryd om Afrikaans en hoe dit 'n kleiner rol gaan speel in die toekoms. Mens hoor dat dit gaan uitsterf, maar ek vereenselwig my nie daarmee nie. Vir my is die taal 'n lewende organisme wat tyd tot tyd nuwighede bykry en ek voel dat die taal homself moet uitleef. Daar moet nie onnatuurlik met die taal omgegaan word nie.

"Die taal moet losgemaak word van 'n politieke agtergrond want alleenlik dan is dit 'n kommunikasiemiddel. Ek dink, droom en lag Afrikaans want dit is my taal. Ek probeer dit so suiwer moontlik te praat, maar dit wil nie sê ek is behep met suiwerheid nie. As ek met mense omgaan wat nie suiwer praat nie of wat slentertaal baie gebruik, dan kan ek maklik met hulle gesels want dan verstaan ons mekaar. Dan tel die suiwerheid nie so baie nie - net die feit dat ons mekaar verstaan en kan kommunikeer."

# die biza boys



## Bendetaal in Eldoradopark: Umfetoes gwala die magiaan en kruis met die maposas

HIER praat vier van Eldoradopark se bekende bende, die Biza boys, Sipho, Deon, Nino, en Biza:

"Eintlik ons het 'n krêp gedala, ons het tot 'n move gepull. Wat ons kry ons het swak gechise (die plan wat hulle uitgevoer het, het nie soos beplan verloop nie). Maar niemand kan sê ons is Mickey cats nie (moffies). Ons steek uit bymekaar (kom bymekaar) en hier steek ou Tiegie Tiegie uit, en ons togo togo (bespreek hul planne) met mekaar. Hies 'n move om te pull (hier is iets wat ons kan doen).

Okay, wat is die move? Hoekom?

ONS ALMAL IS tot die dala met die ground (sak op hul knieë neer op die grond om die plan met hul koppe dig bymekaar te bespreek). Ou Tiegie sê kyk hier die move wat ons gaan pull, die mane moet sterk is, mane met harte en nie mane wat come mandela nie (mans wat lieg). Anders gaan die move swak loop. Die plan was ons steek uit by die joint (huis waar hulle gaan toeslaan) dan chise ons met die krone (geld) elke deng wat wat (ons vat alles in die huis ook). Wat ons daar toeslaan, sê die een ou sommer pyp (pistool) in die lug. Wat maak die man? Nou ons kan nie retreat nie toe maak ons ook once toe (die plan was nie om die pistole uit te haal nie, maar omdat die een dit gedoen het, kan die ander nie sê hulle wil nie want hulle moet saamstaan). Ons sê wat wat, ons demind (eis die eienaar se bier) die kyste.

Ons druk die tannie vas in die corner. Ons sê yes mams chise die krown (gee die geld) is al wat ons by jou soek dan jy sal tot vry loop (dan sal jy nie seerkry nie). Die tannie gaan baai (die tannie wil nie toegee nie). Daa komit ons moet skiet bokant almal. Wat ons nou klaar daar is, maak ou Deon die flop (hy maak 'n fout). Ou Deon se flop hy chise soo. Hy demind nog al die biere.

Hassa! (nee), skree Deon. Ek het nog nooit so gedala (gemaak nie) nie umfeto (vriend).

Nou umfeto verder soos ek jou sal wys ons het te sterk gekyk op die move (ons was té vasberade dat alles reg verloop), en hie was koppe wat ons gedala het (daar was mense wat gepraat het van die plan), korrek, ses umfeto (ek stem saam my vriend). Ek het tot gekom op die hof (ek het in die hof voorgekom). Achoesters (die ander vriende) was nie teenwoordig nie toe is dit net achoese no 1 en achoese no 0 (net ek alleen).

Die magiaan (magistraat) wys my om te sê kyk, beskuldigde, ons vind jou skuldig vir die doen en late wat jy gedoen het.

Ek sê, maar wat het ek gedoen magistraat, en hy sê: Moen my nie nog vra wat het jy gedoen nie, ek gee jou ses jaar vir die wat jy gedoen het.

Wanneer hulle op soek is na 'n plek om Sondag te gaan ontspan dan klink dit so: Nou umfetoes, wat is die move vir vandag. Ek sê ek wil nie met die maposas (polisie) kruis vandag nie.

Ek verstaan dit koring (dis lekker) da by ou Jackes vandag. Sal ons 'n round gaan slaan? Né, die head office is die inplek (die beste plek, almal gaan daarheen), ek sê umfetoes die tlsadidis (meisies) is volop da. Daai is die blomplek (die uithangplek) van die tyd, ek sê manskaap. Dan ons sê one bottel two kyste ('n bottel sterk drank en 'n kas biere). Ons sê nup one en two (twee bottels brandewyn), plus ons chise da met daai combi (ons vertrek daar met die minibus) van ou Sean se pa. As ons da uitsteek (as ons daar kom) ons demind die tlsadidis (ons vat die meisies met dreigemente) want ek ken hulle like van die Franse waters (hulle hou van bier).

Ek sê umfetoes ek het about 'n vier en twee nulle in my sak, en wat van djulle manskape. Ek sê ek het 'n twee 'n ag en 'n nul, ek het 'n drie 'n ag en 'n nul, ek het 'n vier 'n ag en 'n nul, ek het 'n vier 'n ses en 'n nul en ek het 'n vier 'n sewe en 'n nul. Ek sê umfetoes dan het ons mos mooi 'n two G (R2 000). Daai moet genog wees vir die dag, ek sê.

## dis lekker by die see

EERSTERUST se jongmense gesels só oor die naweek se diskoteek:

- Haai tjomma lang hare dit is 16 ure vannag (ons gaan heelnag in die disko jol). Gaan ek dan nooit my 10 rand vir oom Awie gee nie. Hoe wil julle dan lewe. Ek gaan my op 'n noot sit (geld in die hande kry) die van dag. Al is die club 20 sjielings (R20) gaan ek nog. Wie wil nou al daai talent van Gahoteng mis? Nie dié kind nie.

- My ma moet haar net nie op 'n aanval gooi nie, want sy sing my nie 'n song nie en niemand sê my 'n resitasie nie (hoe ek my lewe moet lei nie). Wanne gaan ek dan ook hoog (die meisie van die oomblik) en op 'n pad is.

- Haai tjomma het jy jou op 'n uitrusting gesit? Vir wat is Edgars dan daa. Moet ek dan nooit lekker lyk nie? Julle wil altyd alleen hoog wees.

- O here hier kom nqcobo (Zoeloenaam wat gebruik word om te sê iets is lekker). Nou is dit regtig nqcobo time.

- Oh kyk die gê-geite (snaakse dinge). Is julle al weer op 'n pad.

- Haai jonkie mán. Ja meisie mán. Julle is mos hoog. Wanne, wanne moet ons ook 'n bietjie hoog wees? Wil jy dan alleen die jonkie (ou sonder 'n meisie) wees? Ja dit is mos nou weer daai tyd nou is julle weer vol gê-geite. Julle is weer vol kwale. Het jy miskien 'n kwaal want dié kind het nie een nie. Wanne gaan ek ook die girl van die moment wees. Kom ons sit ons solank op 'n drankie.

- Jy like praat van drankies, maar jy sit nooit 'n noot op die tafel nie en dan is jou keelgat die natste.

- Jonkie mán, sit my op 'n gwaai (gee my 'n sigaret). Daai kankerstokkies van die Jóburg meisie is te lig. En horrie, tjomma, vannag is daar niks van Lahla umlenza nie ('n dans waarin jy jou voete hoog opskop).

- En hoekom nie? Wanne moet die los jonkies dan kyk as ek soos 'n pop rod wieg?

- Já, julle doen die dinge.

- Daa kom daai Jóburg meisie nou ook seker vir die gê's (diskoteek). Meisie mán, jou hare is mos op 'n Joburg pad. Dis lekker daar by die see, né? (nie regtig die see nie maar enige lekker plek).

- Dis lekker by die see: kyk net hoe swem ek!

# sodat die aarde nie armer word nie

deur ina van der linde

## 'n Strategie van samewerking met tradisionele genesers is dringend nodig om die biodiversiteit van plante en bome te beskerm

NET agter die Universiteit van Kaapstad (UK) klou klein klossies oorblywende bergwoud teen die hange van Tafelberg. En terwyl 'n groep hooggeleerde botaniste vanoor die hele Suidelike Afrika en verskeie ander Afrika-lande by UK byeenkom om simposium te hou oor die bewaring en benutting van die suidelike streek van Afrika se botaniese diversiteit, is 'n groepie tradisionele genesers besig om bas van 'n aantal bedreigde bome in die bergwoud te stroop vir medisinale gebruike.

Die stroping van die bas van die assegaaibos en die Kaapse boekenhout, laasgenoemde vir hoesen braakmiddels, groei maandeliks omdat al hoe meer tradisionele medisynegebruikers in die Kaapse Vlakte intrek. En so ook die vernietiging van die oorblywende bergwoude.

Navorsing deur Bruce McKenzie (UWK), F Archer en T Sokutu (UK) wat op die simposium bekendgemaak is, wys dat 700 van die sowat 24 000 spesies in Suidelike Afrika vir medisinale preparate gebruik word. Baie van dié plante is algemeen en nie op die sogenaamde rooi data-lys van bedreigde spesies nie. Die uitwissing van plante in tradisionele geneesmiddels is dus klein vergeleke met die verwoesting wat op ander gebiede gesaai word.



Foto: SALLY SHORKEND

**Twee tradisionele genesers met van die bestanddele wat hulle uit die natuur kry**

MET "ANDER GEBIEDE" word in die Kaap veral verwys na die skade wat aan endemiese plantegroei aangerig is weens die snelle verstedeliking in die Kaapse Vlakte en Khayelitsha. Navorsing deur Julia Wood van die Nasionale Botaniese Instituut (NBI) en 'n span oor die vernietiging van strandveld-plantegroei en sandvlakte-fynbos weens die buitengewoon vinnige verstedelikingsproses wys dat minder as 31 persent van die oorspronklike strandveld-plantegroei oor is, en net 1,2 persent oftewel 4,84 vk km van die sandvlakte-fynbos.

Die besonder spesieryke sandvlakte-fynbos kom nog net voor op resiesbane, militêre gebiede en reserwes rondom kragpale en paaie. In die Kaapse Skiereiland is daar 100 spesies van die tipe plantegroei wat net hier voorkom (endemies) en 130 spesies wat op die rooi data-lys verskyn. In die Kaapse Vlakte is daar op afgesonderde plekke 'n verdere 22 spesies endemies aan die gebied en 74 spesies op die rooi data-lys.

En vorentoe lyk die prentjie maar donker. Voor die jaar 2005, word voorspel, gaan hier na verwagting 4 miljoen mense gevestig wees - met die daarmee gepaardgaande vernietiging van die oorblywende inheemse gebiede.

MAAR DEESDAE IS daar 'n sterk soeke na gemeenskaplike gronde tussen botaniste, tradisionele genesers en plaaslike gemeenskappe. En die gemeenskaplike grond het 'n naam gekry: etnobotanie. Dis 'n nuwe benadering van bewaring waar 'n verskuiwing plaasvind van 'n fokus net op die bewaring van plante na 'n holistiese benadering wat 'n vennootskap tussen mense en omgewing daarstel.

Dit sou beteken dat die ekonomiese potensiaal van plant-ekstrakte vir medisinale gebruike byvoorbeeld in vennootskap met tradisionele genesers ontwikkel word, en dat gemeenskapsleiers en opvoedkundiges betrek word by programme waarin die belangrikheid van plante vir die mens beklemtoon word.

Sowat 70 persent van alle swartmense, volgens McKenzie en kie, besoek tradisionele genesers gereeld. Om die vennootskap op die been te bring, gaan nie maklik wees nie, waarsku die drie navorsers. In Suidwes-Kaapland werk tradisionele genesers nie met bewaringsmense saam nie. Hoewel klein groepies van tyd tot tyd vereenselwig word met navorsingsprojekte, en "toepaslike" foto's geneem is om 'n vennootskap aan te dui, is dit meestal net gedoen om die onderliggende verskille met 'n glanslagie te bedek.

'n Ondersoek in 'n township buite Kaapstad wys dat sowat 1 500 tradisionele genesers in die streek werk. Om hul samewerking te kry gesels Sokutu nou met genesers met die doel om 'n organisasie te stig wat genesers se belange verteenwoordig op gebiede soos navorsing, die gebruik van botaniese bronne, en gesondheidsorg.

Die drie glo botaniese bronne kan op die lang termyn net bewaar word indien die tradisionele genesers saamwerk, omdat hulle 'n besliste uitwerking op die omgewing en op wetstoepassing gaan hê.

BEWEEG ONS BIETJIE weg van die Kaap, vertel AB Cunningham, 'n onafhanklike navorser, dat etnobotanie onder meer behels dat ons vir 'n slag deur die oë van die gebruikers van natuurbronne na dié bronne moet kyk.

Kundige gemeenskappe, wat leer deur die gebruik van natuurbronne en deur noukeurige waarneming eerder as deur formele opleiding, is 'n bron van waardevolle inligting. Tradisionele kennis van ekosisteme, die habitat en gewoontes van skaars diere en reptiele, en die berging en plant van inheemse graansoorte kan 'n belangrike rol speel in bewaring.

Maar hy waarsku teen die gevare van romantiese mites soos dat Afrika-mense in totale harmonie met die natuur leef. Tradisionele bewaringspraktyke bestaan, maar dikwels word spesies oorbenut en loop hulle die gevaar om uit te sterf.

'n Gebalanseerde benadering waarin die beste uit albei wêrelde geput word, is nodig vir bewaring. Hy haal J. Kingdon aan wat sê: Die antwoorde op bewaring moenie berus op propaganda-veldtogte nie, wat gou gesien word vir hul ware aard, maar moet berus in 'n groei in gedeelde kennis en debat. Die minimum-vereistes van plaaslike gemeenskappe is volgehoue aksieprogramme waarin hul mense betekenisvolle, afdoende en waardige rolle vir hulself kan vind. ■



Gaan die stootskrapers kom of nie?

ina van der linde

# die storm woed nog oor die duine

## Oor St Lucia is die laaste sê nog steeds nie gesê nie

HOE meer verslae oor St Lucia, hoe meer bly dinge dieselfde.

Ná jare se vermoeiende baklei vir en teen die ontginning van die duinestrook aan die Oostelike Oewer, het die WNNR so pas die finale verslag van die Omgewingsimpakstudie (OIS) uitgebring. Maar tot dusver het dit nie een van die partye oortuig om van standpunt te verander nie.

Onder die bekende bewaringsorganisasies en -figure is dit net John Ledger van die Bedreigde Wildeleweverenining wat ten gunste is van die ontginning van die duine. En hy was dit reeds voor die verskyning van die eerste OIS van die WNNR in Maart vanjaar.

Anders as wat Ledger beweer, is dit nie "net 'n klein groepie omgewingsaktiviste" wat gekant is teen ontginning nie. Gerespekteerde figure soos Ian Player van die Natuurlewe Leierskapskool, Tony Ferrar van die Natuurleweverenining van SA, George Hughes, direkteur van die Natalse Parkeraad en Nick Steele, direkteur van die KwaZulu Buro vir Natuurlike Hulpbronne (die KwaZulu "Parkeraad") tot by groepe soos die Zululand Environmental Alliance (Zeal) wat al sedert 1989 teen ontginning stry, en die sambreelorganisasie Stryd om St Lucia. En hulle was reeds voor die eerste OIS gekant teen ontginning.

En, natuurlik ook die geagte minister van Mynwese en Energiesake en meester van die kuns van takt en sensitiwiteit, George Bartlett. Hy het voor die OIS herhaaldelik gesê hy is ten gunste van ontginning en ná die OIS is hy sekerlik net meer oortuig van sy saak.

EN LAAT NIEMAND 'n fout maak nie. Die OIS is 'n deeglike stuk werk deur 'n groep wetenskaplikes wat nie kan bekostig om van partydigheid of eensydigheid beskuldig te word nie. Nie in 'n tyd waar die WNNR self sy potjie moet begin krap en nie langer op staatsubsidies kan reken om kop bo water te hou nie. Gaan lees maar net die verslag oor die hidrologie van die sandduine om te sien hoe te werk gegaan is.

Die finale verslag het probeer om 'n klomp sake aan te spreek waarteen kritiek gerig is ná die eerste verslag. Maar die hoofbevindings van die verslag verskil min van die vorige. 'n Paar definisies is verander, byvoorbeeld die frase dat die ontginning van die sandduine geen "onherstelbare skade" aan die omgewing sal aanrig nie, is vervang met 'n "matige negatiewe impak".

Nog 'n nuwe bevinding het te make met watergebruik by die voorgestelde myndam. Ondersoeke wys die myn se potensiële daaglikse watergebruik is onderskat. 'n Lekkasie in die myndam in sowat 8 persent van die myngebied sal die waterverbruik kan opstoot tot meer as 60 000 kubieke meter water per dag. Die verslag beveel aan dat daar nie in die gebied gemyn word nie. Dit beteken dat die myntoerusting uitmekaar gehaal word en weer aan die oorkant van die gebied aanmekaar gesit word, wat ekonomies nie betalend mag wees nie. Normaalweg dryf die toerusting van die een kant van die myndam na die ander kant.

Die OIS sê die watervoorsieningskema van Richards Bay Minerals (RBM) sal vir meer water voorsiening moet maak om aan die behoefte te voldoen. Die skema bly egter steeds tegnies moontlik en daar sal geen negatiewe impak op die Mfolozi-river of die meergebied wees nie.

'N HOOGS EMOSIONELE saak wat in die verslag bygewerk is en die hele kwessie nog meer kompleks maak, het te make met mense wat tussen 1950 en 1974 uit die gebied verskuif is. Die hoofaanspraakmaker is hoofman Mineus Mkhawanazi en sy 30 000 volgelinge. Die groep het skriftelik aan RBM verklaar dat hulle ten gunste is van die ontginning van die duine.

'n Kleiner groep onder leiding van 'n tradisionele geneser, Phineas Mbuyazi, maak glo ook aanspraak op die grond, maar is gekant teen die ontginning. Hy dring daarop aan dat hul grondregte eers herstel word voordat 'n besluit oor ontginning geneem word.

Die verslag stel voor dat hervestiging as volg aangespreek word: 'n Proses van onderhandeling moet onmiddellik tussen die staat en aanspraakmakers begin en so gou moontlik afgehandel word; die Groter St Lucia Ontwikkelingsforum moet gevestig word wat toesig kan hou oor die hele ontwikkelingsproses in die gebied.

Bewaringsmense is uiters versigtig om hulle oor die kwessie van die terugverskuiwing van Mkhawanazi en ander uit te laat. Wally Menne, voorsitter van Zeal, sê egter diegene wat uit die gebied verskuif is, moet ander staatsgrond aangebied word. Maar hy sê hulle moenie terugverskuif word nie omdat die impak van so 'n groot groep mense op die sensitiewe omgewing te groot sal wees.

En terwyl Bartlett steeds vasbeslote is dat die kabinet oor die saak gaan besluit voor die verkiesing volgende jaar, meen die ANC en die meeste bewaringsmense die besluit moet by die volgende regering berus. Hulle vertrou eenvoudig nie langer die regering nie en dié gebrek aan vertroue het nie net bietjie met Bartlett (en sy voorgangers) se hantering van die saak te make nie.

Maar almal gee toe: hierdie gaan uiteindelik 'n politieke besluit wees en ook hieraan gaan selfs die OIS nie veel van 'n verskil maak nie. ■



Foto: SALLY SHORKEND

# die hip oubaas **met die sax**

**Manu Dibango** se wortels lê in die klassieke opleiding wat hy as jong seun in Frankryk gekry het en die Afrika-jazz (makossa) van Kameroen, sy geboorteland. Sy grootste treffer, "Soul Makossa" is die gewildste kortspeler van 'n Afrika-kunstenaar nóg en is ook vir 'n Grammy genomineer. **ESMA ANDERSON** gesels met hom

**Jy is waarskynlik die hipste 60-jarige in die rondte...**
Jy't dit gesê, nie ek nie.

**Hoe hou jy by met die altyd vinniger wordende ritmes van die 1990's?**
As jy dink aan musiek van 'n sekere era, onthou jy nie noodwendig die jaar nie, maar die musiek, want dis wat hou. Dink maar aan Mozart, Bach en Beethoven. Musikante werk met tydlose goed.

Die res is relatief, soos nasionaliteit. Jy is nie 'n Afrika- of Europese musikant nie. Jy is 'n musikant afkomstig van Afrika of Europa. Jy maak nie musiek weens jou roots nie, maar oor die musiek self. Uiteindelik maak dit nie saak of jy 60, 70 of 80 is nie. As jy passie het vir iets, is daar geen ouderdom nie.

**Kan jy ná 45 jaar in die bedryf steeds sê dit is jou passie?**
Ek is steeds verlief op die musiek. Sodra jy op die verhoog is, vergeet jy van die praktiese probleme van toer en so aan. Wat jy intellektueel doen, en vir die gees, is om te skep. Om op die verhoog te klim saam met jou band. En as jy moeg is daarvoor, kan jy nie daarin slaag om jou passie te spaar nie, want jou passie - die musiek - is die baas. Jy is slegs 'n dienaar. Jy is nie verhewe bo die musiek nie, jy moet dit respekteer.

**Toe jy jou jazz met reggae, hip-hop en rap gemeng het, het mense nie gekla omdat hulle jou as 'n jazz-musikant ken nie?**
Ek is nie 'n puris nie. Ek haat puriste. My eie gevoelens is belangriker as hulle. Ek maak musiek soos ek die musiek voel. My musiek is veelsydig, want die lewe is veelsydig. Ek hou van die beste klassieke musiek, rap, reggae en so aan, maar altyd die beste.

**Hoe voel jy oor techno, house en acid house? Is dit die volgende stap?**
Ons leef in 'n rekenaar-era. 'n Mens moet weet wat 'n masjien vir jou kan doen, want mense het die masjien gemaak. Wat die musiek betref: mense - veral in Europa - kan nie dans nie. Die techno beat gaan boom-boom-boom-boom. Jy kan nie links of regs trap nie, so hulle hoef nie skaam te voel as daar 'n mooi mademoiselle in die rondte is nie. Makossa is 'n ander storie, want 'n mens moet kan dans. Met techno kan almal boogie.

**Is makossa net vir mense wat kan dans?**
Nee, vir mense wat dit kan voel. Ek is self nie 'n danser nie, maar ek dans in my kop. Dit is dalk die deel van my roots wat sterk uitkom: om die danserige goed in jou kop te hê as jy komponeer.

**Jy het self hard gewerk om die genres van Afrika-musiek te verbreed, maar mense het steeds 'n baie eng siening van wat Afrika-musiek is.**
Mense - selfs musikante - hou daarvan om dinge te klassifiseer. Ek is 'n breker. Ek hou daarvan om al daardie goed af te breek. Ek wil tegelyk alles en niks wees nie. Toe ek reggae opgeneem het, was ek in Jamaica om by die bestes te leer. Ek gebruik dit meestal om my musiek in te kleur. Want musiek is 'n klomp kleure, soos 'n skildery. Ek is nie 'n monokleur man nie.

**Jy is opgelei as 'n klassieke pianis. Maar jy speel ook vibrafoon, keyboards, marimbas, fluit en kitaar. Hoe het dit gekom dat jy saxofoon begin speel het en dié instrument deesdae die een is waarmee jy verbind word?**
Dit het eintlik begin as 'n grap. Snaaks genoeg is my vrou Belgies. 'n Belg, Adolf Sax, het die saxofoon gemaak. So ek weet nie of ek eers op my vrou of eers op die saxofoon verlief geraak het nie. Ek het dit in 1953 begin speel nadat 'n vriend wat geïrriteerd was omdat ek heeldag klavier sit en oefen het, my aangepor het om die saxofoon te leer speel. Aan die begin was ek maar vrotterig. My liefde vir die saxofoon het eintlik maar geleidelik gekom.

**Watter musiek het jou die meeste beïnvloed?**
O baie, van Armstrong, Bach, tot Franco vir Afrika-jazz. Ek het saam met 'n hele klomp Amerikaanse, Afrika- en Europese musikante gespeel. Hulle het my almal beïnvloed. Maar ek is steeds verlief op die musiek van Duke Ellington, Nat King Cole en daai mense.

**Jy verskyn nooit sonder jou sonbril nie. Haal jy dit ooit af?**
Agter dié sonbril is my persoonlike, private lewe. Ek deel dit net met my familie. Ek het dit aanvanklik begin dra weens die ligte op die verhoog en in TV-ateljees. Ek dra dit nie tuis nie.

**Jy het in die verlede net in onafhanklike Afrika-lande opgetree. Hoe voel jy daaroor om nou hier te wees in Suid-Afrika met al sy probleme?**
Jy weet, ons weet meer van julle as wat julle van ons weet. Maar soos wat al hoe meer musikante en kunstenaars hier kom toer, sal ons baie meer van mekaar leer. Leer om min of meer in pas te beweeg as 'n kontinent. Maar om enigiets in die lewe te verander, kos tyd. Toe ek hier aankom en julle stad (Johannesburg) sien, was dit asemrowend. Daar is natuurlik baie probleme ook. Maar dit is baie opwindend om nou probleme te hê - want sonder probleme raak die lewe soms nutteloos.




Foto: PAUL WEINBERG, Southlight

**Landmyn-slagoffers in Mosambiek**

deur james north

# die oorlog wat **nooit** ophou nie

## Die skokfeite: Sowat 200 miljoen landmyne is in 'n handvol lande geplant. Vyf tot tien miljoen myne word steeds elke jaar vervaardig. Sowat 30 000 mense word jaarliks deur personeelmyne vermink of gedood

PATRICK BLAGDEN, 'n afgetrede Britse generaal, hou sy versameling landmyne in 'n eenvoudige staalkabinet in die hoek van sy kantoor in die Verenigde Nasies se New York-hoofkantoor.

Blagden, 'n sesvoeter met 'n kersregop militêre houding, gebruik sy kabinet vol myne om sy saak duidelik te stel: die vervaardiging en handel in landmyne moet verbied word.

"Ek is nie op 'n kruistog nie," sê hy met 'n stem wat styg, "maar ek is desperaat."

Blagden - sy amptelike titel by die VN is "ontmyningskenner" - is deel van 'n groeiende internasionale veldtog om landmyne te elimineer. Ook in die veldtog is die Vietnam Veterans Foundation, Human Rights Watch van New York, omgewingsgroepe, vredesgroepe, afgetrede militêre mense, en organisasies wat vir gestremdes se regte werk.

Al kry dit min publisiteit, is die vermeerdering van personeelmyne een van die belangrikste wapenbeheer-kwessies van die era ná die Koue Oorlog. 'n Geskatte 200 miljoen myne - moeilik om op te spoor, gevaarlik en tydrowend om onskadelik te stel - is gestrooi oor lande en gebiede waar daar konflik is of was.

'n Studie van Human Rights Watch se Wapenprojek wat binnekort verskyn, onthul dat 5 tot 10 miljoen myne jaarliks vervaardig word - tien keer meer as vorige skattings.

Sowat 30 000 mense word jaarliks deur myne vermink of gedood - 90 persent van dié slagoffers is burgerlikes.

Danksy die anti-landmynkoalisie het die Amerikaanse Kongres in September 1992 'n jaarlange moratorium op die uitvoer van landmyne geplaas. Dié moratorium verstryk volgende maand, maar senatore probeer dit verleng.

DIT IS EGTER net 'n klein deel van die oplossing. Hoewel Amerika een van die grootste vervaardigers van myne was, kom die meeste landmyne nou uit China, die lande in die voormalige Sowjet-Unie en Italië.

Minstens 75 maatskappye in 44 lande vervaardig landmyne, het navorsers van Human Rights Watch in die deeglikste opname tot dusver bevind. En omdat die myne so goedkoop vervaardig kan word - 'n kleintjie so groot soos 'n skoenpolitoerblikkie wat 'n mens se been kan afblaas, kos minder as R10 - is 'n totale verbod waarskynlik dekades ver.

Die meeste myne is gesaai in Derde Wêreldlande wat insurgensie-oorloë ervaar het: Kambodja, Afghanistan, Angola, noord-Irak en Mosambiek.

Die geskatte syfer van 200 miljoen is nie noodwendig baie akkuraat nie, maar daar is geen twyfel nie dat dit elke dag toeneem. Party myne is deesdae "strooibaar" - hulle word in groot getalle gesaai deur vliegtuie, helikopters en artillerie. "Wat 'n hele bataljon tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n hele dag geneem het," sê die Human Rights Watch-verslag, "kan nou in minute gedoen word."

Landmyne het gewilde wapens in oorloë van lae intensiteit in die Derde Wêreld geword. Volgens konvensionele militêre denke is landmyne eintlik bedoel as offensiewe wapen soos om jou anti-tenk-mynvelde te beskerm of 'n inval te vertraag. Maar in deesdae se konflikte word dit gebruik om jou vyand uit sekere gebiede te hou, te keer dat hulle op jou jag maak, en om hulle te demoraliseer.

In Angola is daar twee landmyne vir elkeen van die land se 9 miljoen mense en in Afghanistan lyk dié syfer nie veel beter nie. Die direkteur van Human Rights Watch se Wapenprojek, Ken Anderson, sê: "Landmines have now become weapons of mass destruction in slow motion."

Teen-personeelmyne vermink mense gewoonlik eerder as om hulle te dood. (Anders as die veel groter, maar skaarser anti-tenkmyne, wat nie deur die veldtog gedek word nie.) Personeelmyne verwoes gewoonlik die voete en bene, wat veroor- ▶

saak, dat die ledemate in byna alle gevalle afgesit moet word.

"In Amerika het een uit elke 22 000 burgers 'n afgesitte been of voet. In Kambodja is dié syfer een uit elke 236," sê Anderson.

Personeelmyne word al moeiliker om op te spoor. In sy VN-kantoor onderstreep genl Blagden die punt: soos 'n staatsaanklaer met verdoemende getuienis haal hy twee donkergroen plastiekvoorwerpe wat soos yo-yo's lyk uit sy kabinet. Hy wys na die een: "Sowjetplastiek, vryelik beskikbaar in Kambodja." En die ander: "Chinese plastiek, vryelik beskikbaar in Kambodja."

Hy skroef een van die yo-yo's oop. "Daar is net twee metaaldele in dié een - die pen ..." en hy wys na 'n klein stukkie metaal, "...en die ontstekingsfoelie. Daar's nie veel metaal wat dit kan verklik nie, veral nie as dit 'n paar sentimeter diep is nie. Dié een het waarskynlik net so drie en 'n halwe dollar gekos. Dit sou waarskynlik 'n amputasie onder die knie tot gevolg gehad het - as jy die beseerde gou genoeg by 'n hospitaal kon kry."

Om myne op te spoor en onskadelik te stel is 'n duur, tydrowende en gevaarlike aktiwiteit. Dit kos minstens 'n honderd keer meer tyd en energie om 'n myn te lig as om dit te plant. Leërs is veronderstel om verslae en kaarte te hou van wát hulle wáár plant, maar min doen dit. En van "strooibare" myne kán daar nie rekord gehou word nie. Soos Blagden verduidelik: "Die mense wat gedood of vermink gaan word, is onskuldige burgerlikes. Hulle het nie die kaarte nie; hulle het nie die vermoë om dit te lig nie; hulle weet nie eens hoe lyk 'n landmyn nie."

RAE MCGRATH, ook 'n afgetrede Britse soldaat, is 'n mede-stigter van die Mines Advisory Group, 'n liefdadigheidsorganisasie in Cumbria, Engeland, wat arm gemeenskappe help om myne in paaie en landerye te vee. McGrath glo lande waar baie myne geplant is, "sal ons waarskynlik 'n dekade of meer nodig hê om die meeste myne te vee - dis nou as daar geld is."

Die groep beskou dit as 'n spesiale taak om kinders in die verskillende lande te waarsku teen landmyne. In Kurdistan en Kambodja gee hulle skoolboeke uit met mynwaarskuwings op die buiteblad.

"In omtrent elke land gebeur dit dat kinders met myne speel. Ons het foto's van Khmerkinders wat rolbal met landmyne speel. Een van ons mense het 'n foto uit Kurdistan teruggebring van 'n seuntjie met 'n lorrie wat hy self gebou het - die agterwiele is personeelmyne wat om die een of ander rede nie afgegaan het nie."

Daar gaan dalk oor twintig jaar nie meer kernwapens wees nie, maar in die jaar 2013 sal duisende mense waarskynlik steeds deur personeelmyne vermink of gedood word.

© *In These Times*



Gaan hulle vanaand by die huis kom?
Foto: Sally Shorkend.

# die dood staan oral tou

## As jy swart is, moet jou tydsberekening reg wees, skryf **MUSA ZONDI** van die dagblad *Sowetan*

SWART pendelaars kom voor 'n moeilike keuse te staan elke oggend wanneer hulle werk toe gaan en elke aand wanneer hulle huis toe gaan.

Die keuse is in watter tou van die dood moet hulle gaan staan: gaan dit vandag veiliger wees in 'n trein, of veiliger in 'n taxi?

Gaan Putco 'n veiliger keuse wees, of dalk 'n fiets of motorfiets? Wat van voetslaan, of dalk duimgooi?

Dit is die lewe-en-dood-keuses. 'n Kollega van die Oos-Rand sê elke oggend van sy lewe staan hy voor die vraag van wat gaan veilig wees. "Maar jy kan enige plek doodgaan. Dit maak nie regtig saak waar jy is of watter vorm van vervoer jy gebruik nie."

Elke oggend as hy in die taxi klim, dink hy: "Dis dalk jou laaste rit." As jy in 'n taxi sit, kan jy maklik in 'n stormreën van koeëls sterf, afgevuur deur gesiglose aanvallers wat nooit deur die polisie gevang word nie.

Dit kan dalk na 'n siek idee klink, maar ek het plekke besoek waar mense wag vir vervoer werk toe. Terwyl jy kyk na die gesigte van die mense, stralend en mooi op die lente-oggend, kom die gedagte onvermydelik by jou op: van hulle gaan dalk nie vanaand by die huis uitkom nie.

Hul kraakvars klere gaan dalk later in die dag deurweek wees van bloed, terwyl hulle bloei vir misdade waarvan hulle niks weet nie.

Pakkies lekkers en ander goedjies wat hulle huis toe wou vat, gaan dalk oral oor die straat versprei lê nadat die taxi, of watter vorm van vervoer ook al, in 'n hinderlaag gelei is.

Die wagtende eggenoot gaan dalk vir altyd wag. Die kinders gaan dalk vir altyd wag. Dit is 'n oneindige gewag.

Dit maak nie regtig saak watter vorm van vervoer jy gebruik of tot watter klas van die gemeenskap jy behoort nie. Al wat saak maak, is die kleur van jou vel.

JY KAN ENIGE plek sterf. Jy kan sterf in 'n koeëlreën terwyl taxi-eienaars baklei. Jy kan sterf wanneer jy uit 'n Putco-bus klim. Jy kan geskiet word as jy langs die straat vir jou vervoer wag.

As jy gelukkig genoeg is om by die huis uit te kom, kan 'n motor verbykom voor jy by die voordeur is en kan die insittendes, gesiglose skurke, jou vol lood pomp.

Maar as jy gelukkig genoeg is om in jou huis te kom en aandete saam met jou gesin te eet, probeer dit geniet terwyl jy kan. Want jy en jou gesin gaan dalk nie die volgende oggend wakker word nie.

As jou idee van jou sorge begrawe is om 'n sjebien te besoek, sal die mense in Sebokeng vir jou sê dít is ook nie veilig nie. Of jy kan sterf tydens 'n nagwaak terwyl jy 'n laaste eerbewys betoon aan iemand wat ook doodgeskiet is.


Deesdae kan jy omtrent enige plek sterf. Dis net 'n kwessie van tydsberekening.

Wees op die regte plek op die regte tyd en jy sal dalk oorleef. Wees op die verkeerde plek op die verkeerde tyd en jy is 'n lyk.

Maar jy sal nooit weet wat die regte tyd of plek is nie - tensy die gode aan jou kant is. ■



Dié pendelaar het nie die rit oorleef nie.



# 'n stem roepende in die woestyn...

deur ina van der linde

## Radio Pretoria soos aankondigers by die kerkbasaar

"ONS gaan aanhou praat totdat hulle ons glo." Dis net ná vier-uur Dinsdagmiddag en dis boere-bravade by monde van Chris Conradie, KP-stadsraadslid en bestuurder van Radio Pretoria, vanuit die astrante klein uitsaaistasie vir regses op die stowwerige Transvaalse hoëveld.

Of ons hulle glo, is 'n ander storie. Sedertdien het Radio Pretoria "tydelik" ophou uitsaai na 'n ooreenkoms met minister Danie Schutte om weer 'n aansoek in te dien vir 'n tydelike uitsaailisensie. Die week vooraf het die hele petalje gesorg vir amusante afleiding. Veral vir die vindingryke manier waarop hulle die tydelike lisensie bekom het: deur voor te gee dit gaan oor Bybelverspreiding. Ai, ons het nou maar eenmaal 'n sagte plekkie vir "Die Boek"!

Die stasie is op Donkerhoek, plaas van nog 'n bekende regse, Koos Reyneke. Hy verduidelik die simboliese betekenis van Donkerhoek - "Diamond Hill" noem die Engelse dit - waar die Boere en die Engelse mekaar die stryd aangesê het pas nadat Roberts en die Britse troepe Pretoria ingeneem het.

Koos sê in daardie stadium was die boere vreeslik mismoedig, maar ná die veldslag - wat onbeslis geëindig het - het hulle weer moed geskep. Dit was 'n keerpunt in die verloop van die Boere-oorlog. Ná die veldslag het hulle weer hul veglus teruggekry.

Op pad na Donkerhoek jaag Conradie vervaard by ons verby. Hy kom met die nuusbulletin van hul kantoor in Pretoria-Noord - 50 km daarvandaan. Hy word deurgelaat, VWB word voorgekeer deur 'n gewapende man met 'n stoppelbaard. Oor 'n radio word verneem ons mag na ingaan nie. "Skryf nou mooi oor ons en dan sal ons jou miskien toelaat," sê sy bebaarde makker simpatiek.

Doer in die verte kry ons as troos 'n blik op die radiomas van so 20 meter hoog. 'n Vierkleur wapper bokant die kop van 'n gewapende man in swart uniform.

Die nuusbulletin word om kwart-oor-vier gelees deur Anita Armand, "Afrikaner Boere-heldin" soos Conradie haar herhaaldelik noem. En hy lap sommer uit hoe sy kaalvoet oor die duwweltjies (of dalk het hy bedoel die Drakensberge) daar ingestorm gekom het en dat sy steeds kaalvoet is. Wys net wat gebeur as mens 'n bestuurder uitsaaier maak.

EN ÍS SY geesdriftig! "Dis Rádio Pretória die énigste wáre vólksradio..." Dis die tweede dag wat hulle voortgaan met hul onwettige uitsending. nadat Schutte hul lisensie teruggetrek het. Ná die nuus - hoofsaaklik oor regse aktiwiteite - is daar boeremusiek, Rina Hugo, boeremusiek, weer Rina Hugo, boeremusiek, doedelsakmusiek, Franse en Duitse liedere, 'n musikale verwerking van Ob la di Ob la da van die Beatles - solank hulle net nie sing nie, want daar word nie volksvreemde Engels uitgesaai nie - en weer boeremusiek, aanmekaar vir 'n kwartier op 'n slag sonder om te sê op wie se musiek ons vergas word. Die kwartier voel later soos 'n uur. Die oggend met Johannes van der Walt was dit baie Duitse marsmusiek en 'n toespraak van DF Malan.

Armand kom uiteindelik weer aan die woord. Vertel hoe mense van ligdag tot donker na die radiostasie stroom. "En hulle kóm hier íngestórm met púre vrólikheid en lág in die oë." Bring koppies en ketels en meubels en 'n vrag gruis om rondom die stasie te gooi vir al die stof. En nog geld is welkom. Of enigiets anders.

Maak jou oë toe en dit klink soos 'n kerkbasaar wat 'n veiling hou en mense aanmoedig om asseblief mildelik by te dra. Heel gepas word die woord "God" en "Christelik" sommer baie gebruik. Met 'n dimensie by: Die groot onreg wat die regering die volk aandoen om hul tydelike lisensie op te skort. En as die regering teen die volk optree, is dit eintlik teen die liewe Here self gemik, want is hulle dan nie "knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry" nie, die strofe uit Die Stem wat soggens vroeg met die opening van die stasie voorgelees word.

Conradie lees 'n boodskap van 'n leser voor met trots en aandoening in sy stem: "Dankie vir Radio Pretoria wat die enigste radiostasie is wat die Drieënige God as die enigste God erken".

Woensdagoggend en die "radio wat volksbesit geword het" gaan steeds dapper voort.

'N LESER KLA oor die baie boeremusiek. Madeleine Botes van Pretoria - 'n bekende in regse kringe - se brief word voorgelees waarin sy pleit vir moderne Afrikaanse musiek en selfs vir Johannes Kerkorrel - "hy sal dalk selfs later by ons aansluit".

A, dan kom die verklaring: die radiostasie het nog nie eintlik musiek nie. Dis Armand en Johannes van der Walt se eie plate, maar lesers kan gerus musiek aanstuur.

Net anderkant Verwoerdburg raak die stem weg en dan "Hier's oom sjjjjjj (Grobler?). Hy het vir ons 'n sjjjj (sweep?) gebring." "Ja," sê die oom, "ek gee dit met my hele hart vol dankbaarheid aan julle. Ek maak dit self en mens kan 'n hele sjjjjjjjjj (span osse daarmee aandryf?) sjjjjj... En net agter die bult raak die stem heeltemaal weg.

Tog half jammer die uitsendings is gestaak, want anders sou Radio Pretoria gou genoeg agtergekom het dat verveling en selfgenoegsaamheid hulle op die lang duur, luisteraars gaan kos. En dat politieke astrantheid 'n radiostasie ook maar net s'o ver kan dra ■



Wat het Koekenaap en Krakow gemeen? Of Murmansk en Madras? Ouagadougou en Wollongong? Coca-Cola. Die drankie én die advertensie, al is dit net op 'n yskas of 'n winkelmuur. Meer mense op dié planeet weet van Coke as wat van maanreise of die atoombom - of Aids - weet. Argeoloë in die jaar 6 000 sal verskoon kan word as hulle op reste van ons huidige beskawing afkom en glo Coke was ons universele godsdiens - tensy Coke dan nog bestaan, want die nuwe reklamekreet is: Altyd Coke. **ESMA ANDERSON** ondersoek die fenomeen Coca-Cola

# planeet coca-cola

WANNEER die geel skyf van die son met dagbreek oor die horison verskyn, kon dit net sowel Coca-Cola se rooi frisby-agtige skyf met die kenmerkende wit Spenceriaanse letters gewees het. Daagliks buig aardlinge in amperse aanbidding van dié rooi skyf soos antieke samelewings voor die son se geel sirkel gebuig het.

Want met elke sekonde wat verbyflits, sluk 'n dorstige wêreld byna 400 000 Cokes in meer as 185 lande - méér lande as wat deur die VN "verenig" word.

Coca-Cola is só gewild dat die maatskappy op grond daarvan die voortbestaan van dié gaskoeldrank byna tot 'n natuurwet verhef in hul reklame. Want so seker soos die geel skyf elke oggend in die ooste verrys en die sterre elke aand skyn, word belowe, so seker kan jy wees Coke sal steeds die "real thing" bly om jou dors te les. Coca-Cola sal vir ewig daar wees, jubel die jongste reklameveldtog. Altyd Coca-Cola. En miljoene verbruikers sê wêreldwyd asemloos "amen".

Coke se sukses strek verder as die reusagtige verkope daarvan. Naas die woordjie "OK/okay", is Coke waarskynlik die bekendste woord ter wêreld. Dit is wêreldwyd die bes verspreide verbruikersproduk en, alle kultuurprodukte in ag genome, seker die grootste gemene deler.

'n Onlangse reklame-video begin met die rooi Coca-Cola-skyf wat stadig verdof om die aardbol te onthul. Dié superponering lyk dalk verregaande - maar word wakker en ruik die koffie: dis Coca-Cola planeet dié! Want Coke het waarlik die wêreld verower. En nie net aardlinge se beursies nie, maar ook hul harte.

COKE IS VANDAG veel meer as net 'n gaskoeldrank. En die byval wat dit by mense vind, gaan om méér as net smaak.

Toe Coca-Cola in die middel-tagtigerjare bekommerd begin raak het oor die stygende gewildheid van Pepsi en boonop ontdek het dat geblinddoekte mense in toetse die smaak van hul aartsvyand verkies, het hulle in 1985 aangekondig dat hulle hul formule verander. Nuwe Coke sou verbruikers se behoefte aan 'n soeter produk bevredig. New Coke is gebore.

Maar tot hul groot verbasing was dié besluit 'n groot flater. Amerikaners het in hul hordes in opstand gekom. Sakke en sakke vol protesbriewe is by die maatskappy afgelewer. Van die briewe het gesê dis so erg as wat dit sou wees as God skielik die gras pers sou maak en dat hulle nie méér ontsteld sou kon wees as iemand die Stars 'n Stripes in hul voortuin verbrand het nie.

"Changing Coke," het een ontstoke briefskywer gesê, "is like breaking the American dream, like not selling hot dogs at a ball game." 'n Ander het uitgevaar: "Would it be right to rewrite the Constitution? The Bible? To me, changing the Coke formula is of such serious nature."

Die storm wou nie oorwaai nie - en die maatskappy is gedwing om die knie te buig voor die openbare smaak. Die dag toe hulle aankondig die oorspronklike Coke word teruggebring, kry die maatskappy 18 000 telefoonoproepe van dankbare dorstiges.

Maar dié blaps was nie 'n totale ramp nie. 'n Beter reklamefoefie sou die Coca-Cola maatskappy seker nie self kon uitdink nie. Die bohaai het hulle maande lank gratis reklame gegee - en die verkope van tradisionele Coke het die hoogte ingeskiet.

Die Coca-Cola maatskappy moes finaal erken: al besit hulle Coke dalk in naam, is hulle eintlik maar net die dienaars van hul produk, hul eie skepping. Want smaak en marknavorsing het uiteindelik niks met Coke se gewildheid uit te waai nie.


Dit gaan om wat Coke verteenwoordig. Dis 'n magtige simbool, amper 'n ikon. En veral vir Amerikaners, so belangrik soos God, volk en vaderland.

Coke is omhul met mites en mistiek. Daar is die mite van "the real thing" wat nie geëwenaar kan word nie. Volgens dié mite is die unieke resep van Coke 'n geheim wat net twee mense ter wêreld ken. Die enigste geskrewe weergawe daarvan is veilig toegesluit in 'n bewaakte kluis in Atlanta, die geboorteplek van Coke. Dié sogenaamde 7X-formule lys die sewe bestanddele wat Coke sy kenmerkende geur gee en dit die "real thing" maak. Maar selfs al lek dié formule uit (soos na bewering al telkemale gebeur het), sal Coke ontken dat dit die ware Jakob is. Boonop staan geen voornemende entrepreneur 'n kat se kans om Coke se enorme wêreldwye infrastruktuur na te aap en sy produk teen dieselfde prys of goedkoper te verkoop nie.

MAAR MEER NOG. Coke verteenwoordig alles waarin Amerikaners glo en die res van die wêreld soos skape navolg: die Amerikaanse Droom, kapitalisme en die Westerse en veral Amerikaanse beskawing en lewenswyse.

Hoe gebeur dit dat 'n blote gaskoeldrank al dié dinge vir 'n hele planeet van verskillende nasies en verskillende kulture kan verteenwoordig? Die sleutel tot dié raaisel lê opgesluit in Coca-Cola se geskiedenis, die era waarin dit ontstaan het en die waardes wat in daardie tyd posgevat het en vandag nog heers. Dis die verhaal van 'n produk wat vandag, soos meer as 'n honderd jaar gelede, heerlik smaak en verfrissing beloof en van 'n maatskappy wat heeltyd die waardes wat dit verteenwoordig herinterpreteer om byderwets te bly.

En natuurlik reklame. Coke is eenvoudig die mees geadverteerde produk in die geskiedenis. Dit is een van die grootste suksesverhale van die gebruik van reklame om 'n produk wat niemand nodig het nie, altyd "within arm's reach of desire" te plaas.




**Een van nege planete wat om 'n klein, indrukwekkende sonnetjie wentel. Bestaan uit 90 persent water. Die Aarde-Coca-Cola planeet.**




## van kokaïne en kafeïne

### - toe Coca-Cola nog skop gehad het

VERTEL Coca-Cola die verhaal van sy ontstaan, klink dit amper soos die maagdelike geboorte. 'n Held met 'n beskeie, nederige begin wat later die wêreld aan sy voete sou hê.

Hulle verswyg die feit dat Coke eens 'n kragtige skop gehad het: met ekstrakte van kokablare (kokaïne) en kolaneut (kafeïne), die bestanddele wat Coca-Cola sy naam gegee het.

'n Coca-Cola pamflet vertel dié drankie se verhaal so: "Die produk wat honderd jaar later die wêreld se bekendste smaak sou wees, het op 8 Mei 1886 in Atlanta, Georgia, sy beskeie ontstaan gehad. Tot hede is daar nie duidelikheid oor die apteker dr John Styth Pemberton se destydse voornemens nie. Maar die legende lui só: Pemberton het dit wat later die Coca-Cola-stroop sou word, vir die eerste keer in sy agterplaas vervaardig met 'n roeispaan in 'n koper-driepootpot.

"Hy is toe met 'n beker vol van die nuwe produk straat-af na Jacob's Pharmacy, waar dit by 'n koeldranktoonbank verkoop is teen 5c per glas."

Maar volgens Mark Pendergrast se onlangs gepubliseerde boek *For God, Country and Coca-Cola*, is die ware geskiedenis van Coca-Cola baie meer omstrede.

IN DIE LAAT negentiende eeu, skryf hy, ondervind Amerika 'n enorme omwenteling. Die Amerikaanse Burgeroorlog tussen die Noorde en die Suide is skaars verby en onder die wapperende Stars 'n Stripes ontstaan 'n nuwe patriotisme in die verenigde Amerika.

En ook 'n vreeslike geldsug. Selfs predikante verkondig die geldmaak-evangelie. Godsdiens, kapitalisme en patriotisme word sinonieme. Mark Twain doop dié era die Gilded Age.

Verstedeliking vind so vinnig plaas dat Amerikaners in hul aanpassingsfase heelwat senu- en hipochondriese probleme ervaar. Talle mans ontwikkel weens oorlogbeserings die gewoonte om hulself te dokter. Kwaksalwers gedy en talle word miljoenêrs.

In dié tyd droom John Pemberton, Coca-Cola se skepper, van rykdom. Anders as die meeste kwaksalwers is hy 'n geleerde man met twee grade - een as dokter en een as apteker. Hy het 'n hele reeks patente medisynes op die mark.

In die vroeë 1880s ontdek die Westerse mediese wêreld die wonders van die ekstrak van 'n Suid-Amerikaanse blaar: Coca, of kokaïne. Dit word in mediese tydskrifte geprys as 'n hulpmiddel vir spysvertering, 'n seksuele opkikker, 'n lewensverlenger, 'n kalmeermiddel en 'n pynstiller. Selfs Sigmund Freud besing die deugde daarvan.

'n Korsikaan, Angelo Mariani, slaan munt hieruit en vervaardig Vin Mariani - 'n wyn met genoeg kokaïne in om jou ná 'n glasie báie gelukkig te maak. Dié wyn word veral as 'n "intellektuele" drankie gewild. Tot die pous prys dit aan.

Pemberton laat nie op hom wag nie. Teen die middel 1880s bemark hy self 'n namaaksel van Vin Mariani - maar hy voeg 'n kolaneutekstrak by (wat meer kafeïne bevat as koffie of tee).

Kokaïne is ook geprys as 'n geneesmiddel vir morfienverslawing - 'n gewoonte wat Pemberton aangekweek het nadat hy in die oorlog beseer is en dit as pynstiller gebruik het.

PEMBERTON SE French Wine of Coca verkoop goed - maar toe dit lyk of sy drome van rykdom waar gaan word, word die drankverbod aangekondig. Atlanta sou teen 1886 die waterkar ry.

Onseker of drank vir medisinale gebruik toegelaat sou word, begin hy werk aan 'n alkoholvrye formule, wat Coca-Cola sou word. Sy vennoot, Frank Robinson, skep die naam Coca-Cola en die kenmerkende lettertipe.

Toe Pemberton in 1888 weens maagkanker sterf, bekom Asa Candler die patentregte en stig kort daarna die Coca-Cola-maatskappy.

Maar berigte oor die skadelike uitwerking van kokaïne verskyn teen 1900 al hoe meer gereeld en dit begin lyk asof kokaïne verbied gaan word.

Candler wil eers niks daarvan hoor om die kokaïne uit te haal nie, maar kort daarna - waarskynlik in 1901 - gee hy 'n farmaseutiese maatskappy opdrag om die kokablare te dekokaïniseer. Sedert 1903 is Coke kokaïne-vry. Candler en die Coca-Cola-maatskappy ontken daarna dat Coca-Cola ooit kokaïne bevat het.

# die heilige water van atlanta




"HEL, ek weet nie van enigiets waarop ons nié adverteer nie." Aan die woord is John Candler, die seun van 'n eertydse Coca-Cola president, Asa Candler. Nee, dis nie net 'n paar jaar gelede nie. Dis 1913.

Tóé al het Coca-Cola só wyd geadverteer en versprei dat dit die nasionale Amerikaanse drankie genoem is. Versadigingsreklame was al in 1889 hul strategie - en dit het Coke in 'n ikon verander.

Coke het, soos die tradisie van die makers van die patente medisynes wat hulle voorafgegaan het, op omtrent enige ding geadverteer: koerante, plakkate, muurskilderye, vuurhoutjiedosies, kalenders, termometers, Japanse waaiers, boekmerke, sigare, skinkborde, horlosies en jo-jo's. Die Coca-Cola-naam kon nie misgekyk word nie.

Die opsigtelikste was die handgeverfde Coca-Cola-handelsmerk wat oral op mure geverf is en dikwels hele sye van geboue bedek het. Teen 1914 het hulle meer as 5 miljoen vierkante voet muuroppervlak geverf. Vandag is Coke en kafees omtrent sinoniem. Daar is skaars 'n kafee op die hoek of sy vensters is Coca-Cola-rooi geverf. Dis 'n baken. Soek jy na 'n kafee in 'n vreemde dorp, kyk jy net uit daarvoor.

Teen 1900 reeds het Coca-Cola deurgesypel na elke aspek van Amerikaanse lewe. Perde is Coca-Cola genoem, daar was Coca-Cola sigare, kougom en lekkergoed en die gaskoeldrank het gereeld voorgekom in gewilde liedjies van die tyd.

Coca-Cola se verkoopsmanne is in dié tyd by vergaderings opgesweep en aangesê om hulle te verbeel hulle is sendelinge van 'n sekulêre geloof.

Sedert Coca-Cola in 1895 uitsluitlik as 'n koeldrank bemark is en nie meer as 'n "medisyne" ook nie, het Coca-Cola die woorde "delicious and refreshing" begin gebruik - die hoeksteen van hul toekomstige advertensies.

Die maatskappy het vroeg al besef ontspanning, verfrissing en uiteindelik ontsnapping is hul beste verkoopstaal. Hulle het ook besef die pas gaan nie stadiger word nie.

Hulle grootste slagspreuk in die jare twintig, dertig en veertig was "pause and refresh yourself", wat perfek gepas het by die hedonisme van die tyd. Dis later verander na "the pause that refreshes" en bykans elke beroemde, sportman, filmster, akteur of model is gebruik om Coca-Cola te adverteer. Hulle het ook seker gemaak dat Coke onlosmaaklik verbind word met elke sosiale of ontspanningsaktiwiteit.

In 1932 maak Coke ook hul eerste advertensie met kos in. Die slagspreuk was "a natural partner of good things to eat" en die hot dog, of hamburger met chips, afgespoel met 'n Coke, is voorgestel as die tipiese Amerikaanse maaltyd.

Later sou hamburgers, hot dogs, basketbal, Amerikaanse voetbal en, natuurlik, Coke simbole word van alles wat eg Amerikaans is. Die "American way".

Maar die ontspanningsboodskap is ook afgewissel deur 'n ander ou Coca-Cola gunsteling: nostalgie oor die rustige, pastorale Amerikaanse platteland, maar natuurlik met 'n Coke daarin.

Coke-advertensies het ook die beeld van Sinterklaas hervorm. Voor Coca-Cola die Sweedse kunstenaar Haddon Sundblom in 1923 aangesê het om 'n Kersadvertensie te maak, het Sinterklaas in alle uitbeeldings anders gelyk: meestal taamlik slank en geklee in enige kleur van geel, blou, groen tot rooi. Ná Sundblom se gewilde advertensies was dié oubaas vir ewig 'n groot, vet grysaard. Opgeruimd en met 'n wit baard, breë gordel, stewels, en natuurlik geklee in Coca-Cola-rooi.

TOE DIE TWEEDE Wêreldoorlog uitbreek, was Coca-Cola al so 'n hegte deel van die Amerikaanse lewenstyl dat Amerikaanse soldate in "die vreemde" trane in hul oë gekry het ten aanskoue van 'n vrag Cokes wat aan hulle gestuur is. Dit het die goeie dinge tuis verteenwoordig: hul meisies, basketbal, hamburgers en, wat anders, Coke. 'n Tuiste weg van die huis af.

Weens die hoë suikerinhoud het die koeldrank toe ook 'n hoë prys op die swartmark gehaal en Coke, verkwansel en verruil deur soldate, het sy weg gevind na die harte van bykans elke nasie wat op een of ander wyse betrokke was.

Deur die jare het Coke se boodskap van ontspanning en ontvlugting heeltyd konstant gebly, net ingekleur met 'n kontemporêre inslag.

In die vroeë tagtigerjare is Coke verhef tot 'n staatmaker: "The biggest taste you've ever found. The one that never lets you down. Coke is it."

Ná die "New Coke" -skandaal is die "Coke is it" veldtog gekelder omdat niemand meer geweet het watter Coke "dit" nou eintlik is nie. Om dit te probeer regstel, het Coke dit uitbasuin: "You can't shake it, can't fake it. The feeling you get from a Coca-Cola. You can't beat the real thing."

Voortaan het Coke sy amper pouslike status as die "real thing" in die wêreld begin beklemtoon - die een ding wat altyd konstant gebly het. En sal bly. Vir altyd, voeg hulle nou met opgeblaasde selfvertroue by.

Maar hulle gaan selfs verder in die nuwe advertensies, wat veral op tieners gemik is. Coke word nie net verbind met die Amerikaanse lewenswyse en droom nie, maar aan die koper se individualiteit. En selfs al word jou drome (soos die




*Time* se voorstelling van Coke se wêreldwye verkope





Coke oorkom ras, geslag, geloof en ideologie: JF Kennedy en Fidel Castro sluk ewe graag 'n Coke weg

Een Nazi-offisier, Otto Dietrich, was baie ontsteld toe hy ontdek hoe gaande Duitse soldate oor Coke was: "Amerikaners het niks behalwe kougom en Coca-Cola bygedra tot die wêreldbeskawing nie."

NÁ DIE OORLOG het Coke begin om sy markte in dié gebiede uit te brei en vandag is dit die grootste koeldrank ter wêreld.

Die persepsie dat Coke 'n simbool is van Amerikaanse waardes, het met die "New Coke" blaps van 1985 gewys hoe goed Coca-Cola se advertensies gewerk het. Coke verpersoonlik en verkondig self die evangelie van die Amerikaanse droom en patriotisme en moes uiteindelik swig voor hul eie maaksel.

American dream) nie waar nie, is daar altyd Coke, troos hulle.

Met die bekendstelling van Coke se nuwe kenteken, wys hulle 'n reklamevideo waarin die rooi skyf oor die aarde gesuperponeer word. Dan die amper gewyde boodskap:

"One planet, hundreds of nations, thousands of languages and billions of individuals. All standing firm on a world that won't stand still... Our story is for them and it changes as they change... This classic symbol remains - to remind ourselves why we are here. To refresh a thirsty world. Always."

Coke die koeldrank. Coke die simbool van beskawing. Coke die versinnebeelding van Westerse lewenstyl. Coke die staatmaker. Coke die redder. Coke die ikon. Coke die heilige water... ■

# die midas-sindroom

deur louis kirstein

## Vinnig rykword is vinnig armword

KOM dit by geldmaak - veral in tye soos dié - stamp baie donkies hul koppe meer as één maal. Van tant San op Sannieshof tot dr Jan in Waterkloof word nog keer op keer verlei deur die Midas-sindroom: groot geld vir min moeite...

As mense nie om die bos gelei word deur kettingbriewe nie, val hulle vir die piramide-skemas. En nou's daar die jongste gier - "veelvlakbemarking".

Hoe verskil dié "veelvlakbemarking" van die onwettige piramide-stelsel (soos die Kubus-skandaal) en kettingbriewe? Hieroor is daar groot onduidelikheid, sê At Meyer, bestuurder van die Verbruikersraad se adviesdiens.

"Dit is moeilik om 'n piramide te omskryf," sê hy. "By elke menslike transaksie is 'n element van 'n piramide-stelsel betrokke. Verskeie wette verwys wel na piramides, maar gee geen algemeen aanvaarbare definisie van piramides nie."

Ook in veelvlakbemarking, sê Meyer, word produkte deur 'n piramidestelsel verkoop. Die stigter verkoop byvoorbeeld aan sewe mense, elkeen van hulle verkoop aan sewe mense en so wentel die lyn af.

Maar, waarsku die verbruikerorganisasies, die enigstes wat lag, is die uitvinder van die stelsel. En die kanse is bitter skraal dat mense wat hul geld só in die water gooi, dit sal terugkry.

Dié piramides is nie *per se* onwettig nie, sê Meyer. "Dit heet veelvlakbemarking (VVB) en is hier om te bly. Elke transaksie tussen mense is wettig. Dit is eers wanneer die versadigingspunt bereik word dat mense hulle geld verloor. Omdat jy byvoorbeeld elke maand R50 moet betaal om deel van die groep te wees (jy word kontraktueel verplig) gaan jy jou geld verloor as daar niemand in jou afwentelingslyn is nie."

In die Sportron-skema koop die verbruiker vitamine-aanvullings. Maar as hy nou vier of vyf ander onder hom kry in sy afwentelingslyn, kry hy kommissie van elkeen. Die ideaal is dat hy só sy geld terugkry. Omdat die oorhoofse koste, soos advertensiekoste, laag bly, behoort die geld konstant in te kom.

Dieselfde beginsel word nou by Network Marketing gevolg, sê Meyer.

Om aan te sluit kos R150 en nog R50 per maand. Daarvoor kry jy 'n glanskatalogus met enigiets van boeke tot broeke.

'n Gewone motorskoonmaakmiddel word byvoorbeeld vir R11 geadverteer. Maar tel jy die posgeld by, kan die produk uiteindelik amper dubbeld kos. Die boonste vlak kry drie persent van elkeen in die afwentelingslyn se aankope. Dit beteken as elkeen R50 se kruideniersware koop, het die boonste vlak 33 mense nodig om sy maandelikse fooi van R50 te dek. Om die R150 te delg het die boonste vlak 99 ander mense of transaksies nodig.

Die probleem, sê Meyer, is: die mense word deur goeie bemarkingstegnieke "verlei" om te glo die stelsel het geen versadigingspunt nie.

Maar net ingeval mense agterkom die teorie en praktyk werk nie uit nie, word 'n kontrak geteken wat NWM kwytskeld van enige aanspreeklikheid. Daarin word bepaal: wanneer enige dispuut met NWM verklaar word, is die maatskappy se besluit finaal. Verbruikers word dus vooraf in kennis gestel hulle moet nie eens probéér om 'n dispuut met NWM te verklaar nie, sê Meyer.

'n Video word gebruik om die konsep te bemark. "Dit is ongelooflik hoe liggelowig mense is," sê Meyer. "Tant Hester en tant San eet die hele spul vir soetkoek op."

Eers later kom hulle agter alles is nie maneskyn en rosegeur nie, sê hy. Dit is ook amper onmoontlik vir die goedgelowige verbruiker om uit die greep van die kundige bemarker te kom. Is die kontrak geteken, is hulle vir twaalf maande gebind.

Meyer sê dié stelsels wat bekend is, is maar net die punt van die ysberg. "Daar is net tegniese verskille tussen piramides en veelvlakbemarking. Hoewel ons van 'n wettige piramide praat, is daar nog geen wet wat die nuwe vorms van veelvlakbemarking omskryf nie. Selfs die Verbruikersraad is nou eers besig om veelvlakbemarking te ontleed."

Dis nie 'n nuwe gier wat uit die Verenigde State na Suid-Afrika oorgewaai het nie. Ou bekende produkte soos Tupperware werk ook met 'n soort piramidestelsel.

"NWM IS NIÉ 'n piramide-stelsel nie," sê Atholl Reed, die grootbaas van die organisasie. "Dit is 'n wêreldwye verskynsel wat al in die vyftigerjare begin het. Dit is 'n ander vorm van bemarking en werk op die vriend-vertel-vriend beginsel. In die



VSA verteenwoordig dit 17,1 persent van kleinhandelverkope. Dit is 'n multi-miljoen rand skema."

Net in Suid-Afrika het die bedryf al 37 000 lede met 'n omset van R10 miljoen sedert dit drie maande gelede bekend gestel is, sê Reed. "Die mense moet net gewoond raak aan die konsep. Dit is soos toe motors bekendgestel is. Eers wou niemand daarvan weet nie. Vandag ry niemand perd nie."

Oor die posgeld wat alles soveel duurder maak, sê hy: "Dit sal baie dom van mense wees wat langs 'n winkel bly om ons produkte te bestel. NWM is op die plattelanders gemik. Die kettingwinkels bereik maar 15 persent van alle Suid-Afrikaners." ■

## KETTINGDROME

KETTINGBRIEWE wat "finansiële vryheid" beloof, laat verbruikers én verbruikersorganisasies hul hare uit hul koppe trek. Maar ook hieroor is die wet vaag.

"Daar is nie eens eenstemmigheid oor wat 'n kettingbrief is nie," sê Meyer. Dié term het in die volksmond ontstaan.

Wat kettingbriewe so wonderlik laat klink, is dat net een brief nodig is om heelpad bank toe te lag. "Wat natuurlik onsin is," sê Meyer.

'n Brief wat nou in Suid-Afrika versprei word en voorspoed belowe, word onderteken deur ene Edward Green, wat die geheim van sy rykdom vir net R40 verklap. Green sê die stelsel werk so goed dat hy vroeg afgetree het om in die geld te rol. Maar Green is in werklikheid 'n Amerikaner - en hy is al 'n geruime tyd dood.

Kettingbriewe is ook nie onwettig nie, meen Meyer, net sekere elemente daarvan.

"Daar is groot onsekerheid oor kettingbriewe. Nie eens die Prokureurs-Generaal stem saam nie," sê Meyer. "Dit is moeilik om enige onwettigheid ingevolge die dobbelwet teen die skepper van die kettingbrief te bewys. Die skepper is in die meeste gevalle nie meer deel van die ketting nie. Daar is myns insiens ook nie 'n mate van geluk betrokke nie omdat dit op menslike handeling berus. Menslike reaksie of 'n versuim om te reageer kan nie gelykgestel word aan 'geluk' soos by die gooi van dobbelstene nie," sê Meyer.

"Teoreties het almal wat uitgebuit word regte. In die praktyk is daar egter min wat vir hulle gedoen kan word."

# chic de luxe

deur christi van der westhuizen

## Die legendariese Catherine Deneuve is tans in nie minder nie as drie films in Suid-Afrika te sien



**Deneuve en Depardieu in A Strange Place to Meet**

DENEUVE. Soos met Garbo en Dietrich omhul 'n onverklaarbare mistiek dié naam. Hulle noem haar 'n legende in haar eie tyd, die Franse aktrise met daardie ontwykende, asembenemende, fassinerende "iets."

Dis meer as haar klassieke skoonheid, haar chic voorkoms. Fotograwe, regisseurs, kritici het al probeer peil waar die oorsprong van haar koele aantrekkingskrag lê. Die kritikus Francis Wyndham skryf dit toe aan "a cool combination of the vicious and the virginal peculiar to herself." Man Ray het haar as "the quintessence of every mannequin I ever photographed" beskryf. Roman Polanski het haar "a professional virgin" genoem. David Bailey, 'n eertydse eggenoot en fotograaf het met die vreemde "an authentic peasant" vorendag gekom.

Sekere kritici was onvleiend: Wyndham het haar toneelspel só afgemaak: "She often seems as if she's not acting at all. No evident understanding that she ever knew what she was doing. A style and a technique so transparent that it hardly counts as acting at all." Manny Ferber het met die vlymskerpe "Catherine Deadnerve" uitgekom.

Want Deneuve kom meestal emosieloos, afgetrokke voor in films, amper asof sy wérklik nie weet waar sy is nie. Byvoorbeeld: in 'n toneel in *Indochine* ruk haar mede-ster Vincent Perez haar hardhandig aan die skouers rond. Sy kyk uitdrukkingloos voor haar uit, oënskynlik onbewus van sy teenwoordigheid.

Sekere van haar uitsprake het mense nog meer verwar: "Essentially I'm acting myself," het sy al gesê. By 'n ander geleentheid: "I hate showing effort. I don't like to act spontaneously." Staties is sy, amper sfinksagtig.

DENEUVE, DIE DOGTER van die akteurspaar Reneé Deneuve en Maurice Dorleac, het sonder skroom in die verlede erken dat haar voorkoms en haar suster, die aktrise Francoise Dorleac, vir haar die weg na filmrolle gebaan het. Sy maak haar rolprentdebuut op 13-jarige ouderdom in *Les Collegiennes*. Films soos *Les Petits Chats* en *Les Portes Claquentes* volg, maar haar "ontdekking" deur Roger Vadim lanseer haar as die Franse opvolger van Brigitte Bardot. Die verfilming van *Et Satan Conduit le Bal*, *Le Vice et Le Virtu* en die

geboorte van 'n seun by Vadim geskied voor haar negentiende verjaardag.

Haar eerste film wat naam maak, is Jacques Demy se *Les Parapluies de Cherbourg*: dit word bekroon met die Cannes Goue Palm en die Franse Akademie se Grand Prix. Saam met Dorleac speel sy in Demy se 1965-film *Les Demoiselles de Rochefort*: in die dokumentêr daaroor, wat tans wys (*"The Young Girls" turn 25*), vertel Deneuve hoe sy, na jare se vervreemding van haar suster, Dorleac, tydens die verfilming van *Les Demoiselles* weer bevriend geraak het. In 1967 sterf Dorleac in 'n motorongeluk - 'n slag wat Deneuve nooit ten volle verwerk nie.

Polanski se *Repulsion* is haar eerste Engelse film en ook die eerste van talle rolle met buitengewone seksuele botone: ontering in Luis Bunuel se klassieke 1967-film, *Belle de Jour*; prostitusie in *Hustle*; 'n biseksuele privaatspeurder in *Ecoute Voir*; 'n biseksuele vampier in *The Hunger*. Films wat uitstaan, sluit in Bunuel se *Tristana*, Truffaut se *The Mississippi Mermaid* en *The Last Metro* en Demy se *The Slightly Pregnant Man*. In *A Strange Place To Meet* is sy saam met Gérard Depardieu gesien. Sy speel ook in minder merkwaardige films soos *Les Créatures*, *Mayerling* en *March or Die*.

Haar kleurryke filmloopbaan (sy het oor die sestig films gemaak), die Chanel-advertensieveldtog en die bekendstelling van haar eie parfuum en modelyn verskaf haar wêreldwye roem.

IN *"THE YOUNG GIRLS" Turn 25* poog 'n medewerker aan die film om Deneuve se betowerende uitsonderlikheid vas te vang: "Jacques Demy," sê hy, "wou iemand vir die rol kry wat terselfdertyd intiem en verwyderd voorkom." Dis deel van haar geheim: sy is nie so afsydig dat sy die kyker verveel of irriteer nie: sy lewer 'n onderbeklemtoonde vertolking van emosies, onderdrukte emosies wat toenemend blootgelê word en dan eensklaps tot 'n uitbarsting lei.

Deneuve kies haar rolle deeglik. Die karakters wat sy uitbeeld in *Indochine* en *My Favourite Season* vind aanklank by haar speltegniek: hulle is sonder hartstog, hulle is willoos en kan nie emosie wys nie. En onder die dun fasade van sereniteit is daar 'n diep melancholie.

Deneuve het geweier om in Régis Wargnier se *La Femme De Ma Vie* te speel. Hy was vasbeslote om haar vir *Indochine* te kry en het die skrywers vertel: "As Catherine Deneuve nie saam met ons wil werk nie, gaan ek nie voort met die storie nie." Deneuve reageer: "Dis baie stimulerend om te weet verskillende mense, wat ek nie voorheen geken het nie, het idees oor my, en ook, dat hierdie idees op my vorige films gegrond is - eerder as op my eie persoonlikheid. Dit is roerend om die teiken van hul verbeelding te wees."

DENEUVE IS VANJAAR 49 jaar oud. Tog wek sy steeds die indruk van tydlose skoonheid en elegansie. Sy is die ongeëwenaarde verpersoonliking van die ewige, onbereikbare, geheimsinnige eienskap van die vrou - onverstoorbaar Deneuve.



# tina & Ike: die trauma agter die skerms

## Hoe die kerkmeisie van Tennessee 'n pop-ster geword het

deur christi van der westhuizen

SY sing "nice and rough". Want sy doen nooit iets "nice and easy" nie, sê Tina Turner net voor sy haar weergawe van "Bloody Mary" in *What's love got to do with it* sing. Hoe "rof" die rock-keiserin dit verkies het, kan mens net raai: jy sidder by die aanskoue van die "rowwe" afmetings wat haar lewe wel aangeneem het. En van nice is daar nie juis sprake nie in *What's love*, die biografiese filmkroniek van Turner se lewe.

*What's love*, gegrond op die 1986-outobiografie *I, Tina*, handel merendeels oor Tina se stormagtige verhouding met Ike Turner. Dit skop af met 'n kostelike klein Anna Mae Bullock (Turner se regte naam) wat die kerkkoor 'n voorsmakie gee van haar latere vurige verhoogoptredes. As 'n naïewe jong vrou, vars van die platteland, ontmoet sy Ike in die groot stad. Hy is suave, 'n imposante man met 'n oor vir musiek. Hy het sy eie rhythm & blues-groep en 'n reputasie van - soos Laurence Fishburne, wat hom speel, sê - "jy weet, Ike Turner het 'n bank besteel om sy groep van uitrustings te voorsien. Hy was 'n groot vis in 'n klein poeletjie." ▶



Angela Bassett as Tina Turner.



Ike aan Tina in die ambulans ná haar selfmoordpoging: "As jy dit nie maak nie, maak ek jou dood."

Tina is beïndruk: "Ek was 'n kerkmeisie van Tennessee. Ek het nie geweet wat dit is om 'n ster te wees nie," sê sy vandag.

Ike, egter, was nie beïndruk toe Tina se roem sy eie oorskadu nie. Met tussenposes kneus hy dus haar lippe en neus, trek haar aan die hare rond, verkrag haar, kraak haar ribbes, breek haar kakebeen - en dwing haar dan om op te tree.

NIE 'N VERHAAL wat die Disney-studio sommer sal aanpak nie, sou mens sê. Disney het die filmregte bekom kort nadat *I, Tina* uitgereik is. Sewe jaar, drie draaiboekskrywers en twee regisseurs later het die produksie uiteindelik begin. Die rede vir die oponthoud word goed verwoord deur Kurt Loder, medeskrywer van *I, Tina*: "Hulle het gesê hulle wil hê dit moet 'n soort upbeat-ding wees. Ek kon nie sien hoe dit gedoen kan word nie."

Draaiboekskrywer Kate Lanier is ingebring om 'n "vroulike perspektief" aan die storie te gee. "Kate het die idee gehad om dit as 'n legende te hanteer: 'n heldin op 'n soektog en dié is haar wedervaringe," vertel Doug Chapin, mede-vervaardiger. 'n Soort huldeblyk, dus.

Die gevolg is 'n dunnerige draaiboek wat, omdat dit om Tina se verhouding met Ike sentreer, belangrike gebeure in haar lewe óf ignoreer óf aanpas: die geboorte van haar eerste kind; die sukses van haar solo-opname van "River Deep, Mountain High" wat Ike só ontstel dat hy haar aanrand. "River Deep" was eintlik 'n volslae mislukking in Amerika.

OM 'N AANTREKLIKE aktrise vir die hoofrol te kry, was die volgende kopkrapper. Want aantreklik moes sy wees: nie net fisiek nie, maar ook as lokettrekpleister. Turner vertel: "Die vervaardigers het aanhoudend daaroor gepraat dat sy soos ek moet lyk - 'n wonderlike liggaam en bene moet hê. Ek sê toe 'hey, ons praat hier oor toneelspel'. Dis hoekom ek baie te doen gehad het met die keuse tussen Robin Givens en Angela Bassett."

Bassett is laas in Spike Lee se *Malcolm X* gesien as die Swart Bewussynsleier se wederhelf, Betty Shabazz. Behalwe vir 'n indrukwekkend akkurate voorstelling van Turner se kenmerkende vertoning, gee sy 'n sterk emotiewe vertolking van die rol: Tina as onervare nuweling in die stad, Tina as aangerande maar dapper vrou en moeder, Tina as triomfantelike rockmama.

Laurence Fishburne (van *Boyz N the 'Hood*-faam) het geweifel voor hy ingestem het om die rol van Ike te speel. In die oorspronklike draaiboek is Ike eensydig uitgebeeld - geen motivering is gebied vir sy maniese gedrag nie. En, soos Fishburne sê: "Niemand is nét boos nie."

Sy reaksie wys 'n leemte in die film uit: omdat die verhaal vanuit Tina se oogpunt vertel word, het die werklike gebeure moontlik in die slag gebly. Fishburne poog om Ike volrond uit te beeld, die aandag op sy menslike sy te vestig. Hy bly egter sonder twyfel 'n gemene man wat nie maklik empatie by die gehoor sal inboesem nie - teenoor die vernielde, maar moedige Tina wat haar nie eens één keer aan drank/dwelms of selfs sigarette vergryp nie - anders as Ike, natuurlik. Fishburne sê: "Daar is Tina se kant van die saak, daar is Ike se kant van die saak en dan is daar die waarheid." En hy slaag daarin om 'n emosioneel geskakeerde vertolking van die sjarmante, maar tirannieke en gewelddadige man te gee.

Vandag is Ike nie juis apologeties nie: in onderhoude vertel hy nonchalant dat hy haar nie méér geslaan het as wat enige ander man sy vrou slaan nie. Hy het haar geslaan oor haar houding, het hy aan *Time*-joernalis Richard Corliss gesê: "Sy het altyd hartseer gelyk, en ek kan dit nie vat as mense hartseer lyk nie. In plaas daarvan om my te vertel wat verkeerd is, het sy dit opgekrop en dan óór my gekyk, en ek kan dit nie vat nie, en dan het ek die shit uit haar geklap." Gevra oor sy rondslapery ten aanskoue van Tina, antwoord hy koel: "Ja, ek het. Daar was nie Aids in daardie dae nie."

*What's love* belig die aard van vernietigende verhoudings soos Ike en Tina s'n. Die groot vraag op enigiemand se tong is: hoekom het sy by hom gebly - en, in die geval, vir séstien lange jare? Die antwoord - wat naderhand irriterend aanhoudend herhaal word in die film - is: ek het hom belowe ek sal hom nie verlaat nie.

Die dinamika van die Turners se verhouding was oënskynlik as volg: Tina is as kind verlaat deur haar ma; Ike is 'n aantal kere verlaat deur onbekende sangers wat hy tot sterre opgebou het - Tina het gedink hulle is albei deur die wêreld veronreg. Sy is gevange gehou deur 'n moederlike pligsbesef, Ike se emosionele manipulasie en minstens 'n tikkie masochisme. Regisseur Brian Gibson meen "sy wou hom genees. Sy wou sy lewe beter maak en 'n ster wees vir hom. Maar natuurlik kan jy nie iemand anders regmaak nie. Jy kan meer en meer insit, maar dis 'n soort emosionele Viëtnam."

Die rock-legende kry die laaste woord: "Dit word moeiliker en moeiliker: jy probeer óf jouself doodmaak óf jy sê dis tyd om te gaan. Ek het albei probeer. Ek het myself probeer doodmaak. En toe het ek daaruit gekom." ■



# christi speel pop

deur christi van der westhuizen



Alice in Chains

★★★★★ Verslawend
★★★★ Oorrompelend
★★★ Oulik
★★ Beige
★ Nat

### ★★★★ DAD, I BLEW UP AMERICA! - VERSKEIDENHEID KUNSTENAARS GRC: CD

LUISTER na 5FM en jy weet popmusiek het 'n donderslag nodig: pap disco is nou die rave, lyk dit. Waar is die rebellie, die bevraagtekening van die establishment se waardes, of minstens net musiek wat getuig van 'n sprankie kreatiwiteit?

In bars Nirvana. Met hul *Smells Like Teen Spirit* het dié Seattle-groep 'n nare ding begin. Grunge. Lawaaierige kitaarmusiek, gemaak deur mense wat nie bang is om donker te raak, aanstoot te gee of die ore te laat werk nie. Grunge is die uitlaatklep van die X-generasie, twentysomethings onbeïndruk deur pankop politici se meelmondbeloftes, die ekologiese gemors, die materialisme van hul ouers. Hulle weier luidrugtig om gemaklik in die warm stoele te gly.

Seattle is die broeiplek van grunge: hard op Nirvana se hakskene volg Pearl Jam, Alice in Chains en Screaming Trees. Grunge is eintlik al amper tien jaar in die rondte: Sonic Youth was 'n voorloper; Pearl Jam se stigterslede het reeds in die middeltagtigerjare hul stemme dik gemaak in die groep Green River.

Heroïenverslawing het sy merk gemaak in grunge: Green River se opvolger, Mother Love Bone, gaan tot niet toe die hoofsanger, Andrew Wood, aan 'n heroïen-oordosis sterf. Die hoofsanger van Alice in Chains, Layne Staley, verwoord op *Dirt* sy stryd teen heroïen.

Die oorspronklike Seattle-groepe maak meestal harde rock met punk-botone. Die lang kitaarsolo maak 'n comeback hier - veral in Pearl Jam (ná Mother Love Bone gestig) se swaar, effens monotone musiek, wat afwisselend met 'n skril kitaar gespyker word.

Alice in Chains se "Angry Chair" is verrassend eksperimenteel met dissonante kitaarklanke en sang. Die gewigtige, afgemete elektriese kitaarmusiek neem langsaam toe in intensiteit - en stulp dan gewelddadig in 'n waansinnige kakofonie uit. Alice in Chains is myns insiens die talentvolste groep op *Dad*.

Screaming Trees se "Winter Song" herinner vaagweg aan Britse Indie-musiek, veral aan 'n groep soos The Jesus and Mary Chain. 'n Nuwer groep op die toneel, Rage Against The Machine (RATM), klink soos 'n gemene Red Hot Chili Peppers. Sosiale kommentaar word bo-oor herhalende heavy rock-klanke ge-rap. 'n Gebrek aan musikale verbeelding maak hulle effens vervelig.


NIE ALLE grunge-groepe se musiek wurg nie: Spin Doctors maak kommersiële, lig-in-die-broek musiek; die sanger se temerige stemmetjie help nie. Die vrees dat grunge 'n geldmaakbesigheid gaan word, het die afgelope ruk toenemend waar geword en groepe soos Spin Doctors en Soul Asylum help die tendens aan. Soul Asylum maak effens weemoedige musiek; die lirieke deurspek met alledaagshede. Hul "Somebody to Shove" is meer belowend - die hoofsanger moet net leer grom. Die funkfolkerige Poi Dog Pondering se lirieke sal jou 'n daisy laat snuif: "My heart is carried by a hundred birds." Melodieuse akoestiese musiek is Toad The Wet Sprocket se forté - hul "Walk on the Ocean" sus die luisteraar vriendelik.

*Dad, I Blew Up America!* is 'n goed nagevorsde poging van Josh Georgiou, Gallo-skakelbeampte, om mense wat grunge nie ken nie, aan die nekhare nader te sleep. 'n Opvallende gebrek is egter die afwesigheid van vroulike grungegroepe soos Babes in Toyland, Courtney Love (Kurt Cobain se omstrede wederhelf) se Hole en L.7. Hopelik hoor ons hulle op *Dad* se tweede volume.

### ★★★ COWBOYS WITH ATTITUDE! - VERSKEIDENHEID KUNSTENAARS GRC: CD

COUNTRY laat mense gril. Die schmaltzy, nikssegende lirieke en eentonige, verbeeldinglose, kitsch musiek wat dit kenmerk, skrik enige musiekliefhebber af. Die afgelope paar jaar begin country egter al hoe meer sukses op die poptrefferslyste in Amerika behaal. En *Cowboys with Attitude!* is 'n poging om te wys nie alle country stink nie.

Ongelukkig slaag dit net deels. Die ligpunte op *Cowboys* sluit in: Mary-Chapin Carpenter, Rodney Crowell, Rosanne Cash en, in 'n mindere mate, Joy White. Carpenter maak goeie ligte folk-rock met heelwat oemf! Haar lirieke is humoristies - haar "I Feel Lucky" word met heerlik skalkse sang gekomplimenteer. Crowell neig na melodrama: hy put inspirasie uit 50's rock in die tradisie van Roy Orbison; Orbison is 'n medeskrywer van sy "What Kind of Love". Cash se twee snitte op *Cowboys* getuig van eerlikheid en sensitiwiteit sonder om in sentimentaliteit te verval. Joy White is 'n geesdriftige jong sanger; haar lirieke is egter gewoon onnosel: "I sit alone here all by myself," sing sy uitbundig in "Little Tears".




Rosanne Cash

Die insluiting van Sweethearts of the Rodeo slaan my stom: behalwe vir tipiese twangerige musiek, is die lirieke walglik: "Late at night he holds me tight"; "You put a ring on my finger so long ago/ it was my first piece of silver and gold." So what?

Die howling Stacy Dean Campbell, die betraande Doug Stone, Shawn Colvin en haar dogtertjie-agtige stem laat jou na Dolly Parton en Kenny Rogers verlang.






## Wen twee CD's!


VYF lesers kan elk twee CD's wen - *Dad, I Blew Up America!* en *Cowboys with Attitude!* - as hulle dié vraag beantwoord: Wat is die naam van die stigterslede van Pearl Jam se eerste groep?

Stuur die antwoord saam met jou naam, adres en telefoonnommer na Christi speel pop, VWB, Posbus 177, Newtown, 2113.

vrye weekblad

DIE ENIGSTE NUUSTYDSKRIF IN SUID-AFRIKA WAT DIE NAAM WERD IS

# 'n Jaar se stimulerende leesstof én 'n heerlike resepteboek - vir net R100




As jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy Struik se splinternuwe tradisionele Suid-Afrikaanse resepteboek: *Kos Wat Ons Ken*, deur Magdaleen van Wyk en Pat Barton. Die boek kos jou andersins R69,99 by alle goeie boekwinkels.

*Kos Wat Ons Ken* is 'n versameling tradisionele Suid-Afrikaanse resepte wat almal wat daarvan hou om te kook, in staat sal stel om dieselfde heerlike maaltye voor te sit as dié wat ons voorouers destyds geniet het. Die resepte is aangepas en kan sonder moeite met hedendaagse bestanddele gemaak word. Daar is 'n keur uit Suid-Afrika se ryk kostradisie: Hollands, Frans, Duits, Brits, Maleis en Oosters. Die boek bevat heerlike brokkies oor die manier waarop ons voorouers geleef en gekook het. Dis 'n pragboek, danksy Anthony Johnson se fotografie en Vo Pollar se stilering.

Intekenare kry *Vrye Weekblad* vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie 'n boek nie.

* Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 10 intekenare kry *Kos Wat Ons Ken - Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte* - so stuur dadelik dié vorm aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.

Ja, ek wil graag *Kos Wat Ons Ken* hê.

Naam: ..................................................

Adres en poskode: ..................................................

..................................................

..................................................

Telefoonnommer: ..................................................

Kredietkaartnr: ..................................................

Vervaldatum: Maand .................... Jaar ............

Handtekening: ..................................................


☐ tuisaflewering

☐ per pos

vrye weekblad

# luister 'n bietjie...

## HENNING VILJOEN kies 'n paar klassieke CD's vir die fynproewer




**SOPRANO ARIAS FROM ITALIAN OPERAS.**

*Miriam Gauci (sop), Alexander Rahbari (dir), BRT Filharmoniese Orkes. NAXOS 8.5506006.*

Dis altyd lekker om 'n opwindende nuwe sopraan soos die Italiaan Miriam Gauci, in Malta gebore, te ontdek. Sy het veral as Puccini-vertolker roem verwerf aan die meeste van die wêreld se groot operahuise. Gauci het ook goeie resensies ontvang vir haar volledige opnames op NAXOS van "Madama Butterfly", "Manon Lescaut" en "I Pagliacci". In dié opname met bekende arias van Verdi, Catalani en Puccini kom haar ryk liriese sopraanstem, wat in sangstyl sterk aan die jong Mirella Freni herinner, tot volle ontplooiing. In die meer dramatiese Verdi-arias ontbreek daar nog ietwat 'n diepte in haar vertolking, maar die Puccini-arias is louter genot.




**NEW YEAR'S CONCERT 1992**

*Richard Strauss: Don Juan, Burlesk vir klavier en orkes, Till Eulenspiegels lustige Streiche & Der Rosenkavalier. Martha Argerich (klavier), Kathleen Battle (sop), Renee Flemming (sop), Frederica von Stade (mezzo), Andreas Schmidt (bar), Claudio Abbado (dir) en die Berlynse Filharmoniese Orkes. SONY SK 52 565.*

In teenstelling met die Weense Nuwejaarkonserte, tradisioneel aan Johann Strauss se musiek gewy, konsentreer die Berlyners in dié Nuwejaarkonsert op gewilde werke van Richard Strauss - gaan dit ook nou 'n tradisie word? Naas die interessante program, wat die seldsame Burlesk vir klavier en orkes insluit, het die opname meer as net kuriositeitswaarde. Jy beleef hoe Claudio Abbado sonder intimidasie sy eie stempel op werke soos "Don Juan" en "Till Euelenspiegel" afdruk - werke wat voorheen die onteenseglike domein van sy voorganger Herbert von Karajan en die Berlynse Filharmoniese Orkes was. Dis spontane, pretensielose vertolkings. Strauss se bravura jeugwerk, die Burlesk vir Klavier en Orkes, word met virtuose finesse deur Martha Argerich uitgevoer. En die slot van "Der Rosenkavalier" is 'n heerlik meesleurende vertolking, met die pragtige Marschallin van Reneé Flemming wat destyds tweede gekom het in Unisa se eerste Internasionale Sangkompetisie.




**HUGO WOLF: MORIKE LIEDER.**

*Brigitte Fassbaender (mezzo) Jean-Yves Thibaudet (klavier). DECCA 440 208-2*

Brigitte Fassbaender word nou vinnig een van die beduidendste hedendaagse liedervertolkers. Sy het die Grammaphone-prys gewen vir die beste lieder-opname van 1992 met haar vertolking van Schubert se "Schwanengesang" (DG 429 766-2) en met dié uitmuntende nuwe opname van 25 Morike-lieder van Wolf is sy weer 'n goeie kandidaat vir die prys. Die Wolf-lieder bestaan uit ligte liriese lieder, miniatuur simfoniese gedigte, religieuse lieder en intense liefdeslieder. Fassbaender, onderskraag deur die meesterlike begeleiding van Jean-Yves Thibaudet, laat reg geskied aan die unieke nuanse wat elke lied vereis, met veral verbysterende vertolkings in lieder soos "Das verlassene Magdlein", "Nimmersatte Liebe" en die dramatiese "Der Feuerreiter". Sonder dié opname mag die fynproewer van die liederkuns nie wees nie.




**SCHUBERT SIMFONIE NO 8 & 9.**

*Giuseppe Sinopoli (dirigent) Staatskapelle Dresden. DG 437 689-2*

Giuseppe Sinopoli druk met sy idiosinkratiese vertolkings 'n eiesoortige musikale stempel op 'n werk af en weerlê die stelling dat daar nie groot dirigente onder die jonger garde bestaan nie. Soos met sy vorige opname van die Agste Simfonie saam met die Filharmoniese Orkes (DG 427 818-2), ontlok Sinopoli uiters verfynde spel van die Dresden Staatskapelle. In die nuwe opname het die eerste beweging miskien nie dieselfde magiese diepte as in sy eerste opname nie omdat die tempi 'n fraksie vinniger geneem word, maar in geheel is dit 'n ewe glansryke vertolking. 'n Finale keuse is dus moeilik.

Die koppeling in die nuwe opname met Sinopoli se briljante vertolking van Schubert se Negende Simfonie in plaas van Schumann se Derde Simfonie, maak van die nuwe opname egter 'n eerste keuse. Sinopoli verkry 'n ideale balans tussen die dramatiese en liriese struktuurelemente van die grootse simfonie. In 'n baie mededingende mark staan dié vertolking sy man ten volle teen die ander opnames.

# kuns-energie
## gaan verlore in suid-afrika

**Bart de Baere,** die assistent-bestuurder van die Europese Documenta in Kassel, Duitsland, een van die belangrikste kunstentoonstellings ter wêreld, het in Suid-Afrika kom raadgee vir die Suid-Afrikaanse kunsbiënnael. **TRACY SKINNER** gesels met hom

**Wat dink jy van kuns in Suid-Afrika?**
Die situasie in Suid-Afrika is kompleks: aan die een kant is daar 'n gevestigde Europese tradisie, aan die ander kant is daar Afrika en die invloede van die Indiese en Maleise bevolking. Ek wil graag sien wat daaruit sal kom.

**Hoe reageer die oorsese publiek op Suid-Afrikaanse werk?**
Die katalogusse beskikbaar in Europa oor Suid-Afrikaanse kuns sou mens nie aanspoor om hier te kom kyk nie. Mense het my gevra of ek mal is toe hulle hoor ek kom Suid-Afrika toe. Hulle het gevra of daar iets in Suid-Afrika gebeur. Op die oomblik het Suid-Afrika nie 'n plek op die wêreldkaart nie. Ons het minstens 'n spesifieke idee van hoe die kuns in verafgeleë lande soos Brasilië, Australië ensovoorts lyk.

**Die keurproses is seker baie moeilik as jy nie na elke donker deel van die wêreld kan gaan nie?**
Ek was al regoor die wêreld om te sien wat in museums en galerye te sien is.

**Wat van mense, veral in die Derde Wêreld, wat nie in aanraking kom met galerye nie - of nie eens weet wat 'n kurator is nie? Hoe oorbrug jy die probleem?**
Jy oorbrug dit nooit werklik nie. Iemand wat nog nooit uitgestal het nie sal 'n Documenta moeilik oorleef. Die Documenta probeer nie net die beste kunstenaars wys nie. Dit probeer moontlikhede aan 'n aantal kunstenaars bied wat ons meen relevant is vir die oomblik. En om al die energie saam te vat in die oomblik wanneer die tentoonstelling open.

**Wat dink jy van die verandering in kuns, oor die omwenteling en chaos en die verlies van die individu se stem in die Documenta?**
Die individualistiese gees is besig om verlore te gaan. Saam met die verlies van utopieë, moet die Weste aanvaar daar is geen finale oplossing nie, daar is geen optimale doelwit nie, daar is geen enkele boek wat alle vrae sal beantwoord nie en wanneer jy verbeter, sal daar tog nooit volmaaktheid bestaan nie. Ons kan net lewe. Kunstenaars is nou baie bewus daarvan dat hulle geen oplossings kan voorstel nie. Hulle besef nou die voorstel wat hulle doen, is net húlle voorstel. Hulle artikuleer dit. Hulle neem 'n bepaalde plek in sonder dat dit dié plek is.

**Die afsondering hier maak dit miskien makliker om vorm te gee, want jy is nog by die oorsprong, jy kan nog die vrae hoor wat jy jouself vra, en jy kan die res van die ontwikkelde, gesofistikeerde wêreld op 'n afstand beskou. Jy sê 'n kunstenaar moet op 'n eiland en terselfdertyd in die sosiale konteks leef. En dit veroorsaak angs?**
Dit is die werklikheid. As jy ernstig betrokke is by kuns, sien jy outomaties dinge wat jy nie weet hoe om te hanteer nie, as 'n avontuur en 'n uitdaging. Jy moet oop wees - as jy nie is nie, dink ek jy gee voor om betrokke te wees by kuns.

**Wat dink jy weerspieël Suid-Afrikaanse kuns van die Suid-Afrikaanse samelewing?**
Die Suid-Afrikaanse situasie is op die oomblik baie verward. Ek dink daar is potensieel grootse kuns wat hoegenaamd nie ernstig bejeën word nie. Die energie is nie gestimuleer nie en die hartseer ding is: dis uitgevee - anders sou Suid-Afrika teen dié tyd 'n voorbeeld van kuns gehad het wat baie regstreeks, baie fisiek op die samelewing van toepassing was.

Daar is 'n vreemde idee hier dat kuns elitisties is. Kuns staan teenoor elitisme. Dis 'n moontlike skat vir die hele samelewing. Dis die politici se verantwoordelikheid om hierna om te sien. Dis nie toevallig dat konings hulle omring het met die beste musiek en kuns nie - nie net Europese konings nie, maar ook Zoeloe-konings.



Bart de Baere. Foto: Sally Shorkend

**Die rol van kuns in die toekoms?**
Dié samelewing het te veel dringende vraagstukke op dieselfde tyd. Ek dink kuns is noodsaaklik binne dié werklikheid. As jy net dink aan vandag en môre is kuns nie noodsaaklik nie. Kuns kan 'n nuwe beeld skep: hoe die verskillende energieë hier kan saamleef en mekaar kan stimuleer. Dis 'n baie belangrike langtermyn-belegging wat in die samelewing gemaak kan word.

**Wat dink jy van die galerye hier?**
Die galery moet die werk en die waarnemer, die kunstenaar en die samelewing in ag neem. Dit moenie op eienaarskap gegrond wees nie. Kyk jy na die hele kritiese en tutoriale opset en die afwesigheid van "kunshalle" wat kunstenaars optimale geleenthede bied, sien jy die ekonomiese aspek speel 'n te groot rol. Daar is baie potensiële energie wat nie blootstelling kry op dié manier nie. Ek dink daar is regte goud en dinamiet in Suid-Afrika - jy moet net weet hoe om dit te hanteer.

**Nog iets wat jy wil sê?**
Wat ek probeer kommunikeer, is wat ek verwag wat in Suid-Afrika moet gebeur en wat ek dink kuns moet wees: 'n grondslag waarop mense met verskille kan saamleef, waar visuele voorstelling kan saambestaan met respek vir die outonomie van elke werk, 'n outonomie wat nie afgesny word van die ander nie, maar wat in verhouding tot die res geartikuleer word. Dié is iets wat oral dringend nodig is, maar veral in Suid-Afrika. Elke kunstenaar moet ernstig opgeneem word, met elke kunstenaar moet in verbinding getree word. Nie net in teorie nie.

deur elize viljoen

# aitsa! maar los net die aerobics

## Dis lekker dat almal nou so dans - maar dans is méér as boude swaai en splits

AS daar niks anders in dié land gebeur nie, dans die mense ten minste. Dit lyk asof die hele Johannesburg aan 't danse gegaan het - veral by die Arts Alive-fees. Dis alles goed en wel, maar ongelukkig noem almal hulself ook professioneel. My God! - ja, dit wat met gewone, ou kleremakers gebeur het (hulle het verdwyn en "designers" geword), is ook met dansers aan die gebeur.

Die Arts Alive Dance Festival het weggespring met die Johannesburg Dance Foundation wat jou hart tot in jou skoene laat sink het. Grayham Davies se *Dark Voices* en *Essence* en Dimakatso Sekonya se *Zap* It was 'n gimnastiekagtige gerondspring sonder veel vorm uitgevoer deur 'n uiters onafgeronde groep dansers.

Die tweede helfte, *Ubukho Bethu* (Our Being), uitgedink en opgebraak deur Richard Carter, het vergeefs probeer diepsinnig wees. Dit handel oor die interaksies en teenstellings in ons kultuur - tussen rasse, geslagte, hulle en ons, verlede en hede, whatever! - met 'n groot dosis sexy heupbewegings. Die dansers het baie energie ingestoot en Nandi Nyembe se verbale interaksie was lekker - die beste van die lot. Maar dit was 'n danskonsert en mens wou dans sien. Van wanneer af kan enigiemand wat sy boude rondswaai en splits kan doen homself 'n professionele danser noem? Ons kom terug by die gefrustreerde kleremakers. Hier praat ons nie van tradisionele dans nie - dit was veronderstel om moderne dansbewegings te verteenwoordig.



Germaine Acogny in *Ye'Ou*

Daar was 'n klomp lekker tromme en die mans het oulike Wes-Afrika-kappies gedra. Die res van die kostuums het gefaal - veral die wit meisie se blink rooi kort rokkie. Maar sy raak toe daarvan ontslae en besef hoe lekker dit is om soos swartmense te wees - hulle swaai mos hul tiete en loop kaal, sonder skoene rond. Op die ou end is almal een groot gelukkige familie.

Ja, ons moet potensiaal aanmoedig, maar moenie die volk probeer opvoed en dansbewus maak met sulke amateuragtigheid nie. Vir potensiaal gaan mens na 'n skoolkonsert - jy dress nie op, betaal, en gaan sit vir twee ure in die Stadsaal nie! Daar is te veel mense in ons land wat dink dans is simpel om die risiko te neem met só 'n konsert.

VOLGENDE WAS GERMAINE Acogny en haar tromspeler Arona N'Diaye, oorspronklik van Senegal, Wes-Afrika. Wat 'n heerlikheid! Vir haar stuk Ye'Ou (The Awakening) het sy in 1991 die London Dance and Performance Award gewen. Tog jammer dat sy net twee opvoerings kon gee.

Haar kommunikasie met die tromspeler bring al die mistiek van Afrika-rituele byeen in dans. Haar ouma was 'n Yoruba-priester in Benin waar sy gebore is, en dit wys. Die hele samestelling van die konsert, die beligting, haar wonderlik vloeiende kostuums en ritme laat jou voel jy kry 'n kykie in iets wat weggesteek was. Sy kombineer moderne en tradisionele danspassies in 'n toeganklike, moderne Afrika-dansstyl. Elke beweging was fyn afgerond. Niks is saamgeflans nie. Dié vrou is professioneel - mens kan maar betaal om haar te sien.

Haar dansstyl is uniek en individualisties - Afrika se eie Martha Graham!

Ná Germain Acogny se konsert was mens half bang om die Dance Factory se volgende program vir Arts Alive - Adele Blank se Free Flight Dance Company - *Young Choreographer's Season*, by te woon. Iets soos om die smaak van 'n heerlike maaltyd te bederf met 'n droë stuk koek. Maar wat 'n verrassing!

Dié groep dansers het hul harte uitgedans. Die program het begin met John Heitor se *Remember*, 'n vinnigbewegende razzmatazz stuk wat uitstekend gedoen is. Dis 'n vertoonkasstuk vir die dansers se vermoëns. Effens aan die aërobiese kant, maar baie goed afgerond.

*TRADITIONAL MELODIES* VAN choreograaf Christopher Kindo was 'n maraton. Hy werk sy dansers tot die dood toe en dan nog so bietjie meer. Die man het nie verniet sy klassieke opleiding onder David Poole voltooi nie - hy het geen genade nie. Die resultaat was uitstekend. Die bewegings was oorspronklik met 'n knippie Afrika hier en daar ingegooi. Hier haak mens so bietjie vas, want die dansers is duidelik baie klassiek opgelei met die gevolg dat daardie lekker loslit heupswaai van tradisionele Afrika-danse nie heeltemal spontaan oorkom nie. Die kostuums was kleurryk en speels en Zap Mama se eilandagtige musiek genotvol.

Adele Blank het die volgende twee stukke op die program, *Pearls* en *Concerto for Saxophone* gechoreografeer. *Pearls* is meesterlik gedans deur Carmen Patterson - 'n hardwerkende, intense danser wat die tragiese lot van 'n pêrelduiker pragtig weergegee het.

Natalie Fisher en David Matamela het *Concerto for Saxophone* gedans. Die stuk is duidelik vir Natalie geskryf. Haar vloeiende, kragtige bewegings het een geword met die saxofoonklanke. Dit was beslis een van die beste stukke by die fees. Net jammer David Matamela was deel daarvan. Hoewel sy dansvermoëns nie te kort geskiet het nie, was sy bewegings te rukkerig, te hard - dit het teen die musiek geveg pleks daarvan om saam met dit te vloei, soos by Natalie.

DIE LAASTE STUK was *Rhythmic Interaction* van Thuli Ngcobo Malgas. Die hele geselskap was betrokke, maar suiwer net as aanvulling vir Thuli se eie solo. Die stuk was kabaret-agtig, baie vinnig en totaal in teenstelling met sy solo. Elektriese kitaar- en trombegeleiding (my aarde, mens kan Afrika wees sonder tradisionele veltromme) het 'n tikkie andersheid verskaf vir die groepdanse. Thuli se solo was 'n fees. Hy't die musiek met sy lang loslit lyf vasgevang en elke trilling van die kitaar en trom het soos vibrasies deur sy lyf geruk. Hy het heeltemal egoïsties te kere gegaan - dit was net hy en die musiek. Soos 'n voyeur kon mens jou sit en vergaap aan die man se bewegings.

Dis tyd dat Suid-Afrika weer dans. Op professionele vlak moet ons egter pasop dat dans nie deur 'n klomp gym-instrukteurs oorgeneem word wat op die dansbandwagon gespring het nie.

# filmresensies

deur christi van der westhuizen



Faye Dunaway

## ontnugterde dromers

### Arizona Dream

EMIR KUSTURICA het gehore in 'n wonderlike dwaal gehad met die magiese realisme van *The Time of the Gypsies*. Sy uitsonderlike uitbeelding van die korrupsie van die sigeuners se ryk en eiesoortige lewensbeskouing en kultuur het jou aan die een kant melancholies gestem, en aan die ander kant soos 'n grootogige kind laat voel wat die wonder van mense en die wêreld vir die eerste keer sien.

Kusturica gebruik mitologie en bonatuurlike verskynsels saam met 'n onpretensieuse uitbeelding van mense om 'n fleurige tapisserie te weef. Sy films getuig van 'n ryk verbeelding en 'n hoogs oorspronklike aanslag. Surrealisme word funksioneel aangewend om die intensiteit van traumatiese gebeure weer te gee.

Sy jongste, *Arizona Dream*, kyk weer na 'n spesifieke gemeenskap se eksentrieke gewoontes en vreemde hunkerings. Dit kan jou dalk verbaas dat Kusturica dié keer die Amerikaners gekies het. Watter moontlike mitologie is by hulle aan te tref, wonder die kyker onwillekeurig. Maar Kusturica kry reg wat Amerikaanse filmmakers nie kan nie.

Vir eers plaas hy 'n "ou" onderskatte Amerikaanse aktrise, Faye Dunaway, in die rol van die vreemde weduwee. Johnny Depp, die Amerikaanse tienerheld, speel Axel, 'n ambisielose visverwerker. Jerry Lewis is 'n tweedehandse motorhandelaar en die model Paulina Porizkova is sy jong bruid. Lili Taylor speel Dunaway se swartgallige stiefkind.

Die film draai om Depp se bekoring deur Dunaway, haar kinderlike begeerte om te kan vlieg, hul pogings om 'n vliegmasjien te bou. Dunaway is nie die enigste een met 'n droom nie: Lewis wil, soos sy pa, Cadillacs opstapel tot by die maan en dan soontoe opklim; Taylor wil op teatrale wyse doodgaan; Vincent Gallo, ook 'n tweedehandse motorverkoper, wil Cary Grant wees.


Die film is deurspek met 'n fyn humor wat soms aan die makabere grens. Die emosies loop hoog: struwelinge word egter so absurd aangebied dat dit lagwekkend is. Die karakters is almal gefrustreerde, ontnugterde dromers wat hul in hul eie fantasiewêrelde uitleef. Depp se aankoms (Lewis se ander droom is dat hy sy besigheid moet oorneem) lei tot die verwesenliking van elkeen se droom. Ironies is hy die een sonder drome.

Kusturica se keuse van Amerikaanse akteurs en Arizona is nie om dowe neute nie. Heelparty verwysings word na grootse Amerikaanse films gemaak: Coppola se *The Godfather*, Scorsese se *Raging Bull* en Hitchcock se *North By Northwest*. Die Amerikaners het tóg 'n ryk kultuur - hul huidige kreatiwiteitskrisis kan uit eie bodem opgelos word.

*Arizona Dream* is nie so aandoenlik soos *Time of the Gypsies* nie. Maar dis 'n uitsonderlike en seldsame kyk na individue se soeke na sin in 'n verwarde, teneerdrukkende wêreld.

• *By die Seven Arts, Norwood, as deel van die Franse filmfees.*

'N *Afrikaner* IS SOMS BRUIN




r a d i o s o n

LINDSAY SMITHERS-FCB 5899/1/A



Giuseppe Lericitano



Kevin Kline

# meesterlik suggestief

## Il Ladro Di Bambini (The Stolen Children)

GIANNI AMELIO durf 'n ontstellende onderwerp in dié film aan: kinderprostitusie. Die elfjarige Rosetta (Valentina Scalici) is 'n prostituut. Haar ma speel pimp; 'n ryk sakeman lê gereeld besoek af. Die ma en die john word gearresteer en die kinders (Rosetta en haar broer Luciano, gespeel deur Giuseppe Leracitano) word deur polisieman Antonio (Enrico Lo Verso) na 'n weeshuis vergesel.

Dié soort verhaal kan maklik ontaard in 'n sentimentele gepluk aan die hartsnare. Amelio is egter 'n meester van suggestie: in die eerste helfte van die film is daar min dialoog - hy verkies om te wys. Rosetta se somber lewe word subtiel, maar treffend uitgebeeld: sy sit op die bed, die man kom in en plaas sy hand op hare. Die volgende oomblik word die pimp en die john skreeuend by die trappe afgesleep.

Sonder om in clichés te verval, wys Amelio die geleidelike ontluiking van die kinders voor Antonio. Antonio het eers geen erg aan hulle nie, maar soos wat hul reis verloop, groei begrip en meegevoel by hom. Die kinders se verlies van onskuld word roerend geïllustreer. Antonio se idealisme (iets wat die kinders lankal verloor het) word gaandeweg gestroop - die klimaks vind plaas wanneer hy te staan kom teen die misplaaste geregtigheid van dié instelling wat hy verteenwoordig.

Skote van koue stadstrate en smerige geboue herinner die kyker deurgaans aan die tragiek van die kinders se lewens en dat daar vir hulle 'n skrale kans op 'n gelukkige uitweg is. Die cinematografie is eenvoudig; nabyskote van gesigte laat uitdrukkings toe om boekdele te spreek. Scalici en Lericitano vertolk die verwesenheid en afgestomptheid van hul karakters aangrypend.


# ligloop, bill

## Dave

BILL CLINTON het skaars in die kussings gesak toe dié film die lig gesien het. En dis nie toevallig nie. Kevin Kline speel Dave, 'n gemoedelike, meelewende ou wat werk soek vir mense. Dave lyk ook verbasend baie soos die president van Amerika, Bill Mitchell (ook Kline). Mitchell kry onverwags 'n beroerte-aanval en Dave word deur die president se Machiavelliaanse Hoof van Staf, Bob, genader om die presidensiële skoene vol te staan. Die groot plan is natuurlik om Dave geleidelik uit te werk en self die presidentskap oor te neem. Gelukkig verstaan Dave nie hoe politiek werk nie: hy het nog nooit insae in die opportunistiese, korrupte aard daarvan gehad nie. Dus spring hy in om Amerika wérklik 'n beter plek te maak.

Met *Dave* stuur Hollywood 'n duidelike boodskap aan hul president - en sommer aan alle presidente: elke politieke besluit het 'n ingrypende, soms bloedige uitwerking op mense se lewens - politici moet dus meegevoel hê vir mense en hul eie laakbare ambisieuse begeertes agterlaat. Indien nie, moet hulle, sagkens gestel, skoert.


EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



*'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy hou van sushi en werk vir 'n Boerestaat of hy eet bobotie en stem na links. Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy hele wêreld is aan't verander en hy loop blitsig saam.*

*Sy soort radiostasie moet die pas kan volhou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee. Bowenal moet dit sý taal praat. Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies. Ons omroepers het hul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak. Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die horings saam met Afrikaans Stereo.*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

*d e r g r e n s e*




**Is dít eksperimenteel? Foto: Abul Shariff**

# die val van die vierde muur

deur beverley mitchell

## Die New Black Sun se deure staan nou oop vir eksperimentele teater. Maar wat ís eksperimentele teater?

DIE New Black Sun wil alle uitvoerende kunstenaars 'n kans gee om hul werk te wys. "Ons wil werk skep vir akteurs, nuwe talent soek en teater as terapie gebruik," sê Savo Tufegdzic, die produksiebestuurder.

Daar's beslis 'n tekort aan oorspronklike toneelstukke in Suid-Afrika en hopelik sal die New Black Sun dit help regstel. Dramaturge, spelers en regisseurs kan nou wys wat in hulle steek.

Maar wat kan die nuwe teater bied wat gehore nie in enige hoofstroomteater kan sien nie? Eksperimentele teater, sê Tufegdzic. "Daar's altyd 'n gretige gehoor daarvoor, want mense is basies nuuskierig."

Maar wat ís eksperimentele teater? Dié term word dikwels gebruik - maar min mense begryp wat dit beteken. Daarvoor moet 'n mens teruggaan na die ontwikkeling van Westerse of Europese teater.

In 'n sekere sin is die ontwikkeling van Westerse teater gekarakteriseer deur sogenaamde naturalistiese sielkundige drama of realistiese drama - soos dié van Ibsen, Strindberg en Tsjechof.

"DIÉ VORM VAN drama is veral gebou om die opvatting van *resentment* - 'n uitdrukking of manifestasie van die samelewing se skuldgevoelens, skaamte en straf," sê die dramaturg Ashraf Jamal, artistieke direkteur van die New Black Sun. Teater het 'n spieël van die samelewing geword. "Dié soort teater omskryf 'n ontmoeting tussen mense op die verhoog as basies dialekties en gevul met konflik."

Die teks is in 'n bepaalde konteks gewortel. Dis gebou op die veronderstelling dat jy nie iets kan weet (of daaroor kan skryf) as dit nie deel van jou konteks is nie. "Om 'n bepaalde, afgeslote ruimte te skep het dié soort drama die vierde muur geskep - die onsigbare muur tussen die gehoor en die spelers. Die gehoor sit, afgesonder van die uitvoering, soos voyeurs en kyk na die gebeure op die verhoog. Hulle loer die lewe af, hulle word ontroer, hulle is getuies van 'n naturalistiese ontmoeting, 'n narratief met 'n begin, 'n middel en 'n einde," sê Jamal.

Dié soort teater is vir 'n spesifieke gehoor uitgevoer ('n gehoor wat aangesluit het by die konteks waarin dit geskryf is). Omdat dit van 'n bepaalde gehoor afhanklik is, is dit altyd versoenend in die lewe of in die dood.

"Die hele strewe van die drama is om sin te maak van die lewe, dit is 'n soort meta-taal, 'n taal wat elke gegewe ontmoeting in terme van beoordeling en herwaardering omskryf is. Daar is dus nie iets soos 'n suiwer gebeurtenis nie, alles is bemiddel, en 'n oplossing is altyd aan die einde verskaf."

DIE WERK WAT ontwikkel het tot modernisme en post-modernisme is daarenteen 'n poging om die vierde muur af te breek, sê Jamal. "Karakterisering op die verhoog is nie meer op 'realistiese' sielkundige konstruksies gegrond nie. Stukke kon nou begin speel met eksperimentering, toevallighede, abstraksies en transisies. Eensklaps het die idee van die vaste, uitgewerkte toneelstuk in duie gestort." Bourgeois realisme het in die 1850's 'n hoogtepunt bereik - veral in die werk van Ibsen en George Elliot. Hul soort werk is gegrond op wat Raymond Williams "die edele gemeenskap" genoem het. Die "edele gemeenskap" is gegrond op die geloof dat die wêreld sin maak, danksy konsensus, danksy die bepaalde gemeenskap waartoe jy behoort het. Danksy jou konteks het jy altyd geweet wie jy is. Niemand het daardie konteks verlaat nie.

"Maar skielik het die geïntegreerde Europese gemeenskap begin verbrokkel, bourgeois kapitalisme het imperialisme geword, skielik het hulle met ander wêrelddele begin kontak maak, die 'kultuur van die ander' begin ervaar. En toe het hulle hul eie kwesbaarheid besef, die broosheid waarop die grondbeginsels van hul gemeenskapslewe gebou is," sê Jamal. Hulle het ook begin besef hoe broos is betekenis, aksie, vaste riglyne.

Maar modernisme verskerp dié kwesbaarheid - byvoorbeeld die werk van Virginia Woolf. "Hulle (die nuwe skool) het die idee van identiteit, van geskiedenis, van doel, en van die samehangende verhaal begin dekonstrueer." Teen dié agtergrond het eksperimentele teater ontstaan.

EKSPERIMENTELE TEATER, SÊ Jamal, ag die klassieke verhaal nie so belangrik nie. Dit glo nie die betekenis van drama is gegrond op eindes nie, maar probeer eerder die samelewing se probleme onderstreep, wys hoe ingewikkeld dit is, dit as 't ware in die gehoor se gesig vryf. En dit kan gedoen word deur anargie of subtiliteit.


Maar bestáán eksperimentele teater nog? Is dié genre nie uitgeput nie? Hoeveel kan mense nog eksperimenteer?

Suid-Afrikaanse eksperimentele teater het in die vroeë en middel-tagtigerjare 'n hoogtepunt bereik - veral in die werk van Chris Pretorius in die Glasteater in Kaapstad, en die uitvoerende kunstegroep Possession Arts in Johannesburg (gestig deur onder andere Matthew Krause en Ivor Powell).

Gebruik mense nie maar net die term eksperimentele teater om hul werk te verkoop nie? "Nee," sê Ismail Mohamed, skrywer en regisseur van die hoogs suksesvolle *Wankers*, wat onlangs in die New Black Sun te sien was. "Daar ontwikkel beslis nou 'n nuwe beweging in eksperimentele teater. Dis al hoop wat teater het om te oorleef. Dis nie afhanklik van massiewe dekorstelle of groot begrotings nie. Dis bereid om kanse te waag, om die teater 'n uitdaging te maak - iets wat die hoofstroomteater nie doen nie."

Maar sommige mense meen ook eksperimentele teater word verwar met alternatiewe teater. Iets wat nie hoofstroom is nie kan alternatief wees, maar is dit noodwendig eksperimenteel? Wanneer word 'n werk eksperimenteel? Miskien moet die opvoerings vir hulself spreek.

Want, soos Jamal dit stel: "Elke stuk wat daarop aanspraak maak dat dit 'eksperimenteel' is, sal moet bewys dit het eksperimentele waarde - anders sal dit net bespot word as pretensieus. Dit moet 'n avant-garde element hê." ■



Nataniël... 'n middag se onverdunde pret.

# van die duiwel tot nataniël

*Die duiwel se tuin* deur Francois Bloemhof, Tafelberg, R39,95.
*X-Ray Visagie en die Vingers van God* deur Harry Kalmer, Tafelberg, prys nie vermeld nie.
*Neklis. Jollies en Smarties soos uit- en ingeryg deur PG du Plessis*, Tafelberg, R34,95.
*Oopmond* deur Nataniël, Human & Rousseau, R34,99.

GERRIT OLIVIER

'WAT ook al die rede, sy, wat as verkondiger van die Afrikaanse Boodskap self krag verloor vanuit die wonde toegedien deur pretensieuse outeurs en literêr geaffekteerde resensente, dink vandag: Hel, my taal sterf.

"Hy sterf van verveling."

Só dink Marlene Etsebeth, die hoofkarakter in *Die duiwel se tuin* deur Francois Bloemhof. Duiwelsaanbidding in Durbanville is die onderwerp van Bloemhof se tweede riller - 'n vertelling met 'n lekker vaart, onverwagte wendinge en 'n spanningslyn wat later so styf getrek word dat die geloofwaardigheid daaronder ly.

As leser wéét 'n mens dat redding op Marlene en haar seun wag, hoewel jy nie weet waar dit presies vandaan gaan kom nie. Erkenning van eie sonde blyk die oplossing te wees, aan die einde van 'n proses waarin die een vertroude figuur ná die ander as Afrikaanssprekende heks of satanis ontpop. Verveling is daar bepaald nie - maar wat 'n mens helaas óók mis, is ook maar die geringste krakie in die traktaatjie-agtige skeiding tussen goed en kwaad.

Wat my geboei het, was die wrokkige klein polemiek wat plek-plek in die roman gevoer word teen die aanstellerigheid van die Afrikaanse kritiek, wat vermoedelik nie van Bloemhof se eerste werk gehou het nie. Laat die literêre kolporteurs hiervan kennis neem. Die flapteks gaan ons voor met 'n prekerige sin so reg na die hart van die beangste kleinburger:

"Nou sny hy met die lykskouersmes sekuur onder die gemoedelike voorstedelike bestaan in en vind wat ontstellende koerantberigte van ons tyd ook blootlê; dat daar 'n morele vermolming ingetree het, en dat die Satanisme daarin geil teelaarde vind."

DIT GAAN MEER nonchalant daaraan toe in Harry Kalmer se *X-Ray Visagie en die Vingers van God*, waar 'n mens nie aan die duiwel hoef te glo nie. Kalmer bring 'n aantal hoogs uiteenlopende en eksentrieke karakters byeen in 'n bisarre terroristiese komplot.

Die hoofkarakter se belydenis, laat in die boek, oor hoe hy die wêreld ervaar, kan byna as sleutel tot die boek beskou word: "My kop is vol nuttelose feite. Soos 'n groot liasseerkabinet vol kaartjies met inligting. Kaartjies wat op hul eie bestaan. Wat niks met reality of met mekaar te doen het nie. Ek kan hulle glad nie op 'n kreatiewe, logiese manier met mekaar verbind nie. Elke feit staan net op sy eie. Dis maar net daar." (134)

Miskien verklaar dit waarom Kalmer 'n prosa sonder voegwoorde skryf; miskien ook nie. Kort sinnetjies en abrupte gesprekke, doellose en triviale detail ("Suzette glimlag. Daan glimlag terug. Hy sit sy arm om haar skouers. Die wind waai 'n stuk koerantpapier en 'n leë plastiekmelkbottel die straat af"), luilekker seks en geweld wat toevallig geregistreer word, kenmerk die boek.

"Direkte demokratiese geweld" is die leuse waaronder die Vinger van God-bende hul aktiwiteite lanseer. Daar is ook verwysings na Baader-Meinhof, na X-Ray se lidmaatskap van die ECC en 'n groot begrafnis soos dié van Neil Aggett. Het ons hiermee ook 'n politieke filosofie? Ek sou die revolusionêre verwysings maar nie te ernstig opneem nie: Kalmer het dit self ook nie gedoen nie. Die vaart van die vertelling en die gebrek aan samehang is waarin dié sjarme van dié loslit boek lê.

Met *Neklis. Jollies en Smarties soos uit- en ingeryg deur PG du Plessis* illustreer Du Plessis en sy uitgewer dat die "sensitiewe leser" wat teen Bloemhof se boek gewaarsku word, nog vir 'n skok vatbaar kan wees. Titel en buiteblad is 'n dieptepunt van smaakloosheid.

Die 29 tekste, byna nooit langer as vier bladsye nie, illustreer 'n buitengewone bekkigheid aan die kant van die verteller, en ook 'n groot kennis van verteltruuks. Die register van temas strek van die droewige en die narige tot die absurde, die ietwat skunnige en die verspotte, maar deurgaans het 'n mens te doen met kleinmenslike eienaardighede.

Ek moet bely dat ek nie 'n bewonderaar van hierdie vertellinge is nie. Met sy slimmighede, sy goedig-moraliserende uiteensettings oor die verloop van die lewe en die liefde en sy opdringerige gevathede het die verteller te dikwels 'n versmorende effek op sy eie verhaal. Hy voer sielige mensies vir ons op sodat ons vir hulle kan lag, nooit saam met hulle nie. 'n Mens wil hom later tot bedaring maan en sê: asseblief tog nie so jolly nie, nie so smart nie; laat die storie vir homself spreek.

DIE 21 STORIES in Nataniël se *Oopmond* het almal deel uitgemaak van sy opvoerings. Ek het gewonder hoe hulle sal lyk op papier, waar 'n mens nie die voordeel het van Nataniël se opsetlik naïewe en grootogige vertelling nie. Maar dit blyk dat *Oopmond*, onder al die populêre boeke wat hier bespreek is, die een is wat 'n middag se onverdunde pret aan die leser besorg.

By al die verregaande absurditeit van Nataniël se tekste is daar 'n grimmige ondertoon, sodat die onskuld van die verteller dikwels 'n skerp satiriese waarneming van die Suid-Afrikaanse samelewing verberg. Daar is 'n paar juwele in *Oopmond*, soos "My Parlement-storie", "Lekkerkry" en die skreeusnaakse "Dis innie gene". Die reeks Billy Dean-tekste uit *White Soul* ('n veelseggende titel!) toon dat sy talent ook nie beperk is tot enkele grappige eenmale nie. ■

# BOEKE

# iets nuuts om te lees

**TWEEBEENDIERE EN ANDER VERSKYNSELS** deur Ferdinand Deist. Die Goeie Vader, sê Deist, het laatmiddag op die sesde skeppingsdag besluit om die lewe interessant te maak en mense te skep - dit sou bra vervelig wees as "elke soort lewe op aarde maar net 'volgens sy soort' op situasies sou reageer". Dus, om alles interessant te maak, reageer Deist heel humoristies op allerhande dinge soos fiksheid, raadgewers, plig, ekonome, inkopies, ouderdom, verskeie -ismes, ensovoorts. Tafelberg. R34,95.



**SCOOPS EN SKANDES** deur Hennie van Deventer. Heerlike anekdotes oor perspetaljes en -persoonlikhede wat die leser 'n nuwe waardering gee vir hulle wat as "brandsiekinspekteurs" van die volk diens doen. Van Deventer is Uitvoerende Hoof: Koerante van die Nasionale Pers in Kaapstad. Tafelberg. R34,95.


**SKOONVELD** deur Dolf van Niekerk. Die skrywer pak die noodlottige gevolge van perversie binne 'n opgevoede en gegoede gesin romanmatig aan. Gholf dien as 'n psigologiese simbool waardeur die skoolseun Wim sin maak van die geestelike en fisieke veranderinge wat hy ondervind. JP van der Walt. R33,95.

**DIE ROOI SIRKEL** deur Maria Verheij. Marlene van Niekerk se vertaling van *De rode sirkel* is 'n klein, delikate roman oor adolessensie en die pyn en vreugde van grootword. Die sestienjarige Verheij is Nederland se jongste skrywer. Haum-Literêr. R23,95.


**STRIEP** deur Henk Figee. Oor die avonture van Striep, 'n strepieskat versot op hoender, beesvleis en vis, sy eienares Maria, en sy prettige buurkatte, Waslap en Vadoek. Vir lesertjies vanaf 6 jaar. Uit die Nederlands vertaal deur Emma Huismans. HAUM-Literêr. Prys nie vermeld nie.

**DIE KAT KOM TERUG!** deur Saviour Pirotta en Peter Melnyczuk. Kinderverhaal oor die groot gemmerkat Pampoen, twee kindertjies, Ferdie en Lalie, 'n geheime deur en plekke wat die asem wegslaan. Daan Retief. R24,95. Ook in Engels beskikbaar.

**OERWOUDDIERE.** 'n Boeiende kykie op die buitengewone en veelsoortige wesens van die reënwoude. Met talle illustrasies. Daan Retief. R25,95.




'n Nuweling... Die eerste uitgawe van die ondergrondse tydskrif *New Edge*, geredigeer deur Luiz Barros (die megalomaniese psycho) en Frank Bailey, wat dikwels die woord "wicked" sê. Die uitgawe bevat onderhoude met Steve Cohen ("I was a Satanic Artist from Troyeville") en Sididis, die redakteur van *Damn New Thing*, asook 'n versetskrif teen sensuur, 'n gids tot plaaslike cyberspace, en resensies van films, gedigte, klubs en musiek wat, volgens die redakteurs, die ding sê soos dit werklik is en te hel met goedgemanierdheid. Die tydskrif is te kry by boekwinkels of van Burning Souls Productions, Posbus 1169, Rosettenville, Johannesburg, 2130. Die intekengeld vir 'n jaar is R48.




Die vierde in 'n reeks comics wat ongereeld gepubliseer word deur "Tah-Dah" CosmiComics en as vertoonkas dien vir Suid-Afrikaanse talent. Sididis (Evil Ed Thingy), die "nuwe, verbeterde, ensiemaktiewe, psigopatiese redakteur wat ruimtewesens haat", sê hy's trots op dié uitgawe, wat Ralph Nolte se Buddies, en Bill Smut se The Unknown Zone: Platoon en Bone Stair Case: A Story in 2 Flights insluit. Die redakteurs is gedurig op soek na nuwe talent - en as jy jou strokiesskeppings wil voorlê, stuur dit aan State of Mind, Posbus 17186, Hillbrow, Johannesburg 2038. Die jongste uitgawe kan ook by dié adres bestel word teen R8.

## vir die sakelui

**BUSINESS PARTNERING FOR CONTINUOUS IMPROVEMENT**
deur Charles C Poirier en William F Houser.
Hoe om blywende bande te smee tussen werknemers, verskaffers en klante, met gedetailleerde aksie-studies van verskeie maatskappye, onder meer Toyota, Nissan en Sanyo. Pfeiffer and Company. R124,26.

**PUTTING TOTAL QUALITY MANAGEMENT TO WORK**
deur Marshall Sashkin en Kenneth J Kiser.
Oor 'n nuwe sake-konsep en hoe dit verhoudinge met klante kan verbeter en selfs die moeilikste sake-probleme kan oplos. Pfeiffer and Company. R86,58.

**CAREER MASTERY**
deur Harry Levinson.
Hoe om regdeur jou lewe in beheer van jou loopbaan te bly. Pfeiffer and Company. R68,38.

**NEW TRADITIONS IN BUSINESS**
geredigeer deur John Renesch.
Vyftien sakekenners bespreek nuwe denke en metodes en hoe om harmonie te bereik tussen jou werk en jou geestelike waardes. Pfeiffer and Company. R79,74.

**REAWAKENING THE SPIRIT IN WORK**
deur Jack Hawley.
Oor die krag van Dharmiese bestuur, wat Zen-tegnieke gebruik om geesteswaardes in die werkplek te vestig. Pfeiffer and Company. R102,54.

**PUBLIC FINANCIAL MANAGEMENT**
deur JSH Gildenhuys.
'n Gesaghebbende werk oor finansiële bestuur op die vlak van sentrale sowel as plaaslike regering. JL Van Schaik. R149,50.

**MONEY, SUCCESS AND YOU**
deur John Kehoe.
Dié kragtige boek wys dat sukses nie op harde werk berus nie, maar op oorspronklike denke. Zoetic Inc. R39,99.

**MONEY: THE MOTIVATOR OF THE NINETIES**
deur Frank Greenfield. Die Reënboogstelsel laat vaar outoritêre bestuurstyle en bevorder die betrokkenheid van alle werknemers by die verbetering van produksie, die vermindering van koste en die uitskakeling van vermorsing. Southern Books. Prys nie vermeld nie.



# maar jagger bly staan

*Jagger Unauthorised* deur Christopher Andersen. Simon and Schuster R89,99.

**WILLIAM PRETORIUS**

NET voor publikasie het koerante dié boek as die heilige waarheid aanvaar oor die rock-sanger Mick Jagger se private lewe, sy biseksuele verhoudings met manlike en vroulike groupies, en onder andere, die sangers Linda Ronstadt en David Bowie, en die balletdanser Rudolph Nureyev. 'n Mens het, om die waarheid te sê, gehoop dis alles waar - dat Jagger en die Rolling Stones werklik subversief was, die soort rolmodelle wat ouers nooit vir hul kinders sou aanbeveel nie.

Maar jy hoef nie bekommerd te gewees het nie. Jagger is, in dié boek, in werklikheid 'n wispelturige, uitgeslape sakeman wat geweet het hoe om baie, baie ryk te word, 'n kapitalistiese rolmodel de luxe, terwyl die verslae oor sy seksuele verhoudings almal ingelei word deur daardie joernalistieke uitvlugswoord "reportedly". Baie van die getuienis kom ook van vervreemde en bitter oudminnaars, so dis nie juis onbevooroordeeld nie.


Andersen veroordeel Jagger meestal deur skuld deur assosiasie, en verraai uiteindelik sy bronne. Byvoorbeeld, in sy verslag oor Jagger se vriendskap in die sestigerjare met die Arbeider-Parlementslid Tom Driberg, sê Andersen Jagger het in werklikheid 'n KGB-spioen bevriend. Dis onsin. In Francis Wheen se biografie *Tom Driberg: His Life and Indiscretions* - 'n boek wat Andersen in sy bibliografie lys - weerlê Wheen die gerug dat Driberg vir die KGB gewerk het en wys dat dit ontstaan het by die joernalis Chapman Pincher, wat as "urinaal" gedien het vir smeerstories wat versprei is deur regeringsagente wat hule teenstanders wou beswadder. Maar Anderson wil Jagger se naam ook deur die modder sleep en herhaal dié ongegronde gerug as die waarheid.

Die boek is ook swak geskryf en lees by tye soos 'n simpel roman van die "donker en stormagtige nag"-soort wat probeer uitkom - maar in Andersen se boek is dit "stroperige dae in Julie".

Die taal is ook gelaai: Jagger het nooit seksuele begeertes nie, maar "animal urges"; hy stel nie belang in astrologie nie, maar "dabbles in the occult" en so aan. Dit lei Andersen ook na 'n paar vreemde waarde-oordele wanneer hy Jagger se leesstof bespreek: William Golding se klassieke *Lord of the Flies* word nou beskou as "homoerotically charged", terwyl Fraser se studie van mites, *The Golden Bow*, 'n ondergrondse okkulte werk word.

Maar Jagger hoef nie bekommerd te wees nie. Op 'n vreemde, simbiotiese manier, voer Andersen eintlik die Jagger-legende deur sy onderwerp te demoniseer. Jagger is groter as sy biograaf, verbeeldingryker, teenstrydig, te verweef met die vloei van kulturele veranderinge wat Andersen nie begryp nie. Andersen slaag net daarin om te wys dat hy gevul is met vrees oor seksualiteit, vuilheid, dwelms en anargie en dat hy 'n onbetroubare skinderbek is. En hy bewys dat jy moet lig loop vir daardie koerante wat dié soort skrywer se woord as "waarheid" beskou.

# stil klein ontploffings




*Broken Vessels* deur Andre Dubus. Picador. Prys nie vermeld nie.

**WILLIAM PRETORIUS**

ANDRE DUBUS het al nege boeke fiksie geskryf, maar bly steeds 'n taamlik onbekende skrywer. Sy kortverhale is al vergelyk met dié van Raymond Carver en Tobias Wolff en hy slaag daarin om die alledaagse oomblikke van mense se lewens buitengewoon te maak deur sy delikate, versigtige skryfwyse.

Dié boek, sy eerste nie-fiksie, gaan nie oor skryfwerk as sodanig nie - al is dit die onderwerp wat hy doseer aan die plaaslike kollege in Haverhill, Massachusetts - maar oor sy eie lewe en gevoelens en sy stryd om selfrespek nadat 'n motorongeluk hom kreupel gelaat het: een van sy bene is afgesit.

Hy kan as 'n outydse skrywer beskou word in dié sin dat hy 'n praktiserende Katoliek is, 'n gesinsman, en 'n hooftema in sy werk is 'n humanistiese soektog na God. Maar om hom op dié manier te kategoriseer is misleidend. Hy skryf eerlik en openlik oor mense as seksuele, soekende wesens. As hy nie oor skryfwerk skryf nie, wys die verwerking van sy eie alledaagse lewe in prosa, met sy gebruik van woorde wat alledaagse gebeure stilweg laat ontbrand, waaroor ware skryfkuns eintlik gaan.




**Dale McKinley en Jean Knoppersen... "Dis moeilik, maar moontlik." Foto: Sally Shorkend**

# die regte boek op die regte plek

## Terwyl ander boekwinkels voorstede toe trek, gaan een van krag tot krag in die middestad

**WILLIAM PRETORIUS**

BOEKWINKELS het begin kwyn in die middestad van Johannesburg. Exclusive Books in Hillbrow het onlangs toegemaak en Alan Street se onafhanklike Select Books moes ook pas die deure sluit in Bank City - net twee weke nadat die boekwinkel geopen het.

Hoewel daar binne kantoorure 'n sterk konsentrasie kopers in die middestad is, sê Street, gaan hulle nie uit op straat nie - te gevaarlik. Witmense gaan koop hul boeke naweke in die voorstedelike winkelsentrums. Die mense wat wel in die middestad se strate loop, koop nie boeke nie. Boeke op sigself beteken nie meer veel nie.

Tog is daar 'n onafhanklike boekwinkel wat al drie jaar in die middestad oorlewe: Phambili Books. Hoe? Die eienaar, Jean Knoppersen, en die bestuurder, Dale McKinley, stem saam: "Dit was moeilik en dit gaan moeiliker word, maar ons het ons probeer aanpas by ons kopers se behoeftes. Ons het ook gespesialiseer."

Interessant genoeg is die grootste aanvraag na boeke oor Afrika, die ervaring van African-Americans en Marx en Lenin - sy standbeelde het in Rusland dalk getuimel, maar in dié boekwinkel kyk hy nog oor sy netjiese, melancholiese baard van boekomslae na die koper.

"Ons is waarskynlik die laaste boekwinkel ter wêreld wat die klassieke Marx verkoop," sê McKinley. "Plaaslike lesers het Marx ontdek. Maar dis verkeerd, selfs arrogant, van wit intellektuele en akademici om dié belangstelling te kritiseer - hulle het toegang tot Marx se werke gehad toe hulle nog vir ander mense verbode was."

Om die boeke te kry raak al hoe moeiliker. Die Russiese uitgewersbedryf verkeer in 'n chaos en die land werk nou op 'n omkoop-stelsel, die uitgewers inkluis. Marx is, ironies, daar straks aan die uitsterf - nie weens 'n gebrek aan belangstelling nie, maar weens historiese verandering en 'n oorskakeling na die kapitalisme.

DIE GEWILDHEID VAN studies oor Afrika en African-Americans is nie verbasend nie.

"Die huidige politieke situasie is verwarrend," sê McKinley, "en die ervaringe van Afrikalande en African-Americans het 'n kulturele basis geword, 'n sin van identifikasie en selfvertroue - en die grondslag van 'n Afrikanistiese nasionalistiese tradisie. Swartmense kan nou ook vir die eerste lees oor hul helde, mense soos Nkrumah, Malcolm X en Mandela." Boeke oor die struggles in Mosambiek, Zimbabwe en Angola is gewild.

Phambili wil ook boeke uit die res van Afrika versprei, veral fiksie en poësie. Padvervoer van dié lande is onbetroubaar en die boeke moet dus per lugvrag vervoer word, wat die koste van klein bestellings buitensporig maak. Maar dit kan steeds goedkoper wees as om boeke uit Afrika via Brittanje in te voer.

Die boekwinkel is egter geensins suiwer polities nie. Hulle het in 1990 met half-leë rakke begin. Vandag het hulle 'n wye verskeidenheid boeke oor enigiets van kultuurteorie, poësie, postmodernisme en geslagstudies tot uitgesoekte fiksie en gay en lesbiër-letterkunde.

As hy die boekwinkel moet beskryf, sê Knoppersen, sal hy die woord "krities" eerder as "polities" gebruik. Phambili wil bydra tot huidige debatte, wil "op die voorspits" wees met boeke "wat die grense van mense se denke versit".

Die geheim is om die keuse te balanseer: "Jy moet boeke aanhou wat verkoop, maar ook boeke wat omstrede is, waaroor gepraat sal word." Wel, jy sal die boek *Horsexe* - oor trans-seksualiteit en met 'n omslagfoto van 'n naakte geslagsveranderde mens met borste en 'n penis - in geen ander boekwinkel kry nie.


KNOPPERSEN EN MCKINLEY raak ook romanties oor boeke, en hou 'n omvattende keuse van Suid-Afrikaanse poësie in voorraad, al is digbundels stadige verkopers.

McKinly sien 'n aansienlike mate van spanning tussen die ineenstorting van protes-poësie en die terugkeer na tradisionele, gestruktureerde gedigte. "Dis groeipyne," meen hy, "en dit sal boeiend wees om te sien watter nuwe vorms hier geskep gaan word."

Maar om te oorlewe moet 'n boekwinkel ook 'n maatskaplike en gemeenskapsentrum wees. Phambili win nie net bestellings van instansies en biblioteke in nie, maar skep ook aktief 'n belangstelling in boeke. Debatte word in die winkel gehou, hulle verkoop boeke op feeste, saamtrekke en byeenkomste in die townships. Hulle verskaf boeke aan individue wat by plekke kan uitkom waar hulle nie kan nie - 'n "alternatiewe, informele netwerk", om dit so te stel, vir "gebiede in die townships en op die platteland wat nog nie tevore bereik is nie".

Hulle versprei ook boeke van Pluto Press en ander oorsese uitgewers, gee self pamflette uit oor aspekte van die Suid-Afrikaanse politiek en ekonomie en gaan binnekort 'n tweede boek uitgee - "die besonderhede is geheim", sê hulle, maar as alles uitwerk, gaan dit waarskynlik opspraak wek.

Die boekwinkel het gestabiliseer. Nou sien Knoppersen en McKinley uit na die uitdaging om in 'n nuwe politieke bedeling boeke te verkoop. Van een ding is hulle seker: "Koffietafelboeke is uit!" Maak nie saak wát gebeur nie. ■



## Satire word 'n viering

*Shampoo Planet* deur Douglas Coupland, Simon and Schuster, R69,95.

**WILLIAM PRETORIUS**

'N MINIMALISTIESE verhaal: Tyler Johnson, 'n volwasse video-kind uit 'n dorp met 'n leë winkelsentrum en 'n kwynende kernnywerheid, word besoek deur Stephanie, wat hy met vakansie in Parys ontmoet het. Tyler se meisie is ontsteld, maar sy hippyma Jasmine het te veel probleme met haar nuutste man om om te gee.

Dit moes 'n briljante boek gewees het. Coupland het talent. Maar hy verheerlik 'n media-oorlaaide samelewing met dié se eie oordrewe taal, en bied uiteindelik 'n oppervlakkige viering van alles wat oppervlakkig is in Amerika, pleks van sy bedoelde satire. Wel, miskien volgende keer.

*met nettie pikeur*

# thomassie se geheime passie: hoe om pasta van meet af te maak

WANNEER 40 jaar of meer aan jou lyf vat, begin jy wonder oor die dood. Mies Pikeur het laasweek vrolik 'n verjaardag gevier, en terselfdertyd geween en gewonder oor mense wat so lieflik oud word, en al dié wat so jonk weggeruk word.

Ek is tog so beïndruk deur vrind Dawid se moeder, 101 jaar oud, netjies en viets, hare mooi fyn blond gekleur. Effe doof, maar boeta sil jy nie ook doof wil wees as jy so oud geword het nie?

Sophia Loren (onvergelyklik beeldskoon, haar gladde vel die kleur van 'n ryp perske, seg een close-up joernalis), vertel sy eet pasta elke dag van haar lewe. En hiermee dus hulde aan antie Sofie (56) en haar landgenoot, signor Pietro Barilla, wat op die ouderdom van 70 die gees gegee het.

Pietro Barilla het aan ons 'n welkome nagedagtenis gelaat: Hy was die vader van pasta secca, droë pasta wat jy in 'n winkel kan koop. Weet julle hoeveel ons aan hom te danke het? Wie kry 'n kind sonder spaghetti groot?

Wanneer ons nie pasta koop nie, maak ons dit. Ten minste, Mies Pikeur doen dit nie - sy kon nog nooit die sjarme insien van lakens deeg uitkarring oor 'n kombuisstoel nie, maar die rekenaar-boffin Thomassie het 'n geheime passie: hy maak pasta met die hand.

Hy gebruik regte doeroemkoringmeel (nee, man, ek weet nie wat dit is nie), gooi 'n paar druppels olyfolie by (in die streek Emilia-Romagna is dit sonde om pasta met enigiets anders as meel en eiers te maak), en dis die gereg een uur later vir die hygende gaste op.

Hier is Tom se resep vir jou eie pasta, maar jy moet 'n hand hê daarvoor nes vir brosdeeg.

## PERFEKTE PASTA

Gooi een koppie meel (okay, nie doeroem nie, gewone broodmeel), een groterige, vars eier en 'n strepie sout op 'n groot werkoppervlak. Nou begin jy sonder flemies met jou kaal hande die spul meng en maal en druk en trek - armarbeid, seg my skryfmaat Henry Nolte. "Die pasta moet 'n kleitekstuur hê met heelwat rek en dit moet droog wees."

Nou druk jy die deeg drie maal deur jou pastamasjientjie om die nodige lang linte te verkry, en jy maak dit nog verder vir een uur in die yskas droog.

Dan is dit gereed vir kook. As jy vóór die kookslag eers verder oor pasta wil gaan oplees, koop as 'n treat vir jouself die lieflike Pasta Classica - The Art of Italian Pasta Cooking deur Julia della Croce (John Murray Uitgewers). Die ryklik geïllustreerde boek is die definitive pastaboek, met geskiedenis, pragtige prentjies, resepte, alles sprekend van 'n grondige kennis van die kuns.

Onder meer gee sy 'n klompie goue reëls vir die kook van pasta en sy is heeltemal reg: mense kla alte dikwels hulle pasta kom nooit reg uit nie - dis of te hard of te wollerig van al die kook. Hier is Julia se reëls, ietwat verkort:

1. Gebruik minstens 4 liters water op elke 500 g pasta. As jy meer pasta maak, gebruik nóg meer water.
2. Gooi sout by die water saam met die pasta, nie voor die tyd nie, want kokende water met sout in gee 'n snaakse smaak aan die kos. Die antie is darem kief né? Sy weet als.
3. Jy mag spaghetti in die helfte deurbreek as jy wil.
4. Roer die pasta met 'n houtlepel sodra dit in die water gedompel word, om te keer dat als aanmekaar vassit.
5. Dis onmoontlik om presiese kooktyd vir pasta te gee, want die vorms verskil grootliks van mekaar - daar is volgens Italianers meer as honderd soorte pasta en letterlik dosyne verskillende name vir die verskillende vorms. Toets pasta deur 'n stukkie te eet vyf minute voor dit veronderstel is om klaar te wees, en oordeel dan self of dit gaar en na jou smaak is.
6. Hou 'n groot verhitte bak gereed met twee eetlepels gesmelte botter of olyfolie onderin om die gekookte pasta te ontvang. Hou altyd 'n bietjie kookwater oor om die pasta mooi vogtig te hou, anders droog dit te gou uit en die sous syg in die pasta in.

Julia vertel verder nog interessante feite oor pasta, soos dat ónwettige pasta maak jou 'n boete van drie houe met 'n sweep en 'n geldboete kon kos. Ek weet van etlike restaurateurs wat vir dié behandeling kwalifiseer met hulle weergawes van pasta.

Maar nou eers 'n resep of twee.

## PASTA ROSA ALLA FLAVIA

Verhit 3 eetlepels botter, 8 eetlepels dik room, 1 glasie vodka en 'n halwe teelepel fyn rooi rissie en kook sagies tot net warm. Kook 'n potvol macaroni (omtrent 450 g) en meng die salige sousie met die macaroni. Natuurlik heelwat parmesankaas bo-oor.

Dit lyk my penne is 'n gewilde soort pasta hier by ons - ek kom dit dikwels in restaurante teë. Hier is 'n resep met penne en 'n groen sous.

## PENNE GROTTA VERDE

Verhit gekapte knoffel na jou smaak in olyfolie tot dit begin verkleur, en haal uit die olie. Gooi weg. Voeg 2 of 3 gekapte groen, rooi of geel soetrissies by die olie, braai 15 minute, en voeg 2 eetlepels botter, sout en peper na smaak by. Prut saggies vir nog 5 minute.

Kook 225 g penne volgens die aanwysings op die pakkie, dreineer, en terwyl dit nog druipnat is, meng met nog gesmelte botter en die pepersous.

Natuurlik ook parmesan hierby.

'n Laaste staaltjie oor pasta: die godsdiensthervormer Girolamo Savonarola het in die vyftiende eeu vreeslik tekere gegaan oor pasta. Dis nie genoeg dat julle pasta met knoffel eet nie! Julle moet nog ravioli ook weer oorkook en nog 'n kaassous oorgooi, het hy van die kansel af gepreek.

Arme Girolamo. Uiteindelik het hulle hóm gebraai op die brandstapel en tot vandag toe laat Italianers hulle nie voorskryf oor onthouding van pasta nie. Gelukkig vir ons.

# wynproe

deur henry nolte

## 'n salige sauvignon in die skemer



DIE Bulgare rapporteer vandeesweek dat cabernet sauvignon bestralingsiekte verlig. Nou weet ons almal dat Bulgaarse Bulbloed vandag 'n veel beter rooiwyn is as destyds. En soos Leipoldt drink ons 'n glasie wyn vir watter skeet ons ook daagliks oorval.

Maar ek wil hier in die openbaar dít vra: as iets met Koeberg verkeerd loop, moet daar genoeg van Gyles Webb se cabernet sauvignon byderhand wees. Met die onplesierigheid van 'n kernkrag-misstappie sal niks die gemoed so kan kalmeer soos lustige Thelema cab nie: peppermint crisp, 'n sweempie bloekom en 'n hele allegaartjie ryp bessies met 'n vegie vanielje van die hout soos 'n effe oordadige karringmelkpoeding. 'n Nuwe Wêreld-cabernet dié en topklas.

Dis nou hoe ek met die afsluit die àand se maaltyd (heerlik by Decameron op Stellenbosch) sal onthou: Thelema cabernet sauvignon 1989 Reserve wat Gyles vir die voorlaaste Kaapse Onafhanklike Wynmakersgilde-veiling gemaak het. Jy moet dié vol wyn eintlik nog 'n paar jaar hou sodat hy werklik kan begin blom, maar wie kan die verleiding weerstaan as die kruk getrek is?

Vroeër teen skemer het ons in sy bussie tot die hoogste wingerde in die Eikestad-omgewing opgekronkel. Saam met 'n vername Engelse wynskrywer, 'n ewe belangrike Britse wynaankoper en vriendin Maria.

Teen die hoogste heuwels, halfpad Tafelberg se hoogte teen 600 meter bo seespieël, kyk Gyles se witwyn-wingerde suidwaarts, chardonnay, sauvignon blanc en, so half vir die lawwigheid, 'n bietjie muscat. Die rooidruiwe is laer in die vallei op effens ander grond. Alles staan netjies, ry vir ry en saggies aan 't uitloop met die lente.

Geen wonder Gyles wen jaar ná jaar die prys vir die beste wingerd nie. Dis so netjies en presies soos 'n Woolworths-rak.

Maar op sy reguit menslike manier glo Gyles 'n mens maak wyn van druiwe. Pure natuurlik. Alles begin in die wingerd en hy sal nie skroom om daar te verander as dit moet nie. Van die pluk tot die bottel laat Gyles hom lei deur die druif self. Die resultate is daar vir almal om te proe.

Daar staan ons toe teen sononder agter Tafelberg en 'n koel flessie sauvignon blanc kom tevoorskyn. Kwalik 'n beter proeplek: tussen die Simonsberg-fynbos met die dreun van 'n bergstroompie. Die wyn pas volmaak in: 'n vol vrugtige verleidelikheid op die neus, amper skerp en dan snerp en ferm soos die aandbries in die mond. 'n Tikkie peper, groenigheid en elegant.

'n Klassieke sauvignon blanc. En dalk die beste van Thelma nog.

Op 'n vervrolikte noot pak ons die private proe in die vaatjiekelder aan: 1993 se verskillende chardonnay-klone in wisselende eikehoutvaatjies. Almal is verstom hoe vaatjie van vaatjie kan verskil. Maar reeds op dié jong ouderdom kom die vrugtegeure sterk na vore. Uiteindelik sal die meester-wynmaker die verskillende komponente vir Thelma chardonnay versny.

Ons proe ook die verskillende cabernet sauvignon en merlot. Daar is geen twyfel nie: Thelma het 'n herkenbare styl.

Met die kos drink ons nog van die jonge sauvignon blanc en ook 'n 1987 - Gyles se eerste. Ons sluk 'n versnit van merlot/cabernet sauvignon. Maar die troefkaart van die aand is die 1989 Reserve.

Die goeie nuus vir Kapenaars is dat die Kearneys van Palmwynwinkel nog van die 1989 Reserve het. R33 is baie billik.

By Picardi is selfs die 1990 uitverkoop, maar Vaughan Johnson het nog: cabernet sauvignon 1990: R24,25; sauvignon blanc 1993: R17,99; chardonnay 1992: R22,83.

Die spesiale 1990 Reserve vir die Kaapse Onafhanklike Wynmakersgilde-veiling verlede week het gemiddeld R402 'n kis behaal. As jy dit raakloop, pak dit weg, weg.

# ontdek 'n eetplek

## so van pavarotti gepraat



Giovanni's Pizzeria,
Brooklynsentrum,
Pretoria.

**MARTIE MEIRING**

JY'S miskien die soort mens wat as jy 'n mamma mia hoor, of O Sole Mio of iemand praat van Pavarotti, skielik 'n onkeerbare, onversadigbare lus ontwikkel vir iets Italiaans: soos 'n pasta, 'n calzone, 'n saltimbocca,'n vileto limone, antipasta... a, antipasta!

Goed, kry koers na Nick se plek - eintlik een van sy plekke, want benewens Brooklyn is sy ander Giovanni's in Jorissenstraat. Nick is 'n Griek - meneer Valitakis, na regte - maar toe sy gewilde Giovanni's in Esselenstraat afbrand, was dit soos om 'n stukkie Italië in Pretoria te verloor het.

Antipasta by Giovanni's is soos antipasta in jou beste herinneringe van Italië.

Jy kom in by die groot ruim restaurant, jy loop verby die antipasta-tafel en jy begin planne beraam; ansjovis, eiervrug, sampioene, tamaties?

Maar eintlik is dit net droomkos want ek moet die antipasta los want ek kan die Plato Frescura nie weerstaan nie: knarserige slaaiblare, tamaties, kappertjiesaad, ansjovis en van soutigheid móét jy 'n ryk hoofgereg bestel en dié keer nie 'n Fettucine Alfredo nie (want ek sweer dis die beste wat jy kan kry), maar 'n Congilia casuerola nel pepero. Konynvleis in tamaai groen, geel of rooipepers. Die sousie is dun maar ryk, geurig en volop. (Ek wens restaurante wil nie jou groente vir jou klaar opskep nie - dis so fascisties, as julle die woord sal verskoon.)

Oorkant my eet my geselserige tafelmaat pizzabrood met baie botter en baie roosmaryn, wik en weeg oor watter verskeidenheid antipasta en besluit uiteindelik op geroosterde calamari - nadat ek die inkvis en paprika so dwingend aanbeveel het. Nou ja, mense eet wat hulle wil, natuurlik.

As jy die sangria verbykyk, het jy 'n respektabele wynlys waaruit ek enigiets sal drink solank dit rooi, droog en Nederburg is. Dié keer Edelrood. Die poeding wat ek aanbeveel, is Brownies - hoewel ek eerlik dink enigiemand wat kans sien vir poeding ná 'n Italiaanse hoofgereg het nie reg laat geskied aan die gereg nie. Miskien 'n fyn gelata. En 'n koffie, liefs 'n espresso. En miskien, of nee, seker en gewis,'n Amoretta of, wat de dinges, 'n cognac!

Die rekening is ewe respektabel - as jy jou so uitgelate wil hou met die ekstratjies na die koffie, is dit jou eie saak. R110. (Die diens by al Nick se Giovanni's is uitstekend.)





**Kan Kobus Wiese die wa vir Transvaal deur die drif help trek in die Curriebeker-wedstryd teen Natal?**

# te veel wind in die seile

## Die Curriebeker-reeks wys heelparty manne van Transvaal en Natal raak gans te groot vir hul skoene

deur johann gerber

DIE vervaardigers van stewels en broeke is van die baie mense wat nie tred gehou het met die ontwikkelinge vanjaar in SA-rugby nie. Aan die einde van die Curriebekerreeks gaan baie spelers met waterblase aan die voete en 'n pyn op 'n ander plek sit.

Namate Transvaal en Natal se senior spanne hulle vanjaar as die bestes op hul vlak in Suid-Afrika gevestig het, het baie spelers te groot vir hul skoene en broeke geword.

Die grootgat-faktor het Transvaal juis verlede naweek op Nuweland laat verloor en Natal in Pretoria tot op die rand van 'n nederlaag gevoer. Dit het niks te doen met die klomp topspelers wat klaarblyklik te veel gewig onderkant die middellyf dra nie.

Beskeidenheid het iewers langs die pad na die Curriebeker-eindstryd weggeraak. Die twee voorbokspanne het hul eie vermoëns so begin oorskat dat hul ondersteuners - veral in die persbanke en uitsaaihokkies - ook in die moeras beland het.

Die uitslag van die eindstryd sal stellig bepaal word deur die afrigter wat die beste daarin slaag om sy spelers betyds in hul stewels en broeke te laat pas.

Spelers wat meen hulle is te goed en te beroemd om in die skrums te stoot, in die losskrum onder te lê en teenstaanders laag te vat, kan 'n span maklik laat verloor. Sulke spelers is op die oomblik nie skaars nie.

Transvaal en Natal het moontlik beserings probeer vermy toe hulle teen die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal so vrot verdedig het, maar die gevaartekens is al sigbaar sedert die Springbokke van Australië af teruggekom het.

Party vooraanstaande spelers besef klaarblyklik nog nie die verskil tussen 'n Springbok en 'n goeie Springbok nie. Sedert Suid-Afrika se terugkeer tot internasionale rugby het niemand nog die geleentheid gehad om werklik tot 'n groot toetsspeler uit te styg nie - maar aan die houding van baie spelers sal niemand dit sien nie. Hulle loop so oor van hul nuut gevonde roem dat dit hul spel nadelig beïnvloed.

Dan praat 'n mens nie eens van dié wat sommer wil baklei wanneer gewone provinsiale spelers aan hul dun lagie blink verf raak nie.

Selfs die Suid-Afrikaanse rugbybase is bang om die nuwe godjies te na te kom. Die gevolg is dat onsmaaklike gedrag deel van die spel geraak het.

Party vooraanstaande spelers is nou so belangrik dat hulle selfs die skeidsregters minag. Transvaal en Natal kan gerus deeglik kyk na die aantal strafpunte wat hulle die afgelope weke afgestaan het. Een van die kenmerke van 'n goeie span is juis dat hy die reëls minder oortree as sy teenstanders. In dié opsig is nóg Transvaal nóg Natal 'n goeie span.

OM HULLE DIE sterkste bonde in Suid-Afrika te noem is 'n ander gewilde mistasting. 'n Werklik sterk bond se rugby is op alle vlakke goed - wat nie die geval is met die twee bonde wat op die beker aanspraak maak nie.

Ook in die sukkelspanne is baie spelers wat hul eie waarde oorskat. Hulle probeer pal wys hulle is ten minste sterker en aggressiewer as die Springbokke. Hul aandeel in die oormaat vuil rugby van 1993 word nie oorskat nie.

Natal, wat in Curriebeker-wedstryde vanjaar meer punte aangeteken en minder afgestaan het as Transvaal, behoort sy nederlaag in die eindwedstryd om die Lionbeker te vergoed deur Transvaal op Kingspark te verslaan. Hy het ten minste die voordeel van die tuisveld in 'n wedstryd waarin die verskil tussen die spanne gering is.

Die manier waarop die WP Transvaal stukkend gespeel het, kan egter die beslissende faktor wees. Die sogenaamde Rooi Leeus se Springbokke weet nou hul plekke in die toerspan Argentinië toe, is nie so veilig soos hulle gemeen het nie.

Dit begin al meer lyk asof die WP genoeg talent het om in 1995 weer in die voorste gestoeltes te wees. Noord-Transvaal sal egter eers die vrot kolle in sy administrasie moet uitsny voordat hy sy aansien op die veld kan begin herstel.

Die bloues het juis te veel spelers wat so oorgewig lyk dat hulle eenvoudig nie fiks genoeg vir groot rugby kan wees nie - en 'n hele paar speel nie in die skrum waar hul dikkerigheid weggesteek kan word nie.

Dat die bloues en die eens magtige Kaizer Chiefs omtrent ewe ver geval het, behoort 'n waarskuwing aan Transvaal en Natal te wees voordat vanjaar se eindstryd begin. In sport draai die wiel soms vinnig en onvoorspelbaar.

'n Plek in vanjaar se eindstryd en 'n lang lys Springbokke is geen waarborg dat die spanne aanstaande jaar goed sal vaar nie. Die knap skoene en stywe broeke kan binne 'n paar maande weer goed pas. ■

televisie

# klipoog

## 'n Kabel met net genoeg kinkels

JA-NEE, sake lyk maar sleg vir die deur trauma stomgeslane Maryna (Anna-Mart van der Merwe) in *Sonkring II* (Donderdagaande op TV1).

Hoewel Klipoog nie rêrig bang is dat sy dalk op die ou end tóg gaan hang weens die nare ou Dressler (Pieter de Bruyn) se dood nie - dít sou nou vir jou 'n woeste kinkel in die kabel sit! - het die situasie ontwikkel in 'n cliffhanger waarin 'n mens jou nogal lekker kan inlewe.

Dit doen Klipoog se hart goed om te sien daar is wel nog Afrikaanse TV-reeksmakers wat spanning in 'n storielyn kan behou sonder om terug te val op sulke onmoontlike wendings en vergesogte draaie dat g'n kyker in staat is tot enige suspension van disbelief nie.

Die groot rede waarom Klipoog erg het aan die *Sonkring*-span se werk is dat Jan Scholtz (gesoute vervaardiger en draaiboekskrywer) en regisseur Bob Riley besluit het: 'n spanningsreeks is 'n spanningsreeks - en daarmee basta.

Dit klink dalk na 'n eenvoudige besluit, maar Klipoog het dit al te pynlik dikwels ervaar dat die skeppers van TV-reekse nie tevrede is om by één genre op 'n slag te hou nie. Dan klits hulle so 'n absurde allegaartjie van riller-cum-komedie-cum-melodrama-cum-liefdesage saam - Klipoog dink veral aan daardie *Ballade*-gedoe, maar in mindere mate ook aan die gesinskonserterige *Glaskasteel* - dat geen fynproewende couch potato dit vir soetkoek kan opvreet of verteer nie.

Nou kyk, melodrama is daar wel volop in *Sonkring II* - De Bruyn se slinks brommende boosheid, Alwyn van der Merwe se smalend slu sadisme as Dressler se handlanger (wat in sy lêplek selfingenome moorddadig die skemer in tuur terwyl hy lelike planne beraam), die manier waarop episodes telkens op 'n angspunt eindig, ens - maar vir 'n riller is dit als kosjer melodrama: dit skep stemming, dit bou spanning deur dramatiese gebare, maar sonder om die geloofwaardigheid so ver te rek dat als in absurde komieklikheid verval.

Daarby is 'n uitstekende span spelers hier uitstekend aan die werk (Klipoog laat daardie saai polisie-offisiere maar genadig buite rekening). Klipoog word veral geïmponeer deur die tonele tussen die getraumatiseerde heldin en haar chronies sardoniese, maar eintlik goedige nuusredakteur, Adam Gerber (Paul Eilers). Wie't nou gedink dié effens vaal mannetjie van *GMSA* kan so kaatjie van die baan wees as hy wil, né? Die tweetjies lewer saam 'n lekker eiesoortige variasie op die ou tema van die kêrel en die meisie wat "teësinnig" na mekaar vry deur gedurig te baklei.

Al tikkie melodrama wat Klipoog meen dalk maar kon uitgebly het, is die gestremde Henry (Chris Muller), wie se histeriese tantrums Klipoog effens te veel herinner aan die soort soppy oordadigheid wat daardie *Ballade*-gedoentes so irriterend gemaak het.

## Regte mense

Net ingeval iemand verkeerd verstaan en meen Klipoog diskrimineer teen gestremde karakters, wil Klipoog dit duidelik stel: dit is nié die geval nie. Klipoog glo die televisie kan en moet - ook in fiksiereekse - die volle spektrum van menslike ervaring weerspieël. Klipoog staan die gebruik van gestremdes as volwaardige karakters in TV-dramas voor, want dit kan dié mense se beeld as integrerende deel van die samelewing normaliseer.

Die uitstekende reeks *Reasonable Doubts* 'n tyd gelede, waarin die doofstom Marlee Matlin die advokaat-heldin gespeel het, het gewys hoe 'n waardevolle slag só vir gestremdes geslaan kan word. Maar dan moet die kwessie realisties en oortuigend benader word - gestremdes moet as ménse uitgebeeld word en nie as kleurryke koddighede wat onnatuurlik sensasioneel op die kyker se gevoelens speel nie.

Wat dit betref, het Klipoog ongelukkig ook bedenkinge oor die Amerikaanse reeks *Life Goes On* (*Môre is nog 'n dag II*), waarin Chris Burke, die jong speler met Downs-sindroom, as die seun Corky sentraal staan in die Thatchergesin se wel en wee. Klipoog het geen kritiek teen Burke nie - hy is die opregste en oortuigendste speler van die lot - maar teen die draaiboeke wat so prekerig sulke stroperig sentimentele morele lessies om hom weef. Waar *Reasonable Doubts* 'n nugtere realisme volgehou het, plaas *Môre is nog 'n dag* die gestremde seun se lotgevalle in so 'n geromantiseerde lig dat jy naderhand wil verstik onder die dik kombers rosegeur en maneskyn waarmee die pyn telkens versmoor moet word. Elke donker randjie het darem nie altyd 'n silwer wolk nie, hoor.

## Preutse gefemel

Klipoog is verlig daardie simpel opvoedkundige seksreeks (of hoe sal 'n mens dit stel) *One Body One Life* (Donderdagaande op TV1) het nou tot 'n einde gekom, want dié moraliserende gefemel deur 'n klomp pedante wat te selfbewus is om die kamera reguit in die oë te kyk en hul verskriklike wyshede skaam onderlangs vir mekaar prewel, was amper genoeg om enige normale tiener vir goed 'n hangup te gee oor seks. Gelukkig vermoed Klipoog dat min normale tieners in elk geval die moeite gedoen het om so laat uit die bed te bly vir 'n paternalistiese preek.

---

## Fees van jazz en blues

DIE Farm Inn Hotel, Lynnwoodweg, Pretoria, bied deesdae 'n fees van ernstige jazz en blues aan. Die program vir die volgende paar weke sluit in:

Short Attention Span met Johnny Fourie en die wêreldbekende saxofoonspeler Dave O'Higgins - 6 en 7 Oktober, 9 en 10 Oktober.

Phil Holder en Joe Mbatha - 8 Oktober.

Kort daarna tree die internasionaal bekende Light Years op met Phil Holder (saxofoon), Avzal Ismael (klawerbord), Neill Ettridge (tromme), Alex Aldridge (sanger) en Dennie Lalouette/Mark Dubie (baskitaar).

African Jazz Pioneers - 31 Oktober tot 28 November.


AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

**AFRIKAANSSTEREO: HOOGTEPUNTE**

**DOKUMENTÊR** - Walvisbaai 1 en 2
Dinsdag, 5 Oktober, en Dinsdag, 12 Oktober, om 7.15 nm.
'n Dokumentêre program oor Walvisbaai, aangebied deur André Liebenberg.

**SPEKTRUM**
Maandag tot Vrydag om 1.15 tot 2 nm.
'n Objektiewe nuusaktualiteitsprogram aangebied deur Norma Odendaal.

**STROOMAF**
Maandag tot Vrydag om 4 tot 6 nm.
Aanbieders: Johan Rademan en Frikkie Wallis
'n Huis-toe-ry program met 'n verskeidenheid van rubrieke, lekker gesels en musiek

# brolloks & bittergal

## Radio Vervelige Verleentheid

Brolloks was nog altyd half lugtig vir die regse storm en drang en die potensiaal vir hul groei.

Tot die lot hul veelgeroemde eie radiostasie op die been gebring het. As dít die gesig van die regses is, het ons min te vrese. Watter soort mense is bereid om in 1993 nog knaend na Duitse marsmusiek, sakkie-sakkie en toesprake van DF Malan te luister? En swak, verouderde en propagandistiese nuusbulletins? Net mense wat baie oud en vervelig in hul jare en/of hul siele is.

Nog iets: enigiemand wat dominee Mossie van den Berg as geestelike leier het, moet waaragtig geestelik baie bloedarm wees.

## Plakkie bekkies toe

'n Skooljuffrou van Engeland is geskors omdat sy grootbek-kindertjies se monde met kleefband toegeplak het toe hulle té irriterend geraak het.

Shame vir die juffrou, maar dalk was dít wat die Speaker van die Parlement met Ferdi'tjie en Jannie en dié outjies moes gedoen het eerder as om hulle uit te jaag: plak die ou bekkies toe.

Hulle gedra hulle soos kleuters, so behandel hulle so.

## Spookstorie

Nasionale Pers se dagblad in Transvaal, *Beeld*, het die laaste paar jaar in een van die heel beste koerante ontwikkel wat Suid-Afrika nog gehad het. Lewendig, geloofwaardig en verfrissend sonder die toutjies wat dit met die Party verbind. (Nog net nie sover gekom om eerlik te wees oor die Broederbond nie.)

Daarom was dit so verbasend dat *Beeld* laasweek met die tipiese *Rapport*-storie gekom het dat die ANC die dwelmhandel na Suid-Afrika aanmoedig, kwansuis omdat dit jongmense aan die baklei hou, of so iets.

Watter onverdunde duimgesuigde twak. Ag nee man.

## Ebbe wie?

Nog by *Beeld*: dié koerant het onlangs besluit om die gereelde bydrae wat van die redakteur van sy susterkoerant in die Kaap, Ebbe Dommisse van *Die Burger*, gebruik is, te staak.

Privaat is Ebbe - nie Afrikanerdom se verligste siel nie - siedend skaam-kwaad. In die openbaar maak hy of hy glad nie weet hoekom *Beeld* dit aan hom gedoen het nie, en dat dit hom g'n niks skeel nie.



## Piet se neus

Het Piet Koornhof se neus laasweek langer geword toe hy gesê het hy is Marcelle Adams se kind se biologiese pa, of het dit langer geword toe hy laas hoog en laag gesweer het dit is koerante se nare skinderstories?

Bittergal weet uit die fisika dat materie nie uit niks tot stand kom nie. Is daar dalk iets wat korter word elke keer as sy neus langer word? Oppas, Pieta!

## Die Botha-bloed

Lyk vir Brolloks dis in die Botha-bloed, dié swakheid om nie te weet wanneer om op te hou nie.

Daar was PW wat lank ná sy vermoëns dit toegelaat het en sy eie mense hom al verwerp het, probeer het om die stert te wees wat die hond swaai.

Daar is Pik wat die langs-lewende (en mees beskinderde) Minister van Buitelandse Sake in die geskiedenis van die mensdom is.

Daar is Con (Con wie?) Botha, oor-die-muur-administrateur van Natal.

En nou is daar Naas, die mees aktiewe has-been in ons sportgeskiedenis, wat wéér gaan speel.

Die enigste Botha met 'n toekoms in die openbare lewe is Thozamile Botha, die ANC se topman oor streke en plaaslike regering.

## Wit prinsesse

Gehoor hoekom Jacqui Mofokeng twee wit prinsesse het? Die organiseerders was bang sy staak.

## Klopdisselboom

Laas Saterdag op Loftus met die wedstryd tussen Natal en Noord-Transvaal stap 'n jong kêrel af krip toe om van die bier ontslae te raak. Hy staan langs 'n ou omie, en kon half nie help om te loer nie.


En wat sien hy? 'n Strategies-geplaasde tattoeërmerk. Hy kon sy nuuskierigheid nie verberg nie: Oom, 'skuus, maar ek kon nie help om die tatoeërmerk raak te sien nie. Wat beteken "oom van oom"?

Boetie, sê die oubasie skuddend, toe ek jou ouderdom was, het daar gestaan "Die disselboom van Potchefstroom".

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113

## Pretoria? Nee wat!



*Maarten Hamersma van Middelburg (Transvaal) skryf:*

In 'n onlangse artikel het een van u verslaggewers probeer om die kwessie van waar Pretoria (of beter, in moderne Afrikaans: die "Groter Pretoria") moet inpas: by Oos-Transvaal, by die PWV of op sy eie, as (ha-ha) "Washington DC".

Daar word genoem dat President De Klerk gesê het die streekafbakening moet getoets word - seker met 'n vrye referendumpie. En dan word meestal slegs genoem dat die mense van die "Groter Pretoria" gevra moet word waar hulle wil inpas.

Maar wie sê ons wil hulle hê? Miskien moet die Pretoria-referendumpie in Oos-Transvaal gehou word! Oos-Transvaal se kultuur verskil 'n bietjie van Pretoria s'n:

- Ons het ongelukkig 'n groter KP-meerderheidjie sover dit die ou parlementjie aanbetref (maar gelukkig baie min blanke Afferkaners in vergelyking met die totale bevolking, so hulle tel eintlik nie).
- Ons het gelukkig Sabie en Graskop en so aan (elke jaar meer toeriste as Kaapstad).
- Ons het ongelukkig min DP's.
- Ons het die Middelburg Forum (en ander - waar die plaaslike gemeenskappe lankal saamwerk).
- Ons het industrieë (Sappi, TSB, Columbus, Eskom, koolmyne).
- Ons het die pad Wildtuin toe.
- Ons het die pad Sodwana toe.
- Ons het baie gholfbane.

Daar is nog baie redes. Pretoria moet nou nie net weer windgat raak en dink hulle kan besluit waar hulle moet inpas, en dan moet ons ander dit maar net aanvaar nie!

Nogal 'n goeie tydskriffie wat u verkoop. Wens meer mense wil dit lees.

## Troebel waters

*Ronald Woods van Braamfontein skryf:*

Oos-Transvaalse uitknipseltjies: vier dae by Badplaas wek, onder andere, die volgende gevoelens by my op:

- verligting, toe daar uiteindelik, op die derde dag, drie swart vroue by die warmwaterbad opduik, en ek die gevoel gekry dat ek my steeds in Arika bevind;
- teleurstelling, toe 'n vader sy klein blonde dogtertjie plotseling verbied om die water weer in te gaan, want "die swartes piepie in die water";
- walging, toe ek uit pure nuuskierigheid 'n *Rapport* koop en halfpad lees, en depressie met die besef dat honderdduisend Afrikaners (soos baie op die grasperk om my) dié sterk sieningsvormende weekblad lees;
- wanhopige vreugde, toe ek van die verte af sien hoe 'n renostergesin tot die klein wildbewaringsgebied aangebring is en ek terselfdertyd aan die duisende afgemaaide renosters dink:
- algehele verwarring, toe dit tyd was om terug te reis Johannesburg toe. Wat is die meer egte Suid-Afrikaanse "realiteit": die chaotiese stad waarin ek oorleef, of die Afrika-paradys wat so onAfrikaan is?

## Sit hop in jou kop

*Fanie de Villiers van Yeoville skryf:*

Henry Nolte se Wynproe en Nettie Pikeur se Fynproe het my vandag aan die dink en skryf gesit, in plaas van aan die drink en eet.

Wanneer ek Mies Pikeur se rubriek lees, vind ek ontvlugting van die Oos-Rand se geweld en doodslag wat 'n paar honderd klipgooie hiervandaan voortwoed. Sy skets 'n poskaartprentjie van bootjies wat pynloos doer in die hawe dobber, en 'n mistige berg daai kant, terwyl sy en haar "vrinde" pikant aan kreefsterte en soetwyn suig. Dis vir my onwerklik, onbereikbaar, asof ek kwylend deur 'n koeëlvaste venster kyk na seisoene in die paradys.

Ek was nog so min in die Kaap dat ek nog nooit eens die Suidoos gevoel het nie. Kan mens goeie mieliemeel daar koop, soos die van die Oos-Transvaalse Koöperasie? Praat die mense daar soos hulle skryf? Sê hulle "onse land" in plaas van "ons land", en "vrind" in plaas van "vriend"? Ek onthou nie veel van wat die wegloopmeisie van Citrusdal met wie ek in 1987 'n bottel Taverna op 'n matras in Langstraat gedeel het gesê het nie, en ek het haar naam vergeet, maar o, haar stem was soet soos nartjies.

- 'n Ander goeie ding uit die suide is Mitchell's bier daar uit Knysna se wêreld ... daai Bosan's Bitter gly ongelooflik lekker af, en maak tot mens se hempsknope mellow. Ek ontwapen myself elke Saterdag met 2 liter van dié aardse mout.

Hier in Hillbrow kan mens goedkoop groente op die sypaadjie koop, en voor Fontana is 'n paar bruin ouens wat kleur verleen met uitroepe van "tamatie vir die paartie, slaai vir die braai, sit hop in jou kop!". Een groot klagte is dat ek ná jare nog nie rêrig goeie boerewors in Joburg raakgeloop het nie. Daarvoor moet mens maar die boereworsgordyn Pretoria toe oorsteek. En ek het nog selde kwaliteit straatkos op Joburg se sypaadjies gekry. Vergelyk dit nou met die wonderlike, gapende, geurige, vol schwarma wat ek in 1988 na middernag op 'n sypaadjie in Amsterdam se rooiligdistrik gekry het van iemand uit die Midde-Ooste.

En terwyl ek daar was, het ek sommer kulturele kruisbestuiwing 'n hupstoot gegee toe ek 'n pragtige donker dametjie van Suriname bekend gestel het aan sappige boerewors. Sy wou be-TAAL word om te proe, en in landsbelang het ek maar opgedok. Ek onthou nog haar naam... Jackie. Nou nog, as ek The Commodores se "Nightshift" hoor, onthou ek daai schwarma-nag met smaak.

Nettie, al kook ek selde meer as water, en Henry, al drink ek meer bier as wyn, lees ek julle rubrieke elke week. Soms haal mens tog die paradys.

## Leer om te verdra

*WJ Lubbe van Strand skryf:*

Dit sou miskien voortydig en voorbarig voorgekom het om, voor die "vredesfeestelikhede" van 2 September enige bedenkings of twyfel uit te spreek oor die moontlikhede van sukses want dit was allerweë, hoofsaaklik deur die politieke leiers en die organiseerders, verwag. Skaars egter was die grootskaalse "vlagswaaiery" verby of "moord en doodslag" is weer aan die orde van die dag. Dit kan met 'n hoë mate van sekerheid gesê word dat die meeste deelnemers aan die optogte niks anders as sensasiesoekers en meelopers was nie. Min of niks van die werklike bedoelings en ideale van die "vredesfeestelikhede" is dus behaal nie omdat dit nie verstaan of begryp is deur die grootste meerderheid van die sogenaamde ondersteuners nie. Hulle was nie ondersteuners in die ware sin van die woord nie.

Miljoene is al op verskeie vlakke aan die vredespoging aangewend. Dit is egter duidelik dat 'n vredesideaal nie bloot daarmee verwesenlik kan word nie. 'n Uiters belangrike element, "verdraagsaamheid" - 'n voorvereiste, is afwesig. Om

# die party wie se beleid gesteel is

Daar was onlangs woelinge in die DP om die leierskap-kwessie en of Zach de Beer vervang moet word. **HENNIE SERFONTEIN** gesels met **Tony Leon,** deur sommige gesien as toekomstige DP-leier, oor die party se leierskap en toekoms

**Hoe ernstig is die verskille oor die leierskap?**

Die verskille is duidelik nie te ernstig nie - anders sou daar 'n uitdaging vir die huidige leierskap na vore gekom het.


Vanselfsprekend is daar, soos in alle partye, verskillende benaderings oor die styl van leierskap. Zach de Beer is self baie oop oor dié soort sake en verwelkom besprekings daaroor.

Die onlangse gebeure was beslis nie 'n soort onkonstitusionele poging om 'n coup uit te voer nie. Dit was basies 'n debat oor strategie.

**Waarom was daar dan 'n versoek dat Zach de Beer moet bedank?**

Dit is nooit so uitdruklik gestel nie. Maar jy moet liewer party van die mense vra wat by daardie ontmoeting betrokke was. Ek was nie by daardie spesifieke vergadering nie.

Maar daar was beslis nie 'n aandrang om te bedank nie. Die vraag was oor die leierskap oor die algemeen en hoe om die leierskapstyl te vernuwe. Ons moet ons geleenthede maksimaliseer. Daar is kommer dat indien ons nie radikale stappe doen nie, ons probleme sal hê om ons identiteit onder ons huidige en potensiële ondersteuners te handhaaf.



**Wat bedoel jy met radikale aksie?**

Dit gaan oor die hernuwing van die party en of die leierskap verander moet word. Maar ek het tot die gevolgtrekking gekom die DP is inderwaarheid beter daaraan toe met die huidige leierskap en sal slegter daaraan toe wees as daar 'n verandering in leierskap is in dié stadium. Ek het dit so in die parlement gestel.

**Is dit waarom jy jou onttrek het aan moontlike leierskap?**

Ja.

**Maar is dit nie beter vir die DP om die leierskap vóór die verkiesing te verander as daarná nie?**

Die vraag is debatteerbaar. In die politiek gaan dit altyd oor tydsberekening, daarom is ek oortuig dat leierskapverandering in dié stadium 'n fout sal wees.

Zach de Beer het geloofwaardigheid, hy geniet hoë aansien in die samelewing en boesem vertroue in. My guts-gevoel sê ons moet nie nou verander nie.

**Hoe sien jy die DP se rol in die aanloop tot die verkiesing?**

Die belangrikste is dat ons ons identiteit moet herbevestig. Baie van ons gewone grassroots-ondersteuners vra vrae oor ons en is ontevrede oor die party se optrede. Ons moet verlore grond in ons tradisionele vestings soos die noordelike voorstede van Johannesburg herwin.

Vanselfsprekend moet ons ook nuwe ondersteuners bykry. Ons maak geweldig vordering - veral in die bruin gemeenskappe, maar ook in die townships.

Maar baie werk moet nog gedoen word. Dit alles benodig baie geld en die probleem is talle groot besighede begin nou die ANC ondersteun.

**Is daar nog plek vir die DP nadat die NP feitlik jul hele beleid gesteel het?**

Dit is die kritieke vraag. Ons moet ons herbevestig as 'n party met liberale waardes want ons probleem is dit wat die gewone mens en kieser van ons dink.

In die onderhandelinge is dit duidelik die NP voel nie natuurlik tuis met die beginsels van vryheid en demokrasie wat hulle nou aanhang nie. Die NP sit dikwels met hul mond vol tande as dit gaan oor sake soos die beskerming van individuele vryheid en eiendomsreg. Selfs al sou mens aanvaar hul bedoeling is goed, is hulle nie toegerus vir die taak wat hulle hulself opgelê het nie.

Staatpresident FW de Klerk het byvoorbeeld weereens in die parlement gesê hy het verander omdat apartheid nie gewerk het nie. Maar hy beklemtoon nog steeds dat afsonderlike ontwikkeling 'n etiese basis gehad het.

As dit gaan oor sake soos vryheid en demokrasie, dan is 'n verteenwoordiging in die parlement van slegs 5 persent vir die DP beter vir die land as 40 persent vir die NP.

**Is die dilemma vir die DP nie dat hy ondersteuners aan sowel die ANC as die NP verloor nie?**

Ons grootste probleem is om 'n eie identiteit te projekteer na die gewone mens. Ironies is ons beste eienskap ook verantwoordelik vir ons grootste swakheid. Dit is dat die DP 'n uiters belangrike rol in die hele proses speel as fasiliteerder. Maar omdat jy as fasiliteerder tussen botsende groepe staan, skep dit by die kiesers publiek 'n vraagteken oor ons identiteit en waarvoor ons staan. Daarom moet ons met 'n aggressiewe aanval kom om ons teenstanders se swak plekke bloot te stel. Ons kan ons eie identiteit vestig met 'n strategie van slaan en brand (slash and burn). Dit is 'n hoë prioriteit om die swakhede van ons opponente aan die kaak te stel.

**Sal die DP deel word van 'n alliansie van pro-federale partye buite die ANC-alliansie?**

In ons kringe word daaroor reeds gepraat. Die vraag is of jy 'n harde alliansie vorm met alle vennote op dieselfde kieserslys, en of jy 'n sagte alliansie vorm waar die vennote onafhanklik deelneem en agtema saamwerk. Maar daar is ook pro-federale groepe in die ANC-alliansie. Die vraag is hoe jy jou oogmerke ten beste kan bevorder.

**Gaan julle die Wes-Kaap wen?**

Ons Kaapse mense is oortuig dit gaan gebeur.

**Hoe ernstig is die probleem van intimidasie en wat doen julle daaraan?**

Dit is inderdaad 'n groot probleem. Ons sal baie meer konfrontasionisties moet optree en die leierskap van ons opponente wat daarvoor verantwoordelik is aanspreek. Van ons lede het al sekere groepe krimineel laat vervolg.

Gelukkig maak die nuutgeskepte TEC en sy subkomitees breedvoerig voorsiening hoe die probleem van intimidasie op 'n veelparty-basis hanteer moet word.

# Hoeveel langer moet 'n siekte wat 36 mense elke dag laat sterf dié behandeling kry?

Wat gaan ons laat besef hóé ernstig tuberkulose geword het? Dit laat meer mense per dag sterf as padongelukke, politieke geweld en selfs VIGS. 'n Kwartmiljoen mense het dit reeds. Tog is ons só geneig om dit te ignoreer.

---

Hoewel die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Vereniging alles moontlik doen om TB te voorkom, is die beskikbare fasiliteite nie in staat om die groeiende epidemie die hoof te bied nie.

---

TB raak buite beheer. Dis tyd dat ons drastiese maatreëls daarteen neem. Voor dit te laat is.

---

TB is 'n siekte wat niemand ontsien nie. Ryk of arm. Swart of wit. Ons almal is in gevaar. Enigiemand kan daaraan sterf. Meer as 13% van alle kinders wat in 'n SANTA-veldtog getoets is, het 'n primêre infeksie van tuberkulose onder lede gehad. En dit groei elke dag.

---

TB is aansteeklik en kan net deur 'n kiem veroorsaak word. Ondervoeding vererger die toestand. Dit begin met 'n hoes wat nie wil weggaan nie, en dan moegheid veroorsaak, nagsweet en bloed in die speeksel. Maar die ontstellendste aspek van TB is dat baie mense nie weet dit kan voorkom en genees word nie.

---

As u van iemand weet wat enige TB-simptome toon, laat hulle kliniek toe gaan vir 'n ondersoek.

---

As die toetse positief is, moet hulle behandeling kry en dit is volkome gratis. En slegs deur die volledige behandeling te ontvang, genees die TB-pasiënt.

---

Laat almal van ons die TB-probleem konfronteer. Deur weg te kyk, sal TB nie sommer net verdwyn nie. Maar mense sal...

---

Vir meer inligting, skakel asb. ons TB-rooilyn (011) 29-9636, of u plaaslike SANTA-tak.

**Help TB Bestry**




OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TODD

# Met 'n voorgee is dit net 'n droom om teen Ernie Els te speel.



# Maar vir hom kan dit nou 'n nagmerrie wees.

## Sanlam se Kanker-Uitdaagreeks – Ons eerste nasionale pro-am-gholftoernooi.

**Hier** is u kans om die voorste **beroepsgholfspelers** aan te durf!

**Klub**- en **streekwedstryde bepaal wie** in die eindstryd gaan **meeding** wanneer altesame 90 **amateurs** gratis by San Lameer aan die Natalse **suidkus** byeenkom. Hier sal **hulle** die beroepspelers op 'n **pragtige** baan die stryd aansê.

Die enigste **vereistes** is dat u 'n manlike **amateurspeler** met 'n **voorgee** van tussen 0 en 24 en lid van 'n **gholfklub** moet wees – waar u ook **volle** besonderhede kan kry.

**Skryf** u vandag **nog in** – en **slaan** saam met die **kampioene** 'n **dryfhou** teen kanker.

San Lameer

KANKER

KANKER KAN OORKOM WORD

Sanlam

Aangebied saam met die klub Lions International, onder beskerming van die PGA en met die steun van die Suid-Afrikaanse Gholf-federasie. (Reël 1 - 8 Behalwe 7 SAGF/2/93)

LINTAS CAPE 301648/A